# DIE VERSKRIKKING WAT VERSWYG WORD

Oorlog beteken dood en verwoesting en chaos, maar die geweld en verkragting wat teenoor vroue gepleeg word, word dikwels toegesmeer soos CHARNÉ KRUGER se soektog daarna in die Anglo-Boereoorlog dit aan die lig bring.



onder die geledere van die vrouens ontstaan: Was al die lyding, die verliese en ontberings dan verniet?[321] Moes die land waarvoor met goed en bloed betaal is, verloor word?[322]

Mev. Gouws was van mening dat alles wat sy gely en verduur het ter wille van hul onafhanklikheid, onberekenbaar is. Alles wat "ingesit is om vry te wees, was 'n verkwisting! Alles was tevergeefs!... Hoeveel keer het sy nie vir vrede teen enige prys gebid nie en nou dat haar gebede verhoor is, is die vrede verreweg die prys nie werd nie." Sy was van mening dat vrede vir die Afrikanervolk slawerny beteken het en dat dié swakkere volk, onder die sterkere sou moes buig.[323]

Oor die vredeservaring deur die vrouens het mej. Lotz aan Emily Hobhouse soos volg geskryf: "Never can anything worse happen than this unlooked for decision, our independence lost. We were discouraged, deeply distressed and in mourning. Tears were shed, nobody cared to eat or speak. We must lay our hands on our mouths and say: "The Lord shall raise up in His own Time..."[324]

---

321. Oorlogsmuseumdokumenteversameling 5440/1, p. 22
322. Oorlogsmuseumdokumenteversameling 6058/1, **Herinneringe van J.C.E. Scheepers**, p. 1
323. **Herinneringe van J.M. Gouws**, p. 194
324. Oorlogsmuseumdokumenteversameling 155.176/1(a), **Brief van mej. Lotz aan E. Hobhouse**, p. 8

# AFDELING B

## WANDADE GEPLEEG OP VROUE EN KINDERS - BEëDIGDE VERKLARINGS

### 1. Inleiding

In sy werk, *Met de Boerencommando's*, skryf ds. J.D. Kestell in sy hoofstuk "Het vrouweoffer" soos volg: "Gedurende den korten rustijd in den omtrek van Reitz, waar President Steyn en Rechter Hertzog bezig... te schrijven aan die Vorsten van Europa en den President der Vereenigde Staten van Amerika, inhoudende een uiteenzetting van onzen toestand, en vragende of zij hun invloed niet konden doen gelden in belang der Boeren; vooral op punten, die betrekking hadden op de regelen van beschaafd oorlogvoeren en op de vastgestelde beginselen van het volkenrecht, welke beide gruwelijk verontachtzaamd werden door Engeland in zijn strijd met ons..."[1]

Die Haagse Konvensie van 1899 het tot stand gekom as gevolg van die behoefte wat in die negentiende eeu gevoel is om oorlogvoering op 'n meer beskaafde grondslag te plaas. Die doel met die Haagse Konvensie was om die euwels van oorlogvoering te verminder en om as algemene reëls van optrede vir militêre magte teenoor mekaar en teenoor bevolkings te geld.[2] In November 1899 het Groot-Brittanje hierdie konvensie amptelik goedgekeur.[3] Wat gevalle betref wat nie spesifiek deur die bepalings van die Konvensie gedek is nie, lui die Konvensie soos volg:

"In gevalle waarvoor nie in hierdie regulasie voorsiening gemaak word nie, bly die bevolkings en die oorlogvoerende partye onder die beskerming en geldingsgebied van die beginsels van

---

1. Kestell, J.D., **Met de Boerencommando's**, p. 200
2. Sien W.T. Stead, **Methods of Barbarism**, pp. 16 e.v.
3. Sien W.T. Stead, **Methods of Barbarism**, pp. 5 e.v. en J. Ploeger, **Die Lotgevalle van die Burgerlike Bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902**, dl. 3, pp. 26 : 4 e.v.

die internasionale reg, soos dit voortvloei uit die gebruike gevestig tussen die beskaafde volkere uit die wette van die mensdom en die vereistes van die openbare gewete."[4]

Die doel van hierdie bepaling was om te voorkom dat militêre aanvoerders in gevalle wat nie spesifiek deur die Konvensie gedek word nie, hul eie arbitrêre oordeel gebruik.[5]

Verskeie bepalings van die Konvensie het spesifiek op die onmenslike behandeling en fisiese benadeling van die bevolking betrekking gehad en die beskerming van persoonlike besittings en eiendom as doelwit gehad.

Die belangrikste bepalings in hierdie verband was artikels IV, VII, XXVIII, XXV, XLIV, XLVI, XLVII en L van die Konvensie.[6]

Artikel IV het bepaal dat krygsgevangenes menslik behandel moes word en dat al hul persoonlike besittings, behalwe wapens, perde en militêre dokumente hul eiendom bly.

Artikel VII het die plig op die regering in wie se hande krygsgevangenes val, geplaas om hulle te onderhou. In die afwesigheid van 'n spesiale ooreenkoms tussen die oorlogvoerende partye het die plig op oorlogvoerende partye gerus om krygsgevangenes ten opsigte van voedsel, huisvesting en kleding op gelyke voet te behandel met die troepe wat hulle gevang het.

Artikel XXVIII het uitdruklik die plundering van 'n stad of plek verbied, selfs al is dit stormenderhand ingeneem.

Volgens artikel XXV was dit verbode om stede, nedersettings, wonings of dorpe wat nie verdedig word nie, aan te val of te bombardeer.

---

4. Ibid., p. 17
5. Idem.
6. Vir die inhoud van hierdie bepalings, sien Ibid, pp. 16.31 en E. Hobhouse, *Die Smarte van die Oorlog*, xiii-xiv.

Ingevolge artikel XLIV is enige dwang om die bevolking van 'n besette gebied tot militêre operasies teen sy eie land oor te haal, verbied.

Artikel XLVI het uitdruklik daarvoor voorsiening gemaak dat familie-eer en -regte, individuele lewens en private eiendom, sowel as godsdienstige oortuigings en vryheid gerespekteer moes word en dat private eiendom nie gekonfiskeer mag word nie.

Ingevolge artikel XLVII is plundering uitdruklik verbied.

Artikel L het verbied dat 'n algemene straf, geldelik of andersins toegepas kon word op 'n bevolking as gevolg van dade van individue waarvoor die bevolking nie kollektief verantwoordelik gehou kon word nie.

Ten spyte van hierdie reëls met die oog op beskaafde oorlogvoering, het die Britse magte feitlik elkeen daarvan na willekeur oortree en die bevolking aan skandelike en swak behandeling blootgestel.[7] Die eiendom van die burgerlike bevolking is op groot skaal geplunder, vernietig en weggevoer, huise is afgebrand, met dinamiet opgeblaas, doelbewus afgetakel of aan bombardemente en kleingewuurvuur blootgestel.[8]

Respek vir persoonlike vryheid, lewe en fisiese integriteit het tot ongekende laagtes gedaal. Vroue is gedreig, gevloek, aangerand en verkrag, terwyl kinders dikwels op 'n onsimpatieke en selfs brutale wyse behandel is.[9]

Ds. Kestell vervolg met dit wat reeds hierbo aangehaal is: "Tegelijkertijd beijverde zich Rechter Hertzog beëdigde verklaringen te verzamelen van vrouwen en anderen, die onder de barbaarschheden der Engelse soldaten en der swartes in dienst des vijands geleden hadden. Ik kreeg inzage in deze verklaringen

---

7. Sien C. Boissevain, **De Wet der Natiën en de Wet der Menschelijkheid** ; J.M. Robertson, **The Truth about the War** en J.H. Breytenback, **Die Betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog**, pp. 18, e.v.
8. Sien afdeling B **infra.**
9. Vgl. **ibid.**

en moet het erkennen dat ik nooit treuriger lezenstof had." Hy het self in die onderhawige hoofstuk "een en ander" uit die verklaringe aangeteken.

Die beëdigde verklaringe van persone - meesal vroue - wat tydens die oorlog ingewin is om die brutaliteit jeens vroue en kinders aan die kaak te stel, is uit Nederlands vertaal, sonder om die strekking of inhoud daarvan te verander.

Uit hierdie verklarings kan 'n beeld gevorm word van die mate waartoe die Britse magte die reëls van die Haagse Konvensie oortree het. Die bewoording van sommige verklarings moes geparafaseer word vanweë die skokkende, onsmaaklike en weersinwekkende gebeure wat daarin beskryf word. In sodanige gevalle is parafraserings met 'n asterisk aangedui.

## 2. Verklaring voor J.H. Hattingh, assistent-hoofkommandant

### 2.1 Plundering

Ek, Johanna van Niekerk van die plaas Koornspruit, distrik Kroonstad, waar 'n veldhospitaal opgerig is, sweer en sê dat op 8 Maart die vyand by bogemelde veldhospitaal verbygetrek het en die hospitaal geplunder het, medisyne en ander benodigdhede vir die hospitaal uitgegooi en verwoes en selfs die siek en gewonde mense weggeneem het, sowel as twee van die hospitaalbeampte deur die vyand weggevoer. Slagvee, melkkoeie, meel en ander eetware is deur die pasiënte. Slagvee, melkkoeie, meel en ander eetware is deur die vyand weggevoer. Op 9 Maart het die beamptes wat deur die vyand weer losgelaat is, na die hospitaal teruggekeer.

Die vyand wat verby die hospitaal in die rigting van die Valsrivier getrek het, het op Woensdag 12 Maart teruggekeer; of dit presies dieselfde kolonne is wat op die agtste Maart hier verbygetrek het is aan my onbekend.

Op 'n baie onbeskaafde wyse het hulle by die hospitaal aangekom; hulle het selfs op die hospitaal geskiet waar vier skote in die hospitaal gevuur is op 'n afstand wat aan my onbekend is. 'n Vyfde skoot is in die hospitaal op 'n kort afstand deur een van die gewapende <Swartes> gevuur wat sy geweer deur die

venster gesteek en gevuur het waar 'n siek man wat aan koors gely het gelê het. My dogter wat voor dieselfde venster gestaan het is byna deur die koeël getref wat deur die <Swarte> gevuur is.

'n Gedeelte van die vyand wat om die hospitaal gejaag het na die voorkant van die huis - 'n Swarte - het homself gereed gemaak om 'n skoot deur die venster in een van die kamers te skiet, waarop ek my hande opgesteek het en gesê het: "Moenie skiet nie, dit is 'n hospitaal!" Daarop het meneer van Niekerk en die heer Sybrand - beide hospitaalbeamptes - uitgekom en is [deursoek]. Een van die vyandelike persone, ek meen dit is 'n luitenant, het toe aan die kleurlinge bevel gegee om die hospitaal te [deursoek]. Dit het herhaaldelik gebeur, waarop ek my kappie geneem het, my kinders geroep het en gesê het: "Ek gee die hospitaal aan die vyand oor, ek gaan uit, verbrand dit nou maar." Daarop het hulle uit die hospitaal gegaan nadat hulle 'n gewonde burger wat reeds sterwend was en 'n burger wat aan koors gely het, en selfs die hospitaalbeampte, weggeneem het. Die beamptes is deur <Swartes> te voet van die hospitaal weggeneem. Dit is nie 'n kwart van die woeste behandeling en [skade] van die vyand aan die hospitaal gedoen nie.

*Johanna van Niekerk*

*Beëdig voor my te Koornspruit op hede die vierde dag van Maart 1902, J.H. Hattingh, distrik Kroonstad.*

## 3. Verklarings voor C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant en spesiale landdros

### 3.1 Wegvoering en dreigemente van fisiese leed

Verklaar voor my C.C. Froneman, spesiale landdros vir die distrik Ladybrand, O.V.S. te Blanco, distrik Ladybrand op 26 Februarie 1902.

Catharina Josina Koen, eggenote van kmdt. J.J. Koen, distrik Ladybrand, O.V.S. sweer en sê:

Op die 27ste Januarie 1902 het 'n Engelse patrollie onder bevel van genl.-maj. Knox gekom <om> my teen sin en wil en met dreigemente van my woning Blanco, distrik Ladybrand, weg <te> neem. Eers het hy 'n bevel aan 'n onder-offisier gegee om my na die kamp te bring, al moes hy my te voet met my kindertjies aanjaag. Die jongste kindjie was slegs een maand oud, maar gelukkig het hulle die môre 'n kar van ons mense buitgemaak, waarmee hulle my toe vervoer het. Ook het hulle ander vroue nl. mev. Hans Peyper en mej. Ansie le Roux gevange geneem.

Ons is die eerste dag vervoer tot op die plaas Impukanis, slegs met die een kar (twee sitplek) waar ons die nag onder die bome byna sonder beddegoed moes deurbring, met 'n swakke kindjie, nieteenstaande <die feit> dat die weer die nag onstuimig en koud was. Die volgende dag is ons vervoer na Maquatlingsnek waar ek soos 'n misdadiger ter verhoor gekom het. Daarna moes ek weer soos 'n misdadiger voor kolonel Pilcher kom. Hy (Pilcher) het aan my gesê dat my man, die kommandant, die vorige dag 'n geveg gehad het waarin hy 18 [Swartes] wat onder hom (kolonel Pilcher) in die oorlog gedien het, <gevange geneem het>.

Pilcher het gesê dat indien kommandant Koen die 18 gevange [Swartes] laat doodskiet, dan sal hy die ander 1 000 [Swartes] wat hy nog onder hom gehad het die vryheid gee om volgens hul begeertes met my te handel. Ek het toe gesê dat ek niks daaraan kan doen nie, waarop hy my toe antwoord dat sy [Swartes] onskuldig is. Toe was ons nog altyd sonder beskerming in die ope lug, aan weer en wind, koue en hitte, blootgestel. Hoewel ek verskeie male vir 'n tent gevra het is dit my telkemale geweier, maar die aand het 'n kolonialer gekom wat vir my 'n bokseil oor 'n wa getrek het waar omtrent 18 vroue en kinders moes skuiling neem teen die [harde reën].

Toe Pilcher verneem het dat die kolonialer vir ons 'n skerm gemaak het, het hy met hom 'n yslike lawaai opgeskop. Ons het toe van Maandagmôre tot Woensdagaand niks te ete gekry nie. Rou vleis, kakie-klinkers, en 'n bietjie koffie en suiker is deur 'n kolonialer aan ons [as 'n guns] gegee.

Brandstof moes ons selfvoorsien nieteenstaande <die feit dat> ons op 'n kale bult was, en verbied is <om> na van die tente te gaan om brandstof te soek, wat daar hoegenaamd nie verkrygbaar is nie. Vanaf Maquatlingsnek is ons op oop trolliewaens vervoer wat met hawersaad belaai was, blootgestel aan son en wind, tot by die plek van wyle generaal J. Ferreira.

Dit het toe so gereën dat ons deurnat was saam met die klein kindertjies. Dié nag het ons onder 'n bokseil deurgebring met 'n paar komberse. Nadat ons 9 dae so daar deurgebring het is aan my een ou kar en 2 maer perde gegee, terug na my huis, wat deur dieselfde troepe totaal geplunder is en waar ook niks te ete was nie.

*Handtekening van C.J. Koen*

*Aldus gedoen en beëdig voor my op hede die 26ste Februarie 1902, C.C. Froneman, spesiale landdros.*

### 3.2 Poging tot verkragting deur troepe Bernie

Beëdigde verklaring van J.C.P. Nel, distrik Winburg.

Verklaar voor my C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant te Kwaggafontein, distrik Winburg O.V.S. op 26 Februarie 1902.

Johanna Christina Petronella Nel, sweer en sê: Op die 9de Februarie 1902 in die nabyheid van my huis is geveg, en toe dit stil was, het ek na die tuin gegaan waar ek 'n Engelse troep ontmoet het. Hy het my dadelik gevra toe hy by my gekom het om met my 'n onsedelikheid te pleeg, maar ek het direk geweier, en hy het aangehou en wou my tussen die bome inbring, maar ek het my verdedig en gesê dat ek hom liewer 'n brood sou gee. Toe het hy gesê: "Nee, dit wil ek nie hê nie, maar <om> slegs 'n rukkie by u te slaap". Ek het toe steeds nader na die huis gegaan, terwyl hy by my aangehou het om 'n onsedelikheid met my te pleeg. Toe ek in die huis kom, het ek hom weer 'n brood aangebied as hy my ongehinderd sou laat, maar hy het weer die brood geweier. Hy het my geneem en my in die kamer teen die

muur vasgedruk <om> my met geweld te dwing <om> 'n onsedelikheid met hom te pleeg. Maar toe hy my vasdruk het my kindertjies so gehuil en geskree dat hy my losgelaat het en my gevra het om hom dan slegs maar te kus. Toe ek weier het hy in die kamer gegaan waar my baba gelê en slaap het, my baba gesoen en uitgegaan.

*Handtekening van J.C.P. Nel*

*Aldus gedoen en* beëdig voor my op hede die 26ste Februarie 1902, C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant

### 3.3 Aanranding

Beëdigde verklaring van S.J.H. Pelser, distrik Winburg.

Verklaar voor my C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant, te Smaldeel, distrik Winburg, O.V.S. op die 25ste Februarie 1902.

Susarah Jacoba Hendrina Pelser sweer en sê:

Op die 9de Februarie 1902 het 'n Engelse kommando verby ons huis gekom en nadat die hele laer verby was het nog drie (3) troepe by ons gekom. Twee (2) het na 'n ander huis gegaan, omtrent vyftig (50) treë van ons [huis af] en een het by ons huis gebly en vir ons vuur gevra. Nadat die twee (2) ander die huis van mev. Loggerenberg in was het ons 'n geskreeu van mev. Loggerenberg en haar kindertjies gehoor. Toe vra die troep wat by ons was: "Wat is dit?" Ons het by die stoep afgespring, uitgehardloop en gesê dat die een wat by ons was die vrou moes gaan help. Hy het eers geweier, maar ek het die perd uit sy hande geneem en hom voorwaarts gestuur. Toe het hy gegaan en in die deur gestaan waar die twee (2) ander besig was. Ek en my suster het gevlug tot op die bult terwyl dieselfde troep weer by ons gekom het en gesê het dat hy nie weet wat die ander twee (2) gedoen het nie, maar hulle het die vrou op die bed gehad.

Nadat hulle almal weg was het ons teruggekom na ons huis en gesien dat die klere van mev. Loggerenberg geskeur was

en haar gesig vol bloed sodat haar mond en neus laat die middag nog gebloei het. Sy het haar bene vir my gewys, wat stukkend gekrap, rooi van die bloed en vol kneusplekke was.

*Handtekening van S.J.H. Pelser.*

*Aldus gedoen en beëdig voor my op hede die 25ste Februarie 1902, C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant*

## Bernie 3.4 Aanranding deur Britse troepe en poging tot verkragting

Beëdigde verklaring van mev. A.G. van Lobberenberg, 9 Februarie 1902.

Verklaar voor my C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant te Smaldeel, distrik Winburg, O.V.S., die 25ste Februarie 1902.

Anna Gesina van Loggerenberg sweer en sê: Op die 19de Februarie 1902 het twee (2) Engelse troepe by my huis gekom wie se name aan my onbekend is. Elkeen het 'n swaar belaaide muil by hom gehad, en wel nadat die hele Engelse laer, sover my bekend, van generaal Pilcher of Knox verbygetrek het. Dit is ook die laaste twee troepe wat die dag by my was.

Hulle het van hulle perde afgelim en my huis binnegekom; die een gewapen en die ander ongewapen. Ek was in my huis en sonder om iets te sê het een van hierdie troepe my beetgeneem en my in die kamer in gedruk en my op die bed vasgedruk terwyl hy reeds sy gulp oopgehad het en [homself aan my ontbloot het]. Toe skreeu ek so hard as ek kon, en toe kom die ander Engelsman ook die kamer binne en druk my mond so geweldig toe dat hy my mond en wange beseer, sodat my gesig rooi van die bloed was, en in die tussentyd was die ander Engelsman besig, nadat hy my bene ontbloot het, om my bene oop te breek en aldus geprobeer het om my te verkrag. Hulle het my met die worsteling so beseer dat, nieteenstaande <die feit> dat dit al veertien dae gelede is, vandag nog groen en blou kneus- en krapplekke duidelik sigbaar is, sodat ek nog bloed spuug en bedlêend is, maar ek het my so verdedig dat hulle nie hul doel

aan hom gevra het wat hy doen; en daarna ook meer troepe, waarop hy by die wa uitspring en die saal saamneem. Haar wa is toe geplunder sodat sy die aand met die ander agtergeblewe vroue en kinders onder die blote hemel, sonder enige bedekking of kos (selfs haar bietjie kos is geneem) moes vernag.

*Geteken: C.J.S. van der Merwe (Vrou van J.H. van der Merwe)*

## 4.2 Poging tot verkragting en aanranding Bernie

Mev. J.H. van der Merwe[11] verklaar onder eed dat op of omtrent die 26ste November, toe generaal Rimmington deur Villiers na Greylingstasie getrek het, 'n <Swarte> met twee perde by haar huis in die Transvaal gekom het waar sy en mev. Maartens was. Hy het gevra waar die Boere was en het bo-op 'n randjie gegaan. Sy was toe bang, neem 'n byl in die hand en spring in die kamer van mev. Maartens wat swanger was. Die [Swarte] het toe teruggekom en het die vroue beveel om hulle gereed te maak aangesien hy by hulle wou slaap. Mev. van der Merwe het hom hard aangespreek en mev. Maartens het gesê dat sy siek was. Hy het toe gesê dat hy mev. Maartens nie wou hê nie, maar wel mev. van der Merwe, want sy is nog 'n meisie. Mev. van der Merwe gaan toe in die deur staan met die byl in die hand. Hy gooi haar toe met 'n klip op die arm sodat sy die byl laat val en die kamer inspring waar mev. Maartens was. Hy het ook die kamer ingespring en hy gryp haar, maar sy het mev. Maartens vasgeklem sodat hy haar nie kon loskry nie. Later het mev. Maartens flou geword vanweë haar toestand, waarop hy haar losgekry het. Sy het haar onder hom uitgeworstel en het na buite gehardloop. Hy gryp haar weer en werp haar op die grond en hou haar keel toe sodat die bloed by haar mond uitkom. Hy het haar telkens met die vuis en ook met sy gordel geslaan (blou-bont). Terwyl hy met haar besig was het haar tante daarop afgekom, <waarop> hy na sy perde gegaan het. Hy het waarskynlik sy <doel nie> met haar bereik nie, want toe hy weghardloop het hy gesê dat sy 'n vrou was en sy is 'n meisie [?], want hy kon met haar niks uitrig nie. Hy het aan haar gesê dat

11. Vgl. die verklaring by 16.1 infra.

die bevele van sy offisier was dat hulle met die vrouens kon doen wat hulle wou. Hy het ongeveer een en 'n half uur met haar geworstel. Dit is onmoontlik om alles te verklaar wat in die tyd van die worsteling plaasgevind het. Sy was vir agt dae bedlêend.

*Geteken: C.J.S. van der Merwe, vrou van J.H. van der Merwe.*

### 4.3 Aanranding en roof

Beëdigde verklaring van mev. S.J. Fourie van die plaas Jolliekop, distrik Bethlehem.

Hiermee verklaar ek onder eed dat op die 9de September 1900 'n Engelse soldaat, 'n Hottentot en twee [Swartes] by my op die plaas was. Die soldaat het 'n afstand van die huis stilgehou en die Hottentot en twee [Swartes] het toe na die huis gekom en het my gevloek en geneem wat hulle wou in die huis. <Hulle> het toe gedreig om my dood te skiet as ek nie sê waar my man is - dat ek dit moet sê[?].

Hulle wou toe die ringe uit my vinger trek. Toe praat ek mooi en die een - die Hottentot - druk toe die geweer voor my bors en sê: "Staan stil dat ek die ringe uittrek, of ek skiet jou dat jou harslag so waar..." en toe het hy met geweld die ringe uitgetrek en het <hy> my vingers stukkend gekrap. Die soldaat het toe na die huis gekom <en> toe ek by hom kla, toe sê hy: "Jy moet jou bek hou of ek laai jou op die kar en neem jou na Harrismith." Dit sê hy toe in Hollands, maar hy was 'n Engelsman.

*Geteken: S.J. Fourie*

### 4.4 Diere gedood en plundering

Verklaar voor my P. Fourie, waarnemende landdrosklerk van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Magdalena Johanna, huisvrou van D. de Villiers van die plaas Heldefontein, distrik Ficksburg, verklaar onder eed:

My man is nog hier, maar [ongeskik vir diens], omdat hy

reeds 67 jaar <oud> is.

In Junie 1900 het gewapende kleurlinge op my plaas Heldefontein, distrik Ficksburg, gekom. Die kleurlinge was baie brutaal en het al die hoenders op die plaas doodgemaak. Later het een van die kleurlinge my laat weet dat hy sou kom om my om die lewe te bring, en terwyl ek op die plaas Pietersdal, distrik Bethlehem was, is al my eetware uit die huis geneem deur sy majesteit se troepe.

*Geteken: M.J. de Villiers*

*Beëdig voor my hierdie 27ste Februarie 1902, P. Fourie, waarnemende landdrosklerk, distrik Ficksburg.*

### 4.5 Poging tot verkragting

Beëdig voor my P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk, distrik Ficksburg, in die Oranje-Vrystaat.

Marie Elizabeth, huisvrou van A. du Toit, van die plaas Bezuidenhoutskraal - man nog in die veld.

Ek verklaar onder eed dat daar op die 15de Januarie 1902 twaalf (12) troepe by my huis te Bezuidenhoutskraal, distrik Bethlehem, gekom het. Hulle het buite die huis gebly, maar later het elf (11) weggegaan en een (1) het agtergebly en het in my kamer gekom en gepoog om my te verkrag. Ek het gesê dat ek dit sou rapporteer en toe het hy my huis verlaat. Dieselfde nag het ek van my woning weggevlug.

*Geteken: M.E. du Toit*

*Beëdig voor my hierdie 27ste Februarie 1902, te Bankspruit, distrik Senekal, O.V.S., P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk, Ficksburg.*

### 4.6 Poging tot verkragting

Verklaarvoor my P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk,

distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Anna Johanna, huisvrou van Jan de Klerk, woonagtig op die plaas Belvedere, distrik Ficksburg. My man is krygsgevange geneem in Augustus 1900 - tans te Ceylon.

Ek verklaar onder eed dat daar op die 9de Februarie 1902 twee van sy majesteit se troepe by my gekom het op die plaas Kalkoenkrans, distrik Ficksburg, en gepoog het om my te verkrag. Destyds het ek te Kalkoenkrans gewoon. Toe die twee troepe in die huis was het een met 'n gelaaide geweer in die deur gestaan. Ek het baie moeite gehad om hulle uit die huis te kry en later het ek uit die huis gevlug.

*Geteken: A.J. de Klerk*

*Beëdig voor my hierdie 27ste Februarie 1902 op die plaas Bankspruit, distrik Senekal. P.J. Fourie, Waarnemende landdrosklerk.*

## 4.7 Plundering en aanranding

Verklaar voor my P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk van distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Bart Saayman van die plaas Monte Cristo, distrik Ladybrand, tans woonagtig op die plaas Welgevonden, distrik Ficksburg.

Verklaar onder eed dat op die 28ste Februarie 1902 van sy majesteit se troepe hier gekom het en al my eetware uit die huis geneem het. Nadat die troepe weg was het ek niks te ete gehad nie en al die goedere in die huis is deurmekaar gegooi en terwyl ek een (1) van die offisiere om 'n bietjie voedsel gesmeek het om vir my kinders te laat, het hy my 'n hou met die vuis gegee sodat ek byna op die grond geval het.

*Geteken: P.C. Saayman*

*Beëdig voor my hierdie 27ste Februarie 1902 op die plaas*

Magdalena Hermina Fouché sweer en sê: Op of omtrent 10 Februarie 1902 het 'n Engelse patrollie by my huis te Tafelkop gekom. Hulle het my op 'n gruwelike wyse geplunder, alle eetware weggeneem, die offisier het intrek by my in my huis geneem en het my gelas om na sy goedere te kyk, want as daar iets vermis word, of as ek iets aan my Boerevriende gee sal my <huis> afgebrand word. Op die 13de Februarie het 'n Engelsman by my gekom en my gevra om by hom te slaap. Ek het hom nie verstaan nie en sê: "Wat!" Toe het hy my weer gevra, soos wat 'n meid gevra word. Gelukkig het my suster dadelik ook binnegekom en aan haar is ook op dieselfde wyse vrae gestel. Terwyl ons so aangerand is en niks meer te ete gehad het nie, het ons besluit om met ons kindertjies te vlug. Ons moes nege myl in baie warm son te voet vlug, terwyl ons ons klein kindertjies en bondels klere ensovoorts gedra het.

*Aldus gedoen en beëdig voor my op hede die 28ste Februarie 1902.*

*Handtekening van Magdalena Hermina Fouché*

### 3.8 Huis vernietig en diere gedood

Verklaar voor my C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant, te Deelkop, distrik Winburg, O.V.S. op die 11de Maart 1902.

Maria Jacoba Eksteen, Sy sweer en sê: Ek woon te Deelkop, distrik Winburg. Op die 6de Maart 1902 het 'n laer met die grootpad verby my woning onder bevel van generaal Knox gekom.

Die Kakies was rondom my huis. Toe het 'n offisier van sy perd afgeklim en sonder om te praat het hy by die huis ingestap en het die gewapende [Swartes] gekommandeer met die woorde: "Come in boys, breek af, breek af", en hulle het begin om my huis te breek, al die huisraad uitgedra, die plankvloere opgebreek, die deure afgebreek, alle eetware vernietig, alle hoenders, varke ensovoorts doodgemaak en alles weggeneem wat hulle doodgemaak het, sodat ons drie huisgesinne met 14

kinders 'n geplunderde en gebroke huis en een dooie vark gehad het om van te lewe.

Toe ek met die offisier wat heel onvriendelik met my was gepraat het, het hy my met 'n stok gedreig.

Die offisier het my gevra waar my Sabbatkis was en toe ek aan hom gesê het dat ek nie een besit nie, het hy my met 'n stok op my bors gesteek sodat ek agteroor gesteier het.

Die buitegeboue is almal verbrand met alles wat daarin was.

*Geteken: M.J. Eksteen*

*Aldus gedoen en beëdig voor my op die 11de Maart 1902.*

*C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant*

## 4. Verklarings voor waarnemende landdros, Ficksburg (M.I. Fourie) en waarnemende landdrosklerk P.J. Fourie

### 4.1 Onsedelike aanranding en plundering

Mev. J.H. van der Merwe[10] verklaar onder eed dat sy in die laer van kommandant Buys was toe die laer deur generaal Rimington ingeneem is, naby Cornelia, distrik Vrede, op die 2de Oktober 1901. Een van die soldate het by haar wa gekom, waarby sy gestaan het. Hy het haar haar saal gevra wat in die wa was. Hy sê toe dat as sy in die wa sou klim en die tentseil sou aftrek en haar siek sou hou, dan sal die offisier die wa spaar. Sy klim toe in die wa en trek die seil af, waarna hy haar gevra het om by haar te slaap, en toe sy weier het hy haar met geweld gegryp en omdat hy baie sterk was, kon sy nie loskom nie, maar het haar sò verset dat hy nie sy sin met haar kon kry nie. Hy het haar klere van haar lyf geskeur, ja selfs haar onderklere. Toe hy op sy ergste was het 'n ander soldaat gelukkig by die wa gekom, wat

---

10. Sien ook die verklaring 15.1 Infra.

met my kon bereik nie.

Handtekening van A.G. van Loggerenberg

Aldus gedoen en beëdig voor my op hede die 25ste Februarie 1902, C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant.

### 3.5 Mishandeling deur troepe

Beëdigde verklaring van G.S. Peyper, distrik Ladybrand, 28 Februarie 1902.

Gertina Susanna Peyper sweer en sê: Op 27 Januarie het 'n Engelse patrollie onder bevel van Genl.-majoor Knox te Blanco, distrik Ladybrand, by my woning gekom. Ek het twee (2) persone by die vyand geken, naamlik Charles Maher en Boy Trichardt (F. se seun). Hulle het aan my gesê dat ek met my kinders vrywillig met hulle moes saamgaan na hulle kamp, dan sou ons nie geplunder word nie. Maar ek en my dogters het direk geweier om saam te gaan. Toe het die twee (2) persone weggegaan en 'n offisier en drie (3) troepe het gekom om ons te vang. Hulle het my om my lyf en my bene gegryp en het my op hierdie wyse so beseer dat my liggaam blou-bont van kneusplekke was. Toe ons geen kans gesien het om los te kom nie, het ons gesê dat ons ons gereed sal maak om saam te gaan. Hulle het my met 'n kar vervoer en sommige van my dogters te perd tot by Impulkanie waar ons gedurede 'n onstuimige nag onder die blote hemel gelê het. Die volgende oggend het hulle ons laat teruggaan na ons verwoeste wonings. Hoewel ons vir 'n rytuig gevra het is dit vir ons geweier en moes ons te voet die afstand van 'n halfuur te perd aflê, terwyl ons ons bondels gedra het.

*Aldus gedoen en beëdig voor my C.C. Froneman, spesiale landdros, op hede die 20ste dag van Februarie 1902.*

*Handtekening van Gertina Susanna Peyper*

*C.C. Froneman, spesiale landdros, Distrik Ladybrand, O.V.S.*

## 3.6 Geplunder deur Engelse troepe

Verklaring van G.J. Bruwer, distrik Ladybrand, 28 Februarie 1902.

Verklaar voor my C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant, te Haco, distrik Ladybrand, O.V.S., op 28 Februarie 1902.

Getruida Jacoba Bruwer, sweer en sê: Op die 21ste Januarie 1902 het kolonel Pilcher met 'n Engelse patrollie by my op Haco, distrik Ladybrand, O.V.S. gekom. Alle eetware is weggevoer, op barbaarse wyse is ek aangespreek, die huis is op my kop totaal afgebreek en ek moes ses (6) dae sonder kos onder die bome bly. Die 29ste Januarie het daar weer 'n patrollie gekom, wat my teen my sin en wil met my kinders voor hulle perde gedryf het vir 'n afstand van omtrent 'n halfuur te perd, terwyl ek so swanger was dat ek tien (10) dae daarna geboorte geskenk het aan 'n dogtertjie. Die namiddag is 'n stuk vleis wat op 'n ruwe wyse gebraai is op 'n blikplaat aan my voorgesit en alhoewel ons honger was kon ons dit nie eet nie en het die nag onder die blote hemel sonder komberse gebly. Ons is toe al heelwat vrouens daar bymekaar en is die volgende oggend aangesê om terug te gaan na ons verskillende wonings, terwyl slegs mev. Koen gevange geneem is en na die kamp te Maquatlingsnek gebring is. Ons moes onder 'n swaar reënbui ons kinders en bondels dra [en huiswaarts keer] waar alles totaal verbrand, geplunder en verwoes was.

*Aldus gedoen en beëdig voor my op hede die 28ste dag van Februarie 1902.*

*Handtekening van Gertruida Jacoba Bruwer.*

## 3.7 Plundering deur Engelse troepe

Verklaar voor my C.C. Froneman, assistent-hoofkommandant te Haco, distrik Ladybrand op 28 Februarie 1902.

daar deur die troepe en die kleurlinge op my en my kinders gevuur. Toe ek op die plaas Leliefontein in die distrik Ficksburg was in Februarie 1902 is ek en my kinders uit die huis verdryf en al my eetware is weggeneem. Ek moes die hele nag buite bly.

*Geteken: M.P. van Niekerk*

*Beëdig voor my hierdie 27ste Februarie 1902 op die plaas Groenfontein, P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk, distrik Ficksbrug.*

### 4.10 Verwonding deur Britse troepe

Verklaar voor my Matthys Izak Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Maria Elizabeth Wilhelmina Fourie, wat onder eed verklaar:

Ek is 'n dogter van Daniël Casparus Fourie en woon tans te Roodekrans distrik Ficksburg. Op die 18de Januarie 1902 het die vyand op ons huis geskiet, waardeur ek aan my regtervoet gewond is. Ek was in die huis, ek het baie pyn gehad. Dit is nou nog nie gesond nie. Ek kan nog nie op die voet trap nie en moet met behulp van 'n stok loop. Daar was op dié dag geen burgers by die huis of in die onmiddellike nabyheid en vanaf die huis het niemand op die vyand geskiet nie.

*Geteken: M.E.W. Fourie*

*Verklaar voor my te Roodekrans, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat, op hierdie die 27ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros, distrik Ficksburg, in die Oranje-Vrystaat.*

### 4.11 Huis aangeval en verbrand

Verklaar voor my, waarnemende landdros van die distrik, Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Anna Johanna van Niekerk, wat onder eed verklaar:

*Welgevonden, distrik Ficksburg, P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk.*

## 4.8 Aanranding

Verklaar voor my P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Maria Magrietha Kleinbiel, woonagtig op die plaas Middelpunt, distrik Fiksburg, in die Oranje-Vrystaat.

Verklaar onder eed dat daar op die 7de Februarie 1902 twee gewapende kleurlinge op die plaas Middelpunt gekom het. Eers het die kleurlinge op my geskiet en daarna het hulle my twee maal met die rewolwer gegooi en toe verskeie male met die geweer geslaan, sodat my arm 'n hele tyd blou was en daarna het hulle al my geld geneem en gesê dat hulle die reg het om alle geld van vrouens te neem vir die Imperiale Regering. Een van die kleurlinge het voorgegee dat hy 'n sersant is.

*Geteken: M.M. Klingbiel*

*Beëdig voor my hierdie 27ste Februarie 1902 op die plaas Bankspruit, distrik Senekal, P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk, Ficksburg.*

## 4.9 Poging tot moord en plundering

Verklaar voor my P.J. Fourie, waarnemende landdrosklerk van die distrik Ficksburg, in die Oranje-Vrystaat.

Maria Petronella van Niekerk, vrou van Ignatius van Niekerk - die man is in Augustus 1900 krygsgevange geneem en is tans te Ceylon.

Genoemde Maria Petronella van Niekerk van die plaas Mooihoek, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat, verklaar onder eed dat in Februarie 1901 van sy majesteit se troepe en ook gewapende kleurlinge op my plaas gekom het en al my vee weggeneem het en terwyl ek probeer het om die vee te red is

Ek is die vrou van Hermanus J. Steyn, ex-kommandant van die distrik Ficksburg en woon tans te Roodekrans, distrik Ficksburg. In die maand Desember 1901 was ons woonagtig te Slootkraal <in> hierdie distrik. <Toe> het die vyand by ons aan huis gekom en het soveel goedere uit die huis geneem as wat hulle [wou]. Daar <was> Blankes en gekleurdes van die vyand. Hulle was baie brutaal en het al ons voedsel weggeneem. Hulle het gedreig om die huis aan die brand te steek. Een van die soldate het gedreig om my dogter Catharina met <'n> geweer te skiet omdat sy teen die werp van goedere op <die> grond <beswaar gemaak het>. Een van die offisiere het aan die soldaat bevel gegee om my dogter te skiet. Ek glo dit was generaal Knox se kolonne, hulle het die meel by die deur van die huis uitgegooi en toe 'n perd daarna doodgeskiet en daar gelaat. Hulle was uiters brutaal - sowel Blankes as gekleurdes. Die huis op Slootkraal is sedertdien afgebrand deur die vyand. Ons woon sedert September 1901 te Roodekrans. Op die 10de Februarie 1902 het die vyand te Roodekrans gekom en die huis verbrand wat deur ons bewoon is. 'n Soldaat het gekom en gesê dat ons ons gereed moes maak aangesien hulle kom om die huis af te brand. Ek het hulle gevra of ons van die goedere uit die huis kon neem en hy het geantwoord dat ons van die ander wat agter aangekom het moes vra. Ons het van die goedere uit die huis geneem; die tafels en ander meubels is in die huis deur [Swartes] van die vyand aan stukke geslaan en die [Swartes] was gewapen. Die huis is toe aan die brand gesteek. Daar was 'n Blanke soldaat en die ander almal [Swartes] toe die huis aan die brand gesteek is. Een [Swarte] het aan my gesê dat ons moes stil bly anders sou hy van die ander goedere ook nog kom vat. Ons het toe na 'n ander huis gegaan. Die laer van die vyand het 'n ent van die huis gestaan. Op die 9de Februarie 1902 het vyf [Swartes] en 'n Hottentot, wat hom [as 'n offisier voorgedoen het] by ons gekom, almal gewapen en komende van die vyand se kamp. Hulle het in die huis gegaan en seep en ander goedere geneem. Hulle het die deur oopgemaak en ingegaan sonder om te vra <om> iets te sê. Op die 21ste, Vrydag, was van die vyand - almal Blankes - weer by ons onder 'n korporaal en alle voedsel uit die huis geneem en 'n hond in die huis doodgeskiet.

Ek bly nou in 'n huis wat ook verbrand is, maar weer

Ek is tans woonagtig te Roodekrans, distrik Ficksburg, en vrou van Izak van Niekerk. Ons was vroeër woonagtig te Franshoek <in> hierdie distrik. Ons huis daar is reeds vroeër deur die vyand afgebrand en ons het hierheen gevlug. Die families van Daniël Fourie, Sarel Venter en Tjaart Venter het in dieselfde huis gewoon, maar in verskillende vertrekke. Op 18 Januarie 1902 is <daar> verskriklik deur hulle op die huis gevuur en Maria Fourie, dogter van Daniël Fourie, is in die huis deur die vyand gewond. Op Sondag 9 Februarie 1902 is die huis deur die vyand verbrand <tesame> met die goedere <daarin>. Ek het slegs my bed en 'n kis uitgekry. Die meeste van my goed is reeds te Franshoek verbrand. Ek het omtrent twee emmers meel uitgekry. Daar was Blankes en gekleurdes van die vyand, almal gewapen. Die kleurlinge was baie brutaal met my. Daar was geen burgers of ander manspersone van die Vrystaat by die huis. My eggenoot het in die berg gevlug voor die vyand. Hy is al sedert 9 Januarie van die huis. Hy is 50 jaar oud en sieklik en ly nou al 21 jaar aan vallende siekte. Hy is 'n hulpelose persoon wat niks kan doen <nie>. Hy het nooit 'n wapen in die oorlog <op> geneem nie, as gevolg van sy siekte. Hy is totaal onbekwaam vir enige diens. Op 10 Februarie 1902 is hy deur die vyand gevange geneem en weggevoer. [Die afgelope] nege jaar het die siekte sy verstand ook aangetas. Hy is dus sleg van geheue en totaal onbekwaam om iets te doen. Op die 24ste Februarie 1902 is 'n bed en alle eet[?]ware geneem. Na die afbrand van die huis moes ek drie dae in die ope lug bly.

*Geteken: A.J. van Niekerk*

*Verklaar voor my te Roodekrans, distrik Ficksburg, op hede die 27ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros, Ficksburg, Oranje-Vrystaat*

## 4.12 Roof, plundering, dreigemente en huis afgebrand

Verklaar voor my waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Eva Catharina Adriana Steyn, wat onder eed verklaar:

gekom en van die goedere geneem wat uit die huis verwyder is. Ek het daarteen beswaar gemaak en hy - die [Swarte] - het gesê hy was net soveel baas as die Engelse en dat hy hom nie aan hulle steur nie, aangesien hy net so geskool as hulle was. Die vyand het al my voedsel geneem en wou nie eens 'n stukkie brood vir my laat om te eet nie. Hulle het toe die huis aan die brand gesteek en geheel <en al> verbrand. Hulle het my gelaat sonder enige voedsel. In dieselfde huis, maar in ander vertrekke was ook die families van Izak van Niekerk, Daniël C. Fourie en by my die familie van Tjaart Venter. Die kleurlinge was uiters brutaal met ons. Hulle (die kleurlinge) het ook gesê dat die jong meisies hulle vrouens word. My dogter Magdalena, eggenote van Tjaart Venter, is deur een van die soldate aangerand met poging tot verkragting op 9 Februarie. Hy het haar aan die gesig gevat en op <die> bed neergedruk, maar sy het ontsnap en uit die kamer gespring. Ons moes twee nagte in die ope lug deurbring alvorens ons 'n klein gedeelte van die huis onder dak gekry het. Ek het vyf kinders by my, waarvan die jongste vyf jaar oud is en hulle moes twee dae en nagte in die ope lug deurbring sonder behoorlike voedsel en daarna in 'n baie klein vertrek.

*Geteken: M. Venter*

*Verklaar en beëdig te Roodekrans, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat, op hede die 27ste Februarie 1902.*

### 4.14 Vrou weggevoer

Verklaar voor my waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Catharina Gertruida van Eeden, wat onder eed verklaar:

Ek is die vrou van Frans van Eeden van die plaas...[?] in hierdie distrik, maar nou tydelik woonagtig te Langenek [?], distrik Ficksburg. Op of omtrent die elfde dag van Mei 1901 het die vyand mevrou Olivier, eggenote van Gert Olivier, 'n krygsgevangene, gevange geneem op die plaas Moolmanspas [?] in hierdie distrik. Die vyand se kamp het te Kommandonek in hierdie distrik gestaan. Mev. Olivier is op 'n kanon of kanonwa

herstel <is>. Sedert ons te Roodekrans is, is daar nooit deur enige burger of ander persoon van die Oranje-Vrystaat op die vyand geskiet nie. My dogter M. Duminy [?] bly by my <aan>huis. Sy het klein kindertjies en sy moes sonder voedsel bly. Hul vader is <'n> krygsgevangee. Twee ongetroude dogters is by my aan huis.

*Geteken: E.C. Steyn*

*Verklaar voor my te Roodekrans, die distrik Ficksburg, O.V.S., op die 27ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros, Ficksburg, O.V.S.*

### 4.13 Huis gebombardeer en geplunder

Verklaar voor my waarnemende landdros van die distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat.

Magdalena Martha Susanna Venter, wat onder eed verklaar:

Ek is die vrou van Sarel Venter en woon tans te Roodekrans. Ons het vroeër te Boschrand <in> hierdie distrik gewoon. <Ons> is sedert 1 Januarie 1902 alhier. Op 18 Januarie 1902 het die vyand verskriklik met klein gewere op die huis gevuur <en> ook met kanonne oor die huis geskiet. Daar was <geen> burgers op hierdie stadium by die huis <en> ook nie in die onmiddellike nabyheid nie. Daar was geen manspersoon by die huis nie. Die vyand was naby die huis. Die jong meisie Marie Elizabeth Wilhelmina Fourie, dogter van Daniël Fourie, is op dié dag in die huis gewond deur haar voet. Sy het baie pyn gely as volg van die wond. Die wond het nou nog nie genees nie en sy kan nog nie sonder hulp loop nie. Van die vyand het dié dag nie na die huis gekom nie.

Op die 9de Februarie 1902 het van die vyand na die huis gekom. Hulle was Blan es en kleurlinge en almal gewapen. Hulle het aan my gesê dat ulle gekom het om die huis af te brand <en> dat ons slegs s beddegoed kon uitneem. <Ons> het enkele artikels uit die huis geneem. Een van die [Swartes] het

gekom en van die goedere geneem wat uit die huis verwyder is. Ek het daarteen beswaar gemaak en hy - die [Swarte] - het gesê hy was net soveel baas as die Engelse en dat hy hom nie aan hulle steur nie, aangesien hy net so geskool as hulle was. Die vyand het al my voedsel geneem en wou nie eens 'n stukkie brood vir my laat om te eet nie. Hulle het toe die huis aan die brand gesteek en geheel <en al> verbrand. Hulle het my gelaat sonder enige voedsel. In dieselfde huis, maar in ander vertrekke was ook die families van Izak van Niekerk, Daniël C. Fourie en by my die familie van Tjaart Venter. Die kleurlinge was uiters brutaal met ons. Hulle (die kleurlinge) het ook gesê dat die jong meisies hulle vrouens word. My dogter Magdalena, eggenote van Tjaart Venter, is deur een van die soldate aangerand met poging tot verkragting op 9 Februarie. Hy het haar aan die gesig gevat en op <die> bed neergedruk, maar sy het ontsnap en uit die kamer gespring. Ons moes twee nagte in die ope lug deurbring alvorens ons 'n klein gedeelte van die huis onder dak gekry het. Ek het vyf kinders by my, waarvan die jongste vyf jaar oud is en hulle moes twee dae en nagte in die ope lug deurbring sonder behoorlike voedsel en daarna in 'n baie klein vertrek.

*Geteken: M. Venter*

*Verklaar en beëdig te Roodekrans, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat, op hede die 27ste Februarie 1902.*

### 4.14 Vrou weggevoer

Verklaar voor my waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Catharina Gertruida van Eeden, wat onder eed verklaar:

Ek is die vrou van Frans van Eeden van die plaas...[?] in hierdie distrik, maar nou tydelik woonagtig te Langenek [?], distrik Ficksburg. Op of omtrent die elfde dag van Mei 1901 het die vyand mevrou Olivier, eggenote van Gert Olivier, 'n krygsgevangene, gevange geneem op die plaas Moolmanspas [?] in hierdie distrik. Die vyand se kamp het te Kommandonek in hierdie distrik gestaan. Mev. Olivier is op 'n kanon of kanonwa

vervoer van waar sy gevang is. Sy is by my huis verby geneem na die kamp. Van... na Kommandonek is ongeveer nege myl. Hulle het met haar deur die veld gery, onverskillig of daar slote of poele is. Sy was nie op 'n behoorlike rytuig, wa of kar en het geskyn heel ongemaklik te ry.

*Geteken: C. van Eeden.*

*Verklaar voor my te Langenek, distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat, Matthys Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat.*

**4.15 Invalide weggevoer**

*Verklaar voor my Matthys Izak Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat.*

Jacobus Johannes van Niekerk, wat onder eed verklaar:

Ek is kommandant van die distrik Ficksburg. Izak Andries van Niekerk wat op 10 Februarie 1902 deur die vyand te Roodekrans in hierdie distrik krygsgevange geneem is, is my halwe broer en het by my <op> die plaas gewoon. Hy ly ongeveer 21 jaar aan vallende siekte. Hy is onbekwaam vir enige werk of diens, en swaksinnig. Hy moet behandel en gehelp word soos 'n kind. Hy het nooit krygsdiens gedoen in hierdie oorlog nie. Hy is 'n geheel hulpelose persoon. Hy kan nie te perd ry nie.

*Geteken: J.J. van Niekerk*

*Verklaar voor my te Kalkoenkrans, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat, op hede die 28ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg, O.V.S.*

**4.16 Graan vernietig en huis aangeval**

Verklaar voor my Matthys Izak Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.

Susanna Johanna Catharina Beatrix Fick, wat onder eed

verklaar:

Ek is die huisvrou van Johan I.J. Fick, 'n krygsgevangene, en woon te Roodekrans, distrik Ficksburg, O.V.S. My eggenoot is met Prinsloo se oorgawe krygsgevange geneem. Die vyand het al my graan verniel en verbrand, ook my brood[?] Op of omtrent die 9de Februarie 1902 het die vyand verskriklik met kleingeweer <-vuur> op my huis geskiet. Ons was in groot gevaar en daar was slegs vrouens en kinders by die huis. Daar was geen burgers of ander manspersoon van die Vrystaat by die huis. Daar is nie van die huis of nabyheid op <die> vyand deur burgers of ander persone geskiet nie. Ek woon al lank hier - 'n ruime tyd voor die oorlog, en was altyd gedurende die oorlog hier. Gedurende die oorlog was <daar> nooit van die huis of nabyheid op die vyand geskiet nie. Varke en al die pluimvee is deur die vyand gedood of weggevoer, asook alle ander vee.

*Geteken: S.J.C.B. Fick*

*Verklaar voor my te Roodekrans, distrik Ficksburg, op hede die 28ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat.*

### 4.17 Kwaadwillige beskadiging van eiendom

Verklaar voor my, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg.

Jacoba Hendrina Scheepers, wat onder eed verklaar.

Ek is die vrou van Jan Scheepers en woon tans te Roodekrans. In Desember 1901 was ek op die plaas...[?] waar die vyand ons goedere verniel het. Op Sondag die 9de Februarie 1902 het gewapende kleurlinge by ons aan huis gekom en gesê dat ons ons goedere uit die huis moes neem, aangesien hulle bevele gehad het om die huis af te brand. Hulle was baie parmantig met ons.

Maandag het Blankes en gekleurdes van die vyand gekom - almal gewapen - en het van my goed geneem en die huis aan

die brand gesteek. Hulle was toe brutaal. Hulle het al my meel geneem.

Op die 21ste Februarie 1902 het die vyand weer gekom. Die korporaal het in die huis gekom, al die trommels oopgebreek en verskillende artikels geneem - ook met brood, waarvan ek 'n klein gedeelte terug geruil het. Een van my seuntjies, 10 jaar oud, het ek meisieklere aangetrek. Hy is deur die vyand gevang en weggevoer. Hulle het my belowe dat hulle hom slegs na die kamp neem en weer <sal> terugbesorg, maar hy het nie weer terug gekom nie.

*Geteken: J.H. Scheepers*

*Verklaar voor my te Roodekrans, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat, op hede die 27ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat.*

**4.18 Driegemente en swak behandeling**

Verklaar voor my Matthys Izak Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Ornaje-Vrystaat.

Martha Catharina van Niekerk, wat onder eed verklaar:


Ek is die vrou van Gert van Niekerk en woon tans te Roodekrans, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat. My eggenoot is <'n> krygsgevangene sedert Julie 1900. Op Sondag die 9de Februarie het 'n aantal gewapende [Swartes] by ons aan huis gekom. 'n Hottentot was by hulle, wat [hom as 'n offisier voorgedoen het]. Die kamp van die vyand was in die nabyheid en die kleurlinge het van daar gekom en het in die huis gegaan sonder om te vra. In die slaapkamers was die vrouens, hulle was baie brutaal. Die Hottentot het <met> my op aller barbaarse wyse aangespreek en gedreig <om my> met sy geweer te slaan. Die volgende dag het die vyand gekom - Blank en gekleurd - om die huis op ons af te breek. Die meeste was kleurlinge. Hulle het gesê dat ons die goedere uit die huis moes neem. Hulle het die deure, vensters en solders uit die huis gebreek en het die hout weggeneem. Wat hulle nie kon vervoer nie het hulle verbrand.




Mev. C.P. (Totie) Greeff, gedurende
die oorlog aangehou in die kerk te Lichtenburg
(Foto: Versameling prof. P.H. du Preez)



**'n Britse offisier neem 'n dreigende houding in teenoor Boervroue wat weier om die plaas te verlaat**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**




**Meubels word uit 'n Boerewoning verwyder**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**




Waardevolle meubels, o.m. 'n klavier en traporreltjie, word gebuit.
(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)



Opdrag voltooi! Boerewoning deeglik afgebrand
(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)



**Graan op die plaas word verbrand**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**




**Wat gered kon word reeds buite opgestapel, terwyl die woning begin brand**
**(Foto: Oorlogsmüseum, Bloemfontein)**




**Beeste in 'n kraal saamgejaag word sonder meer doodgeskiet**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**



**'n Verhaal sonder woorde uit die Anglo-Boereoorlog**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**




**Boervrouens en hul kinders word weggevoer konsentrasiekamp toe**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**



**Aankoms van gesinne in 'n konsentrasiekamp**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**



**Die terugkeer na 'n verwoeste plaas, en moontlik nog sonder 'n eggenote of 'n moeder wat in die kamp omgekom het**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**



**'n Murasie, 'n paar struike en 'n perskeboom is al wat teen Junie 1902 die verwoesting oorleef het**
**(Foto: Oorlogsmuseum, Bloemfontein)**



**Foto van vroue geneem tydens hul aanhouding in Cradock se tronk.**
**Agter: Hendrina van Heerden, Baby Pretorius, Martha de Klerk.**
**Middel: Anna (Pop) Hattingh, mev. Martha Brooks (néé Bekker), Anna Hattingh.**
**Voor: Fien Smit, Truia Smit**
**(Foto: Versameling C. Botha)**

woonagtig en solank as wat ek hier is, is <daar> nog nooit deur 'n burger of ander persoon van die huis op <die> vyand geskiet nie.

Verlede Donderdag was van die vyand weer by my aan huis en het al my meel en beddeslope geneem. Ek het vier klein meisies by my en ons moes sonder kos bly.

*Geteken: A.C. van Rensburg*

*Verklaar voor my te Roodekrans, distrik Ficksbrug, in die Oranje-Vrystaat, op hede die 28ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat.*

**4.20 Huis gebombardeer en afgebrand**

Verklaar voor my Matthys Izak Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg.

Magdalena Maria Barendina Fourie, wat onder eed verklaar:

Ek is die vrou van Daniël Casparus Fourie en woon tans te Roodekrans, distrik Ficksburg. Op die 18de Januarie 1902 is deur die vyand op my huis geskiet met kleingewere. Hulle het met kanonne oor die huis geskiet. In die huis het ek vier koeëls gevind. In dieselfde huis was ook die familie van Izak van Niekerk, Sarel Venter en Tjaart Venter. Ons is tydelik hier woonagtig. My dogter Maria Elizabeth Wilhelmina is op dié dag in die huis deur haar voet gewond. Op dié dag was daar geen burgers by die huis nie. Daar is ook nooit vanaf die huis deur enige burger geskiet sedert ek hier woonagtig is, - dit is vanaf November 1901. Toe <daar> op die huis geskiet is, was daar geen burgers in die onmiddellike nabyheid van die huis nie. Op die 9de Februarie 1902 het die vyand die huis deur my bewoon afgebrand.

Die kamp van die vyand het 'n ent van die woning gestaan. Van die vyand het na die huis gekom. Hulle was gewapen. Daar was ook gewapende kleurlinge met hulle. Hulle het gesê dat hulle van generaal Rundle se kolonne was. Hulle

was baie onbeleef. Een het <aan> my gesê dat ek van die goedere kon uitneem alvorens die huis aan die brand gesteek word. Ek was besig om enkele artikels te verwyder toe een van die [Swartes] by die vyand, wat gewapen was, my onderstebo gestamp het, as gevolg waarvan een van my hande beseer is. Hy was erg brutaal teenoor my. Hulle het die huisraad aan stukke geslaan en aan die brand gesteek, sowel as die huis. Die huis met alles is toe afgebrand, slegs 'n klein vertrek van die huis is nie verbrand nie.

*Geteken: M.M.B. Fourie*

*Verklaar voor my te Roodekrans, distrik Ficksburg, op die 27ste Februarie 1902, Matthys Fourie, waarnemende landdros van die distrik Ficksburg in die Oranje-Vrystaat.*

## 5. Verklarings voor J.J. de Villiers, veldkornet

### 5.1 Burger gefusilleer

Op hierdie 11de Februarie 1902 word verklaar voor my as veldkornet van wyk Molenrivier, distrik Harrismith.

Anna Maria Jacomina Steyn, wat onder eed verklaar:

Ek woon op die plaas Welgegund omtrent 100 treë van die grenslyn van die plaas...[?] waar 'n geveg plaasgevind het op die 28ste Januarie 1902. Ek het 'n klomp van die Engelse 'n kleinerige aantal Boere van agter sien injaag en later het ek 'n ses- of sewetal Engelse gesien agterbly, terwyl die ander Engelse die Boere volg. Die agterblywendes het 'n persoon te voet en so volg hulle ook die ander tot op die wal van die spruit. Toe hou hulle daar hulle perde stil. Terwyl hulle op hulle perde sit het ek die voetganger nog by hulle gesien. Ek het toe teruggekom in die huis, maar het dadelik weer teruggekeer na die plek waar ek gestaan en kyk het (naamlik in my voordeur). Toe het ek die Engelse gesien teruggaan, maar nie die voetganger nie. Ek het dit goed gesien. Dit is omtrent op 'n afstand van 700 treë. Toe kom een van die vyand se [Swartes] by my huis aan en sê: "Ons het een van die Boere doodgeskiet." Toe die vyand weg was, het

ek met 'n kombers daarheen gegaan om die lyk te bedek en toe ek daar kom het ek die lyk gevind van Jim Fourie, op die wal van die spruit waar ek die voetganger laas gesien het.

*Geteken: A.M.J. Steyn*

*Beëdig voor my J.J. de Villiers, Veldkornet Welgegund, 11.02.1902*

## 5.2 Huis aangeval en brutale optrede

Op hierdie 18de dag van Februarie 1902 het verklaar voor my as veldkornet van Wyk Molenrivier, distrik Harrismith.

Mej. Maria Johanna Oosthuizen. <verklaar onder eed>:

Ek woon op die plaas Driefontein. Op die dertigste Januarie 1902 het die Engelse troepe met 'n [geweldige storm op my werf gekom]. Ek was in die huis met my kinders, maar hier was geen manspersoon op die werf nie, behalwe my twee gebreklike kinders, wat nog in die slaapkamer was. Toe hoor ek die geskiet van buite, terwyl hulle 'n koeël by die voordeur inskiet. Toe hulle [binnekom] het hulle gevra of hier geen mans is <nie>. Ek het geantwoord: "Nee, behalwe my twee gebreklike kinders, wat so gebreklik is dat hulle skaars kan kruip." [Toe het hulle gevra of hulle kan skiet]. Toe antwoord my dogter hulle kan skaars eet wat nog te sê skiet. Toe het die Engelsman gesê: "Dan moet ek hulle doodskiet, want waarvoor leef hulle dan?" en hy stap op hulle af met die geweer in die hand, maar het weer omgedraai.

*Geteken:Maria Johanna Oosthuizen*

*Beëdigde verklaring, J.J. de Villiers, Driefontein, 1902.*

## 5.3 Huis gebombardeer

Verklaar voor my te Grootvlei, distrik Vrede, mev. J.P.J. Venter, wonende te Rondehoek, distrik Vrede, Oranje-Vrystaat.

Verklaar voor my hede die 18de Februarie 1902. Die Engelse het die 12de Oktober 1902 uit Vrede na Rondehoek

getrek en die woonhuis van L. Odendaal verbrand en het begin om my huis te bombardeer met 'n lidietkanon en het ook met Lee Metford-gewere geskiet.

Nadat hulle 'n paar skote <gevuur het> moes ek met my moeder en kinders uitvlug en skuiling neem agter koppe en in walle totdat die geskiet opgehou het. Die huis was toe totaal stukkend geskiet.

Dit het gebeur na 'n geveg wat omtrent 2 myl regs van my huis plaasgevind het.

*Beëdig deur my, J.P.J. Venter.*

*Voor my Louis P. Botha, waarnemende kommandant, Vrede, O.V.S.*

### 5.4 Huis gebombardeer en vrou verwond

Verklaar voor my vandag op Tafelkop, distrik Harrismith, mev. A.G.H. Uys, woonagtig te Goedgenoeg, distrik Vrede, O.V.S.

Verklaar voor my hede die 16de Februarie 1902. Die vyand het die 13de Mei 1901 in die rigting van Rooinek opgetrek, waar ek gewoon het. Die Boere was aan die Westekant van my huis. Die Engelse troepe was tussen my huis en die burgers. In die tussentyd was sommige van die troepe besig om agter perde aan te jaag en hulle te skiet. Toe het die troepe begin om op die huis te skiet waar ek 'n skoot deur die linkerwang, in die huis, gekry het. Nadat ek die skoot gekry het, het ek uitgegaan met 'n witvlag. Toe het hulle plotseling opgehou en na die huis gekom. Ek het toe <aan> die offisier gewys hoe dat hulle my geskiet het, maar hy het gesê dat dit die Boere was. Maar die Boere was in hierdie tyd te ver. Hy het toe die koeël opgetel en het self verkaar dat dit 'n Lee Metford-koeël was.

Daarna het die offisier 'n dokter laat kom, wat die wond verbind het.

Die offisier was C.F. Stallard, Paget's Horse, kommanderings-offisier by generaal Elkot se divisie.

Die offisier het my ook gevra of daar Boere in die huis is, waarop ek hom die antwoord gegee het: "Nee!" Hy het toe die waenhuis aan die brand laat steek en voortgegaan.

*Beëdig deur my, A.G.H. Uys*

*Voor my, Louis P. Botha, waarnemende kommandant, Vrede, O.V.S.*

## 6. Beëdigde verklarings voor P.C.J. Fourie, resident-vrederegter, Fouriesburg

### 6.1 Woonhuis verniel en verbrand

Verklaar voor my Philippus Cornelius Jacobus Fourie, waarnemende resident-vrederegter in die dorp Fouriesburg, Oranje-Vrystaat.

Martha Jacoba Reyneke, vrou van J.H.T. Reyneke, van die plaas Waterbron, distrik Ficksburg, O.V.S., verklaar onder eed:

Ek is die vrou van J.H.T. Reyneke van die plaas Waterbron, distrik Ficksburg. Ek woon tans te Brightside, aangesien my woning verniel is deur die Engelse troepe.

Op of omtrent die 14de van hierdie maand het hier Engelse troepe gekom van 'n Engelse kamp wat te Bezuidenhoutskraal gestaan het, waaronder ook 'n Provoos-Geweldiger was. Hy het my en my kinders toe uit die huis beveel en laat alles wat in die huis was uitdra en laat die deure en vensters uitbreek en verbrand en het my belet om weer in die huis te gaan. Hy het ook die graan laat verbrand en het byna al my meel geneem.

Dit alles het hy deur [Swartes] laat doen. Ek het hom gevra waarom hy dit laat doen het. Toe het hy gesê dat dit 'n bevel van lord Kitchener was. Later het ander offisiere daar gekom. Ek het na hul geloop en het hulle gevra of ek in my huis kon gaan. Toe het een gesê ja, ek kan ingaan. Ek moes in die reën buite bly.

*Geteken: M.J. Reyneke*

*Verklaar en beëdig voor my te Brightside, distrik Ficksburg, op hierdie 27ste dag van Februarie 1902, P.C.J. Fourie, waarnemende kommandant in die dorp Fouriesburg.*

Benie

## 6.2 Huis verbrand en onsedelike voorstelle

Verklaar voor my, Philippus Cornelius Fourie, waarnemende resident-vrederegter, Fouriesburg, Oranje-Vrystaat.

Margaretha Johanna Susanna Koekemoer, wat onder eed verklaar:

Ek is die vrou van Dawid Koekemoer. Hy is gevang met die oorgawe van generaal Prinsloo naby Fouriesburg. Ek was woonagtig in die dorp Ficksburg toe hierdie oorlog uitgebreek het en het daar gebly tot die einde van die jaar 1900. Teen die einde van September 1900 het enkele burgers in die dorp Ficksburg gekom, wat toe beset was deur die Engelse.

Die burgers het een van die Engelse gewond en beskiet toe die dorp.

Daarna het 'n Engelse offisier en 'n gewapende [Swarte] - wat beide half dronk was - na my huis gekom en dit verbrand soos dit gestaan het. Ek het slegs 'n bed en 4 kussings uitgekry en die klere wat ek en my kinders aangehad het. Van Ficksburg het ek toe na die plaas van die heer Chris de Jager gegaan.

Daar het toe weer Engelse troepe in die begin van 1901 gekom en het weer alles geneem wat ek byeengebring het en het my weer gelaat slegs met die klere wat ek aangehad het. Ek het toe gaan woon op die plaas Kwaggafontein en daar het toe weer in die maand September 1901, laat in die aand by my huis, 'n gewapende [Swartman] van 'n Engelse kamp gekom, wat by Harmonia gestaan het, en 'n venster oopgemaak en tot voor my kamerdeur gekom en gesê ek moet geen geluid maak nie.

Ek het gevra wat hy wou hê. Hy het gesê hy weet wat hy

soek. Toe ek herhaal het wat hy wou hê, het hy gesê: "Ek wil een van u dogters hê om by te slaap." Ek het toe gesê ek het geen dogter nie. Hy het toe die kamerdeur oopgebreek en gedreig om my te skiet en gevra: "Wat moet ek met u doen?" Ek het gemeen dat hy die kinders sou skiet en het die geweer gegryp.

Hy het toe die geweer uit my hand geruk en gevra wat hy moes doen, of hy moes skiet. Toe het ek gesê: "Moet nie skiet nie." Hy het toe gevra wat die plan van die Boere was, of hulle die stryd wou opgee of nie. My seuntjie het toe die voordeur oopgemaak en toe het die [Swarte] weer teruggegaan. Kwaggafontein is naby Harmonia. Nou is ek te Rietvlei. Voor verlede week het die Engelse troepe weer al my klere en beddegoed wat ek weer gekry het, geneem en nou besit ek net wat ek aan het.

*X Merk van M.J.S. Koekemoer*

*Aldus gedaan en beëdig voor my te Rietvlei op hierdie 27ste dag van Februarie 1902, P.C.J. Fourie, waarnemende resident-vrederegter te Fouriesburg*

## 6.3 Molestering, dreigemente en onsedelikheid

Bernie

Verklaar voor my Philippus Cornelius Jacobus Fourie, waarnemende resident-vrederegter van Fouriesburg, Oranje-Vrystaat.

Elsie Louisa Meintjies, vrou <van> Willem Albertus Jacobus Meintjies van Driefontein, distrik Ficksburg, Oranje-Vrystaat. Ek was woonagtig te Driefontein toe hierdie oorlog uitgebreek het. In Julie 1900 toe "Brabant Horse" op my plaas gestaan het, het die troepe my op alle moontlike maniere gemolesteer. Hulle het my belet om 'n lig in my huis aan te steek. Vir vier nagte lank en het gedreig om die huis met my en al in die lug te blaas met dinamiet.

In Februarie van 1901 het ek van my plaas hierheen gevlug toe ek gedreig is om gevang en weggevoer te word.

Dit was vir my ook daar onuithoudbaar vanweë die behandeling van die Engelse troepe. Eers was ek siek en wou die troepe dat ek die dinge in my kamer in orde moes bring wat hulle uitmekaar gegooi het en omdat ek siek was, wou ek dit nie doen nie, toe sleep een van ses troepe wat by my huis was my aan die arm in die kamer. Toe roep ek 'n diensmeisie wat ek gehad het. Toe laat hy my los. Ek het toe by die kaptein gaan kla oor die behandeling van die troepe. Hy het toe gesê ek moet by die Boere gaan kla. Ek het gesê dit was nie die Boere wat my gemolesteer het nie, maar die Engelse. Hy het my toegelaat om uit my huis te gaan.

In Januarie laaslede was Engelse troepe op die rantjie bokant my huis. Ek het by die agterdeur uitgegaan en toe ek weer wou ingaan het hulle op my geskiet. Twee koeëls het my byna getref. Hulle het by my teen die huis <vas-> geskiet. Ek het toe die huis ingevlug.

Verlede Vrydag die 21ste van hierdie maand was hier weer troepe op my werf. Daar was 'n klompie skape en bokke in die stal en hulle wou dit neem. Ek het toe gaan pleit om die bokke en skape te behou en toe ek by die stal kom, wou een van die vyf troepe wat daar was, my verkrag. Ek het toe terug gegaan na die huis en hulle laat <be-> gaan.

*Geteken: E.L. Meintjies*

*Aldus beëdig en verklaar voor my te Jacobs op hierdie 29ste Februarie 1902, P.C.J. Fourie, resident-vrederegter.*

Bernie

## 6.4 Pogings tot verkragting

Verklaar voor my Philippus Cornelius Jacobus Fourie, waarnemende resident-vrederegter van Fouriesburg, Oranje-Vrystaat.

Johanna Catharina Erwing, wat onder eed verklaar:

Ek is die weduwee van wyle William Erwing van die plaas Zandfontein, distrik Bethlehem, O.V.S. Tans is ek te Grasfontein,

distrik Ficksburg. Op Nuwejaarsdag verlede jaar - toe was ek nog op Zandfontein - het daar 'n Engelse laer verbygetrek. Toe die troepe verbygaan, het twee troepe by my huis agtergebly. Toe die ander troepe weg was, het die twee troepe gepoog om my en my twee dogters van omtrent 13 en 14 jaar oud te verkrag. Hulle het allerlei vieslike dinge gepraat en het ons in die huis vasgedruk om ons te verkrag. Ons het aan mekaar vasgeklou om hulle te verhinder. Hulle het ons toe gepak. Hulle broeke was los. Ek en een dogter het toe losgeruk en by die deur uitgespring en het klippe opgetel om hulle te gooi. Toe het die ander dogter ook losgeraak en by die deur uitgespring. Toe hulle sien dat ons hulle wil gooi, het hulle op hulle perde gespring en het die laer agterna gejaag. Om hierdie rede het ek sedert hierdie tyd gevlug as daar 'n Engelse laer aankom, tot ek in hierdie distrik gekom het.

*Geteken: J.C. Erwing*

*Beëdig en verklaar voor my op hierdie 29ste Februarie 1902, P.C.J. Fourie, waarnemende resident-vrederegter van Fouriesburg.*

## 7. Verklarings voor S.J. Wessels, spesiale vrederegter, Kroonstad

### 7.1 Dreigemente en brutale optrede

Jacoba Cilliers, eggenote van S.J.A. Cilliers van die plaas Palmietfontein, distrik Kroonstad, verklaar soos volg:

Op Sondag die 22ste Augustus 1901 het daar twee Britse offisiere by my huis gekom. Een wie se naam Simpson was sê toe dat ons nie hoef te vrees nie, ons kan by ons huis bly, hulle sou ons niks doen of wegneem nie, want hulle het genoeg sonde met die vrouens wat hulle het. Ons was toe gerus gestel en het ons planne om die nag te voet [te vlug] opgegee.

Maandagoggend het daar 'n aantal met 'n offisier gekom, wat toe aan ons gesê het dat die bevel was dat alles verniel moes word, gesaaides, bome en alles, behalwe die kamers wat deur ons drie huisgesinne bewoon is. Die troepe begin toe om te verwoes, neem later 'n konsertina en begin om te speel en te

dans in die kamer deur ons bewoon, dat dit onhoudbaar geword het, sodat 'n Natalse Afrikaner genaamd Bester na die kamp gegaan het en die generaal versoek het om polisie daarheen te stuur. In plaas van 'n polisie <-beampte> het Simpson en 'n ander offisier met uiterste woede gekom en gevra of dit Sarel Cilliers se plaas is. Ek sê toe: "Ja, dit is Sarel Cilliers se plaas." Toe vra hy of ek sy vrou is, waarop ek bevestigend antwoord. Toe sê hy die bevel is dat die huise op ons koppe afgebreek moet word. Ek sê toe: "Dan moet jy aan ons <'n> kar en perde gee om uit te gaan" en ek sou borgstaan dat hy dit weer sou kry. Toe sê hy: "Julle kan dra wat julle wil en met julle voete loop." Want daar is 'n ou moeder (mej. Meyer) met 'n slegte been en klein kindertjies wat nie sou kon uithou met <die> loop nie.

Ek vra hom toe om die troepe te laat ophou met afbreek totdat ons die goedere en kinders uit het, omdat ek bevrees was dat ons onder die klippe wat afgeval het begrawe of beseer kon word. Hy het hulle toe gestop om ons kans te gee om die goed uit te kry. <Hy> het toe gestaan en kyk en spot en maak asof hy osse drywe toe ons ons goedere wegdra. Ons het toe die goedere, soveel ons kon, sukkelend oor die lyn gedra. Toe het ek die ander vrouens en kinder by die goedere gelaat en is toe te voet langs die spruit af by Elandspruit om na I. Grové se plaas te gaan, 'n afstand van ongeveer 'n half uur te perd, ten einde te probeer om hulp van ons mense te kry. Van daar het toe 'n kind te perd na die mense gegaan om hulp te vra. Toe dit <hulp> beloof is, het ek weer na sonsondergang teruggegaan. Die goedere was toe reeds weer 'n <afstand van> 500 treë nader gebring. Daar het toe ongeveer 14 man ons te hulp gekom om die goedere weg te neem.

Voordat die goed egter op die bestemde plaas gekom het, is daar by I. Grové geskiet en was hulle genoodsaak om ons weer in die steek te laat. Ons het toe nog aangesukkel tot by Elandspruit waar die kinders so moeg was dat ons nie verder kon <gaan nie>. Toe het ons die beddens opgemaak en hulle laat slaap. Daar het my man en oom Gert Meyer toe met die karre by ons gekom en het van die goed opgelaai. Ons was so moeg en afgemat dat ons rus nodig gehad het, maar ek was bevrees om te gaan lê dat ek styf sou word en het toe maar die ander goed

stadig aan na vore gebring. Toe dit begin lig word, is daar op ons geskiet van die huis van Christoffel Cilliers af - 10 of meer skote is op ons gelos. Ons het toe plat gelê en 'n wit kussing uitgesteek. Nadat toe nog 'n paar skote gelos is, het hulle opgehou. Daarna het 'n gewapende [Swarte] na ons gekom, wat baie beleefd was en aan ons gesê dat hy nie wou skiet nie maar 'n jong Afrikaner het hulle daartoe aangehits. Hy het ook aan ons vertel dat hy gedwing is om wapens op te neem. Wat ons uitgedra het is al wat ons behou het. Al ons ander goed is weggeneem en gebreek. Ons was drie families, naamlik die familie van G. Meyer snr., weduwee Gideon de Bruin en myne. *Verklaar voor my, op hierdie die 3de Januarie 1902, S.J. Wessels, spesiale vrederegter, distrik Kroonstad.*

## 8. Verklarings voor P.H. de Kock, landdrosklerk Frankfort

### 8.1 Plundering en bombardering van Boerewoning

Verklaar voor my landdrosklerk van Frankfort, distrik Vrede. Barbara Magdalena Fourie, gebore Cronjé, verklaar hiermee plegtig en onder eed:

Dit was in die nag van die 27ste of 28ste November 1901 dat die vyand 'n uittog gemaak het vanaf Frankfort. Hulle het hier op ons plaas Fontein, distrik Heilbron, ongeveer 2 uur in die nag gekom. Hulle het in die huis gekom om dit te deursoek. Hulle het gevra:"Waar is die Boere?" Hulle het die hele nag in die huis gebly en ons durf nie uitgaan nie. Hulle het al ons eetware, potte en alles wat hulle in die hande kon kry geneem. Hulle het van hier af gegaan omtrent 10 uur in die oggend, in die rigting van Wilgerivier. Hulle het omtrent 2 000 treë van die huis gebly en omtrent 2 uur in die middag het hulle die huis gebombardeer met 'n kanon en 'n pom-pom. Hulle het deur die dak van die huis geskiet met die pom-pom. Hulle het lank aangehou. Nadat hulle die huis gebombardeer het vir 'n lang tyd, het hier vyf aangejaag gekom en gesê dat hulle 'n Boer uit die huis geskiet het.

Daar is nog tekens te sien aan die mure en dak van die huis.

5

*Geteken: B.M. Fourie, gebore Cronjé*

*Verklaar voor my te Fontein hierdie 17de dag van Februarie 1902, P.H. de Kock, vrederegter.*

### *8.2 Bombardering van Boerewoning*

Verskyn voor my landdrosklerk van Frankfort, distrik Vrede, Oranje-Vrystaat, Christina Wilhelmina de Kock, gebore Ebersohn, wonende te Kasteelkop, distrik Heilbron, wat hiermee plegtig en onder eed verklaar:

Laaslede die 11de November het daar 'n vyandelike perde-kommando regoor my huis gekom aangesien ek nog vir 'n tyd in die wilge... gewoon het. Hulle het hulle kanonne op 'n rand getrek, regoor my huis. Dit was vroeg in die môre.

Vanaf ongeveer 11 uur het hulle begin om met kleingeweervuur onafgebroke my huis te bombardeer. Omtrent 4 uur in die namiddag het hulle ook begin om met kanonne op my huis te vuur. Hulle het baie skote geskiet, ek kan nie sê hoeveel skote nie, maar hulle het die huis nie getref nie. Later in die middag het hulle die huis gebombardeer vir omtrent 'n halfuur toe daar omtrent 20 (twintig) van die vyand by my huis gekom het. Een was 'n offisier en het gesê dat dié oggend die Boere een van hulle [Swartes] uit die huis gedood het. Hulle het die huis deursoek en het niks gevind en die offisier het toe gesê dat dit hom spyt aangesien hulle gedink het dat daar Boere in die huis was. Hulle het byna al my kos geneem en ook my koffie en het toe weggegaan. Later op die 20ste Desember 1901 was daar weer 'n perde-kommando.

*Geteken:C.W. de Kock, gebore Ebersohn*

*Verklaar voor my te Kasteelkop op die 17de dag van Februarie 1902, P.H. de Kock, vrederegter.*

### 8.3 Kanonvuur op Boerewoning

Verskyn voor my landdrosklerk van Frankfort, distrik

rokke en gryp my vir die tweede maal en probeer [om my onder te kry], maar hy kon nie. Toe roep ek na my skoonmoeder, Johanna Magdalena Pietersen, en toe my moeder aankom laat hy my los en gaan by die deur sit.

*Geteken: M.J. Pietersen.*

*J.W. de Vos, kommandant, distrik Kroonstad*

## 10. Verklarings voor D. Strauss, veldkornet, Bethlehem

### 10.1 Aanval op huis en verwonding van kind

Verklaar die heer I. du Preez dat op 6 Februarie 'n klompie [Swartes] 'n nagtelike aanval gemaak het op die woning van die heer J. Fourie, waar tans enkele vroue is en is 'n seun van mej. Hugo se been afgeskiet, wat slegs 8 jaar oud was, en vyftig of sestig skote afgevuur is op die huis waarin die weerlose vroue en kinders hul bevind het. Waarskynlik het hierdie rowerbende uit Basoetoeland gekom - wat in die blokhuise is.

*D. Strauss, veldkornet, Bethlehem-kommando*

### 10.2 Moord op burgerlikes

Verklaar veldkornet D. Strauss dat op 20 Oktober 1901 die ou heer Jan Muller, 61 jaar oud, en twee van sy seuns, waarvan die een onbekwaam en onder die ouderdom vir kommandodiens is, gruwelik vermoor is op die plaas Loskop, distrik, Bethlehem, deur [Swartes] van Basoetoeland. Die vader is getref deur twee geweerskote en enkele assegaaisteke. Die een seun het 'n geweerskoot of assegaaisteek waarvan die mense nie seker was nie. Ook die jongste het minstens 6 steke en skote gehad, sodat die lyke geheel <en al> onherkenbaar was.

*D. Strauss, veldkornet, Bethlehem-kommando*

### 10.3 Wegvoering van onbekwame en bejaarde burgerlikes

Beëdigde verklarings opgeteken 26 Februarie 1901.

Vrede, Margarita Cornelia Bentum, gebore Kleyn, wonende op die plaas Bondplaat, distrik Heilbron, verklaar hiermee onder eed:

Verlede November, die 11de, 1901 het daar 'n vyandelike perde-kommando regoor Krugersdrift gekom, wat omtrent 3 000 treë van ons huis is. Hier was geen Burgers hier nie. Ons het agter die huis gestaan toe die vyand eensklaps 'n kanonskoot op die huis los. Hulle het nog ses (6) ander skote geskiet. Die eerste drie was omtrent honderd treë van die huis, een omtrent 20 treë van die huis en een 10 treë van die huis en een het oor die huis geskiet, ongeveer 20 treë van die huis. Regoor ons huis op 'n kop het 'n wag gestaan wat onafgebroke op die huis geskiet het die hele dag.

Later weer, die 20ste Desember 1901 was daar 'n geveg by die heer Krogman, toe ons almal tuis was, en ons het ongeveer 100 (een honderd) treë van die huis gestaan <toe> die vyand tussen my en my drie dogters skiet. Toe het ons in die huis gevlug. Hulle het later weer op my dogter geskiet, dit was die 6de Februarie 1902. Hulle het 'n sarsie geskiet.

*Geteken: M.C. Bentum, gebore Kleyn*

*Verklaar voor my te Bondplaats op hierdie 17de Februarie 1902, P.H. de Kock, vrederegter.*

## 9. Verklaring voor J.W. de Vos, kommandant, te Kroonstad

### 9.1 Onsedelike aanranding

Verklaring geneem deur my die ondergetekende op die eerste Maart 1902 op die plaas Blesbokspruit, afgelê deur Martha Johanna Pietersen.

Martha Johanna Pietersen verklaar onder eed dat op of omtrent die 17de Desember 1901 op die plaas Goedgedacht, distrik Kroonstad... twee van die agterste spioene van die vyand by my aangekom het en een van hulle kom en trek sy perd binne voor die deur en toe haal hy sy geweer af en vat my om die lyf met sy een arm en met sy ander hand gryp hy my onder my

Ten eerste verklaar mej. A. Steyn dat haar seun, 28 jaar oud, deur Britse troepe onder kaptein Donney op 20 Februarie van die plaas Tepelfontein, distrik Bethlehem onbehoorlik weggevoer is, aangesien hierdie seun ly aan onherstelbare siekte, wat hy tot 10 maal in 28 dae kry. Mej. Steyn het in alle [erns] gesmeek dat haar seun losgelaat moet word, maar alles was tevergeefs. Mens kan deur goeie bewys verseker dat die seun onbekwaam is en nooit in hierdie oorlog, wapens teen Britse troepe opgeneem het nie.

*D. Strauss, veldkornet, Bethlehem-kommando*

Tweedens verklaar mej. A. Steyn dat ook haar vader deur hierdie kolonne weggevoer is op die 20ste Februarie, wat in die hoë ouderdom van 84 jaar is. Die ou man is per kar en perde weggestuur aangesien hy te swak was om per voet vervoer te word. Die ou man was in sy hoë leeftyd geheel [te swak van liggaamskragte en gesig] en kan mens nie anders as om hom met 'n klein kind te vergelyk wat vir homself niks kan doen nie.

## 11. Verklarings voor die spesiale landdros van Winburg

### 11.1 Verskyn voor my, spesiale landdros vir die distrik Winburg

Johanna Petronella Mynhardt, wat sweer en sê:

Ek woon op die plaas Morgenzon, distrik Winburg. Op 7 Januarie 1902, omtrent 8 uur in die oggend het die vyand op die plaas Morgenzon gekom. Sewe gewapende kleurlinge het op 'n afstand van ongeveer 500 treë gekom en ongeveer 17 skote op die huis geskiet. Toe hulle ophou met skiet, het een van hulle na die huis gekom en ons gevloek met die woorde van "verdomde kinders." Hy het ons, naamlik my drie dogters en myself uit die huis gedryf en gesê ek is verplig om hulle na die waens te neem en weg te voer, want die Boere sal u mense tog môre kom en weghaal.

Hy het ons voor hom uitgedryf tot by die ander ses. Daar het hulle ons gehou, terwyl drie van hulle na die huis gegaan het

en verskeie skote daarin gelos het, een skoot deur die tafel en enkeles deur die beddegoed. Ook 'n hond is onder die tafel doodgeskiet.

Toe het hulle weer teruggekeer. Een van hulle het gevra waar die Boere was. Een van hulle het gesê: "Julle kan die Here dank dat ek nie eerste by die huis was nie, anders het ek julle almal op 'n hoop doodgemaak."

Ons was omtrent 'n half uur by hulle, toe ons hoor dat daar geveg word. Toe vra my kinders om na die huis te gaan. Toe het hulle dit toegelaat. Nadat ons in die huis was, het hulle weggegaan.
*Geteken: J. Mynhardt*

*Verklaar voor my te Zandplaas op 1 Maart 1902, spesiale landdros, Winburg*

### 11.2 Aanval op Boerewoning en dreigemente

Verskyn voor my, spesiale landdros vir die distrik Winburg, Stoffelina Maria Elizabetha Mynhardt. Wat sweer en sê: Ek woon op die plaas Morgenzon, distrik Winburg.

Op 7 Januarie 1902, omtrent 8 uur in die oggend het die vyand op die plaas Morgenzon gekom. Sewe gewapende kleurlinge het gekom op 'n afstand van omtrent 500 treë en het ongeveer 17 skote op die huis geskiet waarin ons was. Ek het toe 'n wit vlag by die huis se deur uitgesteek, maar hulle het nie opgehou nie. Een skoot het die muur naby my getref.

Toe hulle op hou met skiet het een van hulle na die huis gekom en ons gevloek met die woorde van "verdomde kinders". Hy het ons, naamlik my moeder, my 3 susters en myself uit die huis gedryf en gesê: "Ek is verplig om julle na die waens te neem en weg te voer, want die Boere sal ju[illegible]g môre kom weghaal."

Hy het ons voor hom uitgedryf, tot by die ander ses. Daar het hulle ons gehou terwyl drie van hulle na die huis gegaan het en verskeie skote daarin gelos het; 'n skoot deur die tafel en

enkeles deur die beddegoed, ook 'n hond is onder die tafel doodgeskiet.

Toe het hulle weer teruggekeer. Een van hulle het my gevra waar die Boere was, waarop ek gesê het: "Ek weet nie outa. Ek weet niks van die Boere af nie," waarop hy sê: "Noem jy my outa. Jy moet my baas noem, of ek steek jou", waarop hy my dreig met 'n bajonet. Een van hulle het gesê: "Julle kan die Here dank dat ek nie eerste by die huis was nie, anders het ek julle almal op 'n hoop doodgeskiet." Hulle het ons toe weer na die huis laat gaan en hulle het vertrek.

*Geteken: S.M.E. Mynhardt*
*Verklaar voor my te Zandplaas op 1 Maart 1902, spesiale landdros, Winburg.*

**11.3 Aanval op Boerewoning en beledigende optrede**

Verskyn voor my, spesiale landdros vir die distrik van Winburg.

Johanna Elizabetha Janse van Rensburg, sweer en sê:

Ek woon op die plaas Morgenzon, distrik Winburg. Op 7 Januarie 1902, in die môre, omtrent agt uur, het die vyand op die plaas Morgenzon gekom, waarvan sewe gewapende kleurlinge tot by die huis gekom het op 'n afstand van ongeveer 500 treë. Toe skiet hulle ongeveer 17 skote op die huis; enkeles deur die dak. Ons was in die huis.

Een van hulle het die huis ingekom en ons, naamlik my ou moeder, my drie susters en myself uit die huis gedryf. Hulle het gesê dat ons moes uitgaan. Hy het ons gedreig met sy geweer en gesê: "Ek is verplig om julle almal saam te neem na die waens, want indien ek u hier laat sal die Boere julle môre kom wegneem."

Hy het ons gevloek met die woorde: "Verdomde kinders."

Nadat ons uit die huis gedryf is, het hy ons tot by die

ander kleurlinge gedryf. Hy het ons beveel om daar te bly totdat hulle kaptein kom, maar hy het nie gekom nie. Terwyl ons by hulle was het drie van hulle na die huis gegaan en enkele skote in die huis geskiet en een deur die tafel en enige skote deur die beddegoed; ook 'n hond is onder die bed doodgeskiet.

Ons was omtrent een-en-'n-half uur by hulle, toe hoor ons dat daar in die nabyheid geveg word. Toe vra een van my susters om na die huis te gaan. Toe staak hulle dit en my moeder vra of hulle nie weer op ons sou skiet nie, waarop hulle "nee" antwoord. Nadat ons in die huis was, het hulle weggegaan.

*Geteken: P.E. Janse van Rensburg*

*Verklaar voor my spesiale landdros, Winburg, 1 Maart 1902*

### 11.4 Aanval op huis en brutale optrede

Verskyn voor my, spesiale landdros vir die distrik Winburg.

Cornelia susarah Mynhardt, wat sweer en sê:

Ek woon op die plaas Morgenzon, distrik Winburg. Op 7 Januarie 1902, in die môre, omtrent agt uur het die vyand op die plaas Morgenzon gekom, waarvan sewe gewapende kleurlinge, tot by die huis op 'n afstand van ongeveer 500 treë gekom het. Toe skiet hulle ongeveer 17 skote op die huis, enkeles deur die dak. Ons was in die huis.

Een van hulle het in die huis gekom en ons, naamlik my moeder, my drie susters en myself uit die huis gedryf. Hulle het gesê dat ons moes uitgaan. Hy het ons met sy geweer gedreig en gesê: "Ek is verplig om julle almal saam te neem na die waens, want indien ek julle hier laat sal die Boere julle môre kom wegneem."

Hy het ons gevloek met die woorde: "Verdomde kinders".

Nadat ons uit die huis gedryf is het hy ons tot by die ander kleurlinge gedryf. Hy het ons gelas om daar te bly totdat

hulle kaptein kom, maar dié het nie gekom nie. Terwyl ons by hulle was, het drie van hulle na die huis gegaan. Hulle het enkele skote in die huis geskiet en een deur die tafel en enkele skote deur die beddegoed. Ook 'n hond is onder die tafel doodgeskiet.

Ons was omtrent 'n halfuur by hulle toe hoor ons dat daar in die nabyheid geveg word. Toe vra ek om huis toe te gaan. Toe laat hy dit toe en my moeder vra of hulle nie weer op ons sou skiet nie, waarop hulle "nee" geantwoord het. Nadat ons in die huis was het hulle weggegaan.

*Geteken: G.S. Mynhardt*

*Verklaar voor my te Zandplaas op 1 Maart 1902, P.H. Hamman, spesiale landdros, Winburg.*

## 12. Verklarings voor M.F. Reeve te Kroonstad en Heilbron

### 12.1 Aanval op vrouelaer en vernietiging van eiendom

Beëdigde verklaring geneem van Petrus Gerhardus Booyens, op die plaas Paardefontein op die 19de Februarie 1902.

Ek woon op die plaas Blydskap, distrik Kroonstad. Op of omtrent November 1901 laaslede het 'n Engelse laer, van regs gekom en na Kroonstad getrek onder bevel van generaal Lowe waar hulle terselfdertyd op 'n vrouelaer wat voor hulle gevlug het, met kanon en kleingeweer gevuur het. Vandag nog kan gesien word waar die bomme wat hulle op die vrouelaer geskiet het, in die grond sigbaar is. Die afstand is volgens skatting 3,000 of 4,000 treë van waar die kanon gestaan het in die laer toe vroue en kinders vlugtende was. Terwyl hulle op die laer gevuur het, het hulle met hul perderuiters die waens ingehaal en gevang met die vrouens en kinders in; ook al die kosvoorrade wat op die waens was en trek die waens op 'n klomp, laai die vrouens en kinders af en steek alles aan die brand. Aangesien die vrouens en kinders toe geen ander herberg gehad het nie, as te skuil onder die blote hemel en sonder 'n mond vol kos, waar hulle toe drie dae moes deurbring en twee van die waens is met dinamiet deur die vyand vernietig. Dit was vir my 'n aaklige toneel om weerlose vrouens

en hulpelose kinders te sien behandel word op dié barbaarse wyse deur die vyand en van alles beroof is; dit is ongeveer een uur te perd van waar hulle agter die laer gejaag het tot waar hulle alles toe gevang het.

Daar was geen teenparty van enige aard wat 'n skoot uit die laers op die vyand geskiet het nie. Dit het gebeur op Stavorie, distrik Kroonstad.

*Geteken: P.G. Booysen*

*As getuies: T.F.Mouton*
*C.L. Pretorius*

*Beëdig voor my, M.F. Reeve, veldkornet*

Die twee getuies kan ook verklarings aflê dat die genoemde feite die waarheid is.

H. Potgieter, landdros.

## 12.2 Onsedelike optrede jeens Boerevroue en dreigemente

Beëdigde verklaring geneem op die plaas Vaalbank, distrik Kroonstad, op die 20ste Januarie 1902 van Aletta Christina Reeve.

Ek het gewoon op die plaas Doornkop, distrik Kroonstad. Op of omtrent in Oktober 1901 het 'n Engelse kolonne van Lindley na Kroonstad getrek en nadat sommiges van die vyand al verby was en dat hulle nog aan die trek by my huis verby gegaan het, het vier van die vyand na my huis gekom. Drie was Boere en een 'n Engelsman. Hy het in my huis gekom en my gevra waar my man is. Ek het aan hom gesê my man is op kommando. Hy het Engels gepraat maar ek kon hom verstaan. Ek het in die eetkamer gestaan om vir my kinders kos te maak. Hy het die meule uit my hande geneem. Ek gaan toe weg van die meule af. Ek was bevrees om uit die huis te gaan, aangesien ek 'n meisie van dertien jaar in die huis gehad het. Ek gaan toe na my sitkamer, hy kom agter my aan na die sitkamer neem 'n stoel en sê ek moet by hom kom sit. Ek het geweier om dit te doen. Ek gaan toe na die voordeur van die huis en van daar na buite. Ek

roep na my dogter <en> van daar gaan ek na die kombuis om na die vuur om te sien. Toe ek in die kombuis was, hoor ek hom weer na my kom. Ek skrik toe en hardloop vinnig na die agterdeur van die kombuis. Ek maak die deur oop om na buite te vlug en met die vlug maak ek my been seer, waaraan ek ses weke gely het. Ek was ook nie [gesond vir vyf maande nie]. Toe hy sien dat ek buite die huis was roep hy weer na my, maar uit vrees het ek geweier om weer na die huis te gaan. Ek kon sien dat hy van plan was om my aan te rand en onsedelikheid met my te pleeg.

'n Week na hierdie ontmoeting het daar weer 'n Engelse kolonne van Lindley na Kroonstad getrek onder bevel van generaal Hamilton. Hulle het my huis aan die brand gesteek en al my kos, sodat ek die aand niks vir my kinders gehad het nie. Hulle het gedreig om my op 'n oop wa te laai na Kroonstad waar hulle drie maal probeer het om my weg te voer, maar ek het geweier. Ek moes onder die blote hemel met my kinders bly en 'n ou vader van tagtig jaar, en nog in die omstandighede waar ek in was, sonder 'n hand vol kos.

*Geteken: A.C. Reeve*

*Beëdig voor my M.F. Reeve, veldkornet*

## 12.3 Poging tot verkragting

Beëdigde verklaring geneem op die 18de Februarie 1902 van Pauline Johanna van der Merwe. Ek woon op Vlakfontein, distrik Kroonstad. Op of omtrent die 20ste Januarie het daar sewe [Swartes] van die vyand gekom, gewapen. Hulle het aan die deure en vensters geslaan en gesê: "Maak oop!" Toe maak ek die deur oop. Hulle het toe almal gewapen in my huis gekom en die huis deursoek of daar nie Boere was nie. Ek het gesê: "Hier is geen Boer." Na verloop van 'n uur het drie weer teruggekom en my aan die keel gegryp en my op die bed wat in my huis gestaan het vasgedruk. Nadat ek alle pogings aangewend het, het dit my geluk om uit hulle hande te ontkom.

*Geteken: P.J. van der Merwe*

*Beëdig voor my M.F. Reeve, veldkornet*

## 12.4 Aanranding en poging tot verkragting

Beëdigde verklaring geneem op die plaas Morgenster, distrik Heilbron. Datum: 18de Februarie 1902; Van Johanna Susanna Krantz.

Ek woon op Nieuweplaas, distrik Kroonstad. Op of omtrent in Januarie laaslede in die aand, het daar sewe [Swartes] van die vyand gewapen op bogemelde plaas gekom. Hulle het my gevra na die deur van my moeder. Een van die [Swartes] het na my gekom en my gevra of ek vuurhoutjies het. Ek het vuurhoutjies in my hand gehad. Hy het die vuurhoutjies wat ek in my hand gehad het geneem en na die kers gegaan wat op die tafel gestaan het en dit doodgeblaas. Hy het my aangerand en my aan die keel gegryp. Ek het terselfdertyd hom 'n hou gegee, toe spring hy by die deur uit en druk 'n patroon in die geweer en dreig om my te skiet. Toe kom daar nog twee by <en> toe was dit drie. Hulle het weer in die kamer gekom, vuurhoutjies getrek en na my gewys. Ek het alle pogings aangewend om uit hulle hande te ontkom. Hulle het my gepak. Ek roep toe na my moeder, waarop hulle sê: "Wat raas jy!" Nadat ek alle pogings aangewend het, het dit my geluk om uit hulle hande te ontkom.

*Geteken: T.S. Crous*

*Beëdig voor my, M.F. Reeve, veldkornet.*

Bernie →

## 12.5 Aanranding en poging tot verkragting op swanger vrou

Beëdigde verklaring geneem op die plaas Rietfontein, distrik Heilbron, op die 19de Februarie 1902, van Goudina Maria Brits.

Ek woon op die plaas Roodepoort, distrik Kroonstad. Op of omtrent die sewende Februarie, het 'n Engelse kolonne by my verbygetrek. Ek is gelaat weens huislike omstandighede by mej Posthumus om my te bedien, waar ek onder eed kan verklaar dat ek [agt maande swanger was]. Een van die Engelse troepe het

my aangerand en probeer om my te verkrag. Dit het hom nie geluk om sy doel te bereik nie, aangesien my suster toe by gekom het en my uit sy hande ontset het, waarna hy toe op die vlug geslaan het.

Geteken: G.M. Brits
As getuie: C.S. Posthumus

Beëdig voor my, M.R. Reeve,
veldkornet

## 12.6 Brutale optrede

Beëdigde verklaring geneem op die plaas Bakenkop, distrik Kroonstad, op die 20ste Februarie 1902, van Magdalena Elizabeth Booysen. Ek woon op die plaas Blydskap, distrik Kroonstad.

Op of omtrent die 20ste Januarie 1902 het ses [Swartes] gekom om twaalf uur in die nag, waarvan vyf gewapen was. Hulle storm die huis, en van die huis na die stal, en toe hulle van die stal terugkom, kom hulle weer na die huis, waarvan drie van hulle toe afklim en die ander twee het op hulle perde bly sit. Hulle het aangeklop.

Ek het gesê: "Wat kom maak julle in die nag by ons, ons is almal wit vrouens?" Hulle sê: "Ons soek die Boere." Ek sê: "Die Boere slaap nie vannag in die huis nie." Hulle sê: "Ons is deur die generaal gestuur" en sê: "Ons was altyd toe ons by die Boere was gehoorsaam <gewees> en nou dat ons by die Engelse is, wil ons hulle weer gehoorsaam wees." Hulle neem toe 'n paar tuie en al my rieme wat ek gehad het en sê: "[Ons neem die rieme][?] al gaan ons dit ook aan stukke sny." Die tuie was opgehang in my slaapkamer en die rieme ook. En nadat ons die vrees deurgemaak het, gaan hulle almal weg. Hulle het gesê ons is te veel vir hulle en sê toe hulle wegry ons moet oppas vir 'n volgende keer as hulle weer kom. Ons was vier huisgesinne wat hier woonagtig is. Te wete J.S. de Beer, C.M. Botha en M. Botha.

*Geteken: M.E. Booysen*

*As getuies:*
*J.S. de Beer*
*C.M. Botha*
*Margaretha Botha*

*Beëdig voor my: M.F. Reeve,*
*veldkornet*

*Veldkornet J.S. de Beer, C.M. Botha, Margaretha Botha. Gemelde drie getuies was ook teenwoordig.*

H. Potgieter, landdros, Kroonstad.

## 13. Verklarings voor kommandant G.J. Beukes

### 13.1 Aanval op vlugtende vrou en kinders

17de Februarie 1902. Verklaring van mev. P.M. Pretorius, tans op die plaas Winerpan, distrik Harrismith.

Dat op die 30ste Januarie 1902, die vyand op die plaas van die heer A. Oosthuizen, distrik Harrismith, omtrent 150 treë van my wa en kar uitgekom het op 'n [hoogte][?] en onmiddellik en verskriklik kleingeweervuur op my gelos het. My kinders het in 'n nabygeleë sloot gevlug weens die gegons van die koeëls, die osse het met die wa op loop gegaan en ek het agter die wa aangegaan. Later het ek ook in die sloot gegaan, maar dit weer verlaat om na my kar te gaan. Toe so op my geskiet is, was ek verplig om 'n doek op te steek as 'n teken van oorgawe.

Toe storm hulle op my af en dreig my oor my geld, wat ek verplig was om af te gee. Een van my osse het drie koeëls gekry, en my klere en [kombuisgereedskap] wat in die wa was, is stukkend geskiet. 'n Groot getal van die koeëls het deur die wa gegaan.

*Geneem onder eed deur my G.J. Beukes, kommandant.*

### 13.2 Bombardering van Boerewoning

17de Februarie 1902. Verklaring van M.F.J. Wepener,

Schuilkrans, distrik Harrismith, O.V.S.

Dat die vyand op of omtrent die 25ste Januarie 'n hewige pom-pom vuur op my woning gerig het <met die> gevolg dat daar twee bomme deur my huis gegaan het en een stuk bom deur die venster gekom het. Die koeëls het bokant my dogter se kop vasgeslaan in die muur. Daar was geen manspersone by die woning of in die nabyheid wat ek van weet nie.

*Geneem onder eed deur my, G.J. Beukes, kommandant.*

## 13.3 Onsedelike en brutale optrede

17de Februarie 1902. Verklaring van mev. J.J. Muller, Vaalpoort, distrik Harrismith, O.V.S.

Dat op die aand van die 27ste Januarie 1902 'n vyandelike kamp op my plaas was. In die aand, omtrent tussen sewe en agt uur het twee Engelse by my in die huis gekom en gesê hulle kom [navraag doen] na my. Hulle wou 'n gesprek aanknoop met my en die een het sy arm om my skouers geslaan. Toe gaan ek na die kamer waar my kinders en die bediende hulle bevind het. Ek is deur die een agtervolg, terwyl die ander die huis verlaat. Hy het langs my op die bed kom sit en my versoek om met hom na die voorkamer te gaan. Ek het geweier om te gaan, waarop hy baie brutaal geword het en self daarop aangedring het om die kers uit te doof. Ten laaste het ek daarop gewys dat die Boere hom in die huis sal vang, waarop hy die kamer verlaat het. Myns insiens was hy van plan om my te verkrag indien hy die geleentheid daartoe gehad het.

*Geneem onder eed deur my, G.J. Beukes, kommandant.*

## 13.4 Skending van grafte

Bultfontein 26.02.1902.

Die weledele heer
A.M. Prinsloo
Assistent-Hoofkommandant

Weledele heer,

Hiermee versoek ek u edele beleefd om die regering van die Oranje-Vrystaat in kennis te stel, dat die vyand op die plaas Bultfontein op of <omtrent> die 13de Februarie 1902 die grafstene in die kerkhof van persone wat 15 en 40 jaar <gelede> gesterf het, opsetlik verniel het.

U dienswillige dienaar
A.J. Bester
Kommandant.
Wyk Middel-Liebenbergsvlei,
Distrik Bethlehem
O.V.S.
Bultfontein
26.02.1902

## 14. Verklarings voor J.A.P. van der Merwe, kommandant.

### 14.1 Huis verbrand en dreigemente om 'n suigeling in die vuur te gooi

Te velde, 20ste Februarie 1902.

Ek ondergetekende, Maria Magdalena Joubert, woonagtig op die plaas Omdraai, distrik Bethlehem, O.V.S., verklaar hiermee plegtig en onder eed dat op die 13de Januarie 1902 'n kolonne onder kolonel Rimington by my woning verby getrek het, terwyl 'n gedeelte van hulle by my huis aangekom en die huis aan die brand gesteek het. Toe die huis reeds aan die brand was, het een van die troepe my kindjie van twintig dae oud geneem en gedreig om dié in die vuur te gooi, nieteenstaande my smekinge. Toe hy reeds op die punt gestaan het om die kindjie in die vuur te gooi, het een van die offisiere gekom en die kindjie uit sy hande geneem en dit aan my teruggegee.

Verklaar onder eed.
*Geteken: M.M. Joubert*

*Verklaar voor my, J.A.P. van der Merwe, kommandant, distrik*

*Heilbron, afdeling Parys*

## 14.2 Onmenslike behandeling van verswakte vrou

Te velde, 20ste Februarie 1902

Ek die ondergetekende, Jan Christoffel Joubert, wonende te Omdraai, distrik Bethlehem, O.V.S., verklaar hiermee plegtig onder eed dat op of omtrent die 30ste Maart 1901 'n kolonne van sy masjesteit sy troepe van die plaas Omdraai, distrik Bethlehem, weggevoer het mej. Elizabeth van der Merwe, terwyl sy slegs een dag bevalle was en die kindjie wat oorlede was in die huis op 'n tafel gelê het, terwyl hulle die huis aan die brand gesteek het, <welke soldaat> kort daarna deur ondergetekende doodgemaak is. Genoemde mej. van der Merwe is met 'n oop trolliewa na Liebenbergvlei vervoer en van daar na Heilbron en is kort daarna te Heilbron oorlede.

Verklaar onder eed
*Geteken: J.C. Joubert*

*Verklaar voor my, J.A.P. van der Merwe, kommandant, distrik Heilbron, afdeling Parys.*

## *15. Verklaring voor J.A. van Niekerk, resident-vrederegter*

## 15.1 Plundering van wa en aanranding van vrou Bernie

*Beëdigde verklaring van mev. J.A. van der Merwe, dogter van kommandant J.B. Buys.*

*Verskyn voor my Johan Andreas van Niekerk, resident-vrederegter, van Villiers, O.V.S.*

*Mev. J.H. van der Merwe verklaar op Saterdag die 28ste Desember 1901 onder eed dat sy in die laer (vroue) van kommandant Buys was,* toe die laer deur generaal Rimington op die 2de Oktober 1901 naby Cornelia, in die distrik Vrede, O.V.S. gevang is.

Een van die soldate het by haar wa gekom, waarby hy gestaan het. Hy het haar haar saal gevra wat in die wa was. Hy sê toe as sy in die wa sou klim en die bokseil aftrek en haar siek sou hou, dan sou die offisier die wa spaar. Sy klim toe in die wa. Die soldaat spring toe ook in die wa en trek die seil af, waarop hy haar gevra het om by haar te slaap en toe sy weier, gryp hy haar met geweld en omdat hy baie sterk was, kon sy nie loskom nie, maar het haar deeglik verset, sodat hy nie sy sin kon kry nie.

Hy het haar klere van haar lyf geskeur, ja, selfs haar onderklere. Toe hy op sy ergste was, het 'n ander soldaat gelukkig by die wa gekom, wat hom gevra het wat hy maak, en daarna ook meer troepe, waarop hy van die wa spring en die saal saamneem. Haar wa is toe geplunder, sodat sy dié aand met die ander agtergelate vroue en kinders onder die blote hemel sonder 'n kombers en kos (ja, selfs haar gaar kos is gevat) moes oornag.

*Voor my: J.A. Van Niekerk*
*resident-vrederegter*

Resident-vrederegter
Kantoor te velde
28.12.1901

*Geteken: C.J.S. van der Merwe en J.H. van der Merwe (haar man).*

## 16. Verklaring voor J.A. van Niekerk, resident-vrederegter

### 16.1 Aanranding en poging tot verkragting

Mev. J.H. van der Merwe verklaar ook dat op of omtrent die 26ste November 1901, toe generaal Rimington deur Villiers, na Greylingstasie getrek het, 'n [Swarte] met twee perde by haar huis in die Transvaal gekom het, waar sy en mevrou Maartens was. Hy het haar gevra waar die Boere was, waarop hy 'n rantjie uitgery het. Sy het toe baie angstig gevoel, 'n byl geneem en in die kamer van mev. Maartens gegaan, wat swanger was.

Hy het toe teruggekom en aan die twee genoemde vroue gesê dat hulle hul moes gereed maak dat hy by hulle kon slaap. Mev. Van der Merwe het hom toe hard aangespreek en mev.

Maartens het toe aan hom gesê dat sy siek was. Hy het toe gesê dat hy mevrou Maartens nie wou hê nie, maar wel mevrou Van der Merwe, want sy is nog 'n meisie. Sy het toe in die deur gaan staan met die byl in die hand. Hy het haar toe met 'n klip op die arm gegooi, sodat sy die byl laat val het en die kamer ingespring waar mevrou Maartens was. Hy het ook die kamer ingespring en haar gegryp, maar sy het mevrou Maartens vasgeklou, sodat hy haar nie kon loskry nie, maar mevrou Maartens het, vanweë haar toestand flou geword, waarop hy haar losgekry het, maar sy het onder hom uit geworstel en na buite gehardloop. Hy het haar weer gegryp en haar weer op die grond gegooi en haar keel toegehou sodat bloed by haar mond uitgekom het.

Hy het haar telkens met die vuis en ook met 'n gordel pimpel en pers geslaan.

Toe hy nog met haar besig was, het haar tante daarop afgekom, waarop hy na sy perde gehardloop het. Hy het waarskynlik nie sy doel volkome met mevrou J.H. van der Merwe bereik nie, want toe hy weghardloop sê hy, sy het gesê sy was 'n vrou en sy is 'n meisie, want hy kon met haar niks uitrig nie.

Hy het aan haar gesê die bevel van sy offisier was, hulle kon met die vrouens doen wat hulle wou.

Hy het een en 'n half uur met mevrou Van der Merwe geworstel.

Mevrou van der Merwe het gesê dat dit onmoontlik is om alles te verklaar wat in die tyd van die worsteling plaastevind het.

Sy was agt dae bedlêend.

Voor my, J.A. van Niekerk, resident-vrederegter.

*Geteken: C.J.S. van der Merwe*
*J.H. van der Merwe (haar man)*

*Resident-vrederegter, kantoor te velde, 28.12.1901.*

## 17. Verklaring voor A. Ross, kommandant

### Bernie 17.1 Onsedelike aanranding en verkragting van vrou en kind

Blomtuin, 5de Februarie 1902.

Ek Johanna Catharina Geldenhuys verklaar onder eed dat ek op die 22ste Januarie 1902 op die plaas Deugdzaam was met 'n dogtertjie van tien jaar oud, met die naam Talita Junie Loots.

Toe die kamp van Rimington oor my plaas getrek het, is ek deur drie van sy soldate aangerand. Twee van hulle het my gegryp en my in die slaapkamer gesleep, terwyl die derde een die dogtertjie in 'n ander kamer nakend geskeur het. Toe hy die dogtertjie nakend het, het hy [haar onsedelik aangerand]* en gesê: "As sy te onbekwaam is, dan sal ek jou aanrand."

Hy het die dogtertjie gelos en my gegryp. Toe was die eerste twee wat my aangerand het aan die buitekant van die huis voor die venster op hulle perde.

Nadat hy my met sy vuis geslaan het en my keel toegedruk het en aan my gedoen het wat hy wou, het hulle weggery.

Beëdig voor my, die kommandant van die distrik Vrede, A. Ross, op hierdie 5de Februarie 1902.

*Geteken: J.C. Geldenhuys.*

*As getuie: W.J. Theron, sekretaris*
*H.S. Kriek, veldkornet*

## 18. Beëdigde verklaring voor D.W. Steyn, waarnemende assistent-landdros, Frankfort

### 18.1 Aanranding en brutale gedrag

Verskyn voor my, waarnemende assistent-landdros, Frankfort, distrik Vrede. Aletta Jacomina Jansen van Rensburg,

gebore Pretorius, eggenote van Johannes Jansen van Rensburg, woonagtig op die plaas Vrede, distrik Bethlehem verklaar:

Dit was op die 10de Januarie 1902 dat 'n Engelse kamp op die plaas Vrede gekom het, toe 'n [Swarte] van die Engelse hier by my in die huis kom en my met die hand wou groet. Ek het geweier, maar hy het my hand gegryp. Toe sê hy ek is so mooi, ek moet hom soen, maar ek het weggekoes. Toe sê hy: "Jy moet nie so parmantig wees nie, jy sal straks sien wat jy nie wil sien nie." Toe gaan hy in my slaapkamer en neem my mantel. Toe sê ek: "Gee my mantel!" Toe sê hy: "Nee, ek wil eers by jou slaap, dan kan jy die mantel kry." Ek sê: "Dan kan jy maar die mantel hou." Toe vat hy my handsak. Toe kom 'n ander [Swarte] en praat met die [Swarte] en sê vir hom dat hy die vroue se goed moes teruggee. Toe sê hy: "Ek sal dit nie doen nie, want dit is almal my vrouens" en hy kom weer na my toe en maak weer om my met geweld te gryp, maar ek het toe weggegaan, want ek het gesien dat hy 'n groot plan gehad het. Hy het weer gekom en gevra: "Wat veg die (bloody) Boere nog, ons is ook nou Burgers en ons sal die Boere nou wys hulle sal ook nie die land kry nie." Toe rand hy my aan vir geld, maar ek het geen geld gehad nie. Hy wou my uittrek vir geld.

*Geteken: A.J. van Rensburg*
*As getuie: A.W. Cilliers*

*Verklaar voor my te Vrede, distrik Bethlehem op hede, die 18de Februarie 1902, D.W. Steyn, waarnemende assistent-landdros, Frankfort.*

## 19. Beëdigde verklaring voor M.W. Serfontein, landdros van Reitz

### 19.1 Verkragting van Boerevrou

Word in Nederlands in inleiding voorgelees

Verklaar voor my landdros van Reitz, Aletta Cecilia de Jager wat sweer en sê: Ek woon op die plaas Sterkfontein, distrik Bethlehem. Op die 8ste Februarie 1902 het 'n laer van die Engelse omtrent twee myl van my huis verbygetrek. Van die troepe het by my huis gekom en weggegaan sonder om iets te

doen wat onbehoorlik is. Nadat die troepe omtrent drie minute weg was het twee gewapende [Swartes] by my huis gekom wat van die vyand was. Die een het my huis ingekom en my gevra om by my te slaap in my kamer. Ek het gedreig om hom met 'n mes te steek, maar hy het die mes uit my hand geneem. Ek wou toe by die deur uitvlug, maar die [Swarte] het my gepak en my na die kamer gesleep. Toe kom sy maat ook die huis in en gryp my ook. Hulle skeur toe my klere. Die een het my vasgehou en die ander <een> was besig om my te verkrag, wat hy ook gedoen het. Ek het my verweer maar hulle was te sterk en wou my verwurg, waardeur my krag toe verswak en hulle in staat was om my te verkrag. Die een was eers besig en toe het die ander een [my beetgepak] en my ook verkrag. Ek het aan hulle gesê dat ek siek is, maar hulle het nie geluister nie. Ek is seker dat altwee [my wel ten volle verkrag het].* Nadat altwee klaar was, het hulle my gelos en toe weggegaan. Ek was toe <vir> vier dae bedlêend vanweë die stampe en mishandeling.

*Geteken: A.C. de Jager*

Verklaar voor my op hierdie 3de dag van Maart 1902 op die plaas Halfmaan, distrik Bethlehem, M.W. Serfontein, landdros van Reitz, O.V.S.

## 20. Beëdigde verklarings voor kommandant A.J. Bester

### 20.1 Aanval op vrou en kinders

Beëdigde verklaring van mevrou J. Bester, Oudtshoorn.

Ek verklaar dat op die 13de Februarie 1902 deur die vyand op my dogter geskiet is, wat uit die huis gegaan het om water te gaan haal. In die agtermiddag is op my en my dogter geskiet op 'n distansie van 300 treë. Ek het hulle gesien die gewere van die skouers afhaal en op ons vuur sodra as wat hulle ons gesien het.

Woensdag die 19de is weer op my geskiet toe ek uit die huis gegaan het om hout te gaan haal.

*Geteken: H. Bester*

*Beëdig voor my A.J. Bester, kommandant. Wyk Middel-Liebenbergsvlei, distrik Bethlehem, O.V.S.*

**20.2 Aanval op vrou en kinders**

Beëdigde verklaring van mevrou A. Bester, Bultfontein. Ek verklaar dat op die 19de Februarie, in die agtermiddag omtrent 3 uur, deur die vyand op my en my kinders geskiet is en die aand is weer 'n paar skote gelos toe ek langs die huis gesit het en die kinders onder en voor die veranda gespeel het.

*Geteken: J. Bester*

*Beëdig voor my, A.J. Bester, kommadant, wyk Middel-Liebenbergsvlei, distrik Bethlehem, O.V.S.*

Bultfontein, 26.02.1902

**21. Beëdigde verklarings voor H.H. van Coller, kommandant**

**21.1 Afbranding van huis en swak behandeling van vrou en pasgebore kind**

Naam: Mev. Hester Magdalena van Rooyen, woonagtig te "Tyger", distrik Heilbron, O.V.S.

Ek sweer plegtig onder eed dat op die 20ste Januarie 1902 kolonel Rimington se kolonne hier verbygetrek het. Die 19de Januarie 1902 het ek aan 'n kindjie geboorte geskenk.

<Op> die 20ste Januarie 1902 het hulle die huis aan die brand gesteek. Aangesien daar niemand was om my uit te dra nie, was ek maar verplig om self uit die reeds brandende woning te sukkel om aan die ontbering van verbranding te ontkom.

Teen die aand het ek gesukkel om die waenhuis te gebruik, maar meteens vuur die brandwagte van kolonel Rimington so hewig op my, dat ek verplig was om weer terug te

sukkel om veiligheid teen die koeëls te bekom.

*Geteken: H.M. van Rooyen*

*Beëdig voor my, op die 19de Februarie 1902, H.H. van Coller, kommandant, distrik Heilbron, O.V.S.*

## 21.2 Afbrand van huis en onmenslike behandeling van verswakte vrou

Naam: Mev. Anna Susanna Grové woonagtig te "Vogelstruisfontein", distrik Heilbron, O.V.S.

Ek sweer plegtig onder eed: Dat op die 11de November 1901 ek geboorte geskenk het aan 'n klein seuntjie. Op die 13de November 1901 het een van die Britse kolonne my huis aan die brand gesteek, waar ek nog bedlêend was. Daar was niemand om my uit die sterk brandende huis uit te help nie. So was ek verplig om met my siek liggaam self uit te sukkel. Met behulp van naburige vroue het hulle my teen die aand in die waenhuis gebring.

Geteken: A.S. Grové

*Beëdig voor my op die 21ste Februarie 1902, H.H. van Coller, kommandant, distrik Heilbron, O.V.S.*

## 21.3 Afbrand van huis en Boere haweloos gelaat

Naam: Mev. Johanna Elizabeth Delport, woonagtig te "Tyger", distrik Heilbron, O.V.S.

Ek sweer plegtig onder eed dat op die 19de Januarie 1902, kolonel Rimington se kolonne hier verby getrek het. Verskeie van sy manskappe was hier by die huis, waar my ou vader, ouderdom 76 jaar, by name Roelf Petrus van Rooyen, reeds sewe maande siek gelê het. Op bevel van kolonel Rimington het hulle toe die huis aan die brand gesteek, nadat hulle my ou vader uitgedra het. Teen die aand, met behulp van ander vrouens, het ons die ou man in die waenhuis gedra.

my beseer het. Toe het hulle met geweld die huis binnegekom, die potte ensomeer geneem, al die eetware sodat ek niks gehad het nie, tot my man die volgende dag gekom het. Toe het 'n offisier hulle uitgedryf. Later het een gekom en gesê dat hy 'n offisier is en gevra of dit my baba is. Ek antwoord ja. Hy het gesê ek moet kom dat hy vir my 'n ander een moet maak. Ek het uit die huis gegaan. Later nooi hy my na die kamer. Ek wou nie in die huis kom nie, want ek was bevrees vir hom.

Later het twee gekom en probeer om my om te haal. Toe ek weier knoop hulle die broeke van voor los en [ontbloot hul aan my]* en dreig om my dood te skiet indien ek nie inwillig <om> met hulle gemeenskap te hê nie. Ek het so bevrees geword dat ek my kinders geneem en gevlug het. Hulle het vreeslike taal gebruik.

*Geneem onder eed deur my, C.F. Snyman, spesiale vrederegter*

## 23. Beëdigde verklarings voor H. Potgieter, landdros van Heilbron, te velde

### 23.1 Brief oor wandade gepleeg op vrouens en kinders

Landdroskantoor
Te velde
21 Februarie 1902

Die weledele
Gestrenge heer
Hoofkommandant
C.R. de Wet

Die weledele gestrenge heer,

Hiermee stuur ek u enkele beëdigde verklarings van gevalle van barbaarse mishandeling van weerlose vrouens en kinders deur die vyand en [Swartes] berokken. Naamlik

I. Poging tot verkragting op Anna Gertruida de Jongh op Burnetsland op die 24ste Januarie 1902 in Kroonstad-distrik en

Meteens vuur die brandwagte, wat nie ver was nie so hewig op ons dat ons verplig was om die ou man so te laat staan en veiligheid te soek teen die koeëls.

*Geteken: J.E. Delport*

*Beëdig voor my op die 19de Februarie 1902, H.H. van Coller, kommandant, distrik Heilbron, O.V.S.*

## 22. Verklarings voor C.F. Snyman

### 22.1 Huis deur troepe geplunder

17 Februarie 1902. Verklaring van mev. George Filmolter, Honingklip, distrik Harrismith, O.V.S.

Die vyand <het> hier gekom. Ek het in die deur gestaan. Hulle het my byna onderstebo gestamp en my uit die huis gedryf en die huis vir die tweede keer afgebreek, al my klere, potte, ketels, tafel, stoele en beddens geneem wat hulle in die veld uitgeskud het, asook al my eetware, sodat ek niks te ete gehad het vir twee dae nie, met agt kinders. 'n [Swarte] het my gehelp om die klein kindertjies deur 'n klein venstertjie uit die huis te haal - <hy was> baie brutaal gewees. Ek het hoegenaamd geen klere vir my en die kinders gehad nie.

*Geneem onder eed deur my, C.F. Snyman, spesiale vrederegter.*

### 22.2 Huis geplunder en vrou snywond toegedien Bernie

17 Februarie 1902. Verklaring van mevrou F. Stiar, Honingklip, distrik Harrismith, O.V.S.

Die vyand <het> hier gekom. <Hulle> wou in die huis kom, maar ek het in die deur gestaan. Hy wou met geweld in die huis kom. Toe hy my nie uit die deur kon kry nie, het hy die bajonet geneem en met mening gesteek om my op die maag te tref, maar ek het met die hand gekeer en 'n oop sny aan die hand gekry en deur my klere. Indien ek dit nie gekeer het nie, sou hy

dreiging tot dieselfde misdaad op die ander vroue-persone aanwesig en aanranding op byna almal van hulle, soos blyk uit verklarings van

*1. Anna Gertruida de Jongh (aangerand).*
*2. Anna Gertruida de Jongh*
*3. Engela Margarietha de Jongh*
*4. Maria Magdalena de Jongh*
*5. Alida Maria Haasbroek*
*6. Catharina Cornelia de Jongh*

II. Poging tot verkragting hoofsaaklik op Sarie Margarietha Cilliers en dreiging tot dieselfde misdaad op die ander vrouepersone aanwesig en aanranding op byna almal van hulle op Stavo, distrik Kroonstad, op die 23ste Desember 1901, soos blyk uit verklarings van

*1. Johanna Sofia Grové*
*2. Susanna Elizabeth Margarietha Grové*
*3. Sarie Margaretha Cilliers*
*4. Aletta Johanna Engelbrecht*

III. Die skiet op en gevangeneming van 'n vrouelaer op die plaas Stavo, distrik Kroonstad, omtrent die maand November 1901, blykens verklarings van Petrus Herhardus Booysen, en die getuies S.F. Mouton en C.L. Pretorius kan verklarings aflê dat die voormelde feite die waarheid is, en as sodanig kan vele ander persone verklaar.

IV. Vyf besondere gevalle, elk bevattende poging tot verkragting en aanranding en dreiging tot mishandeling, blykens verklarings van:

*1. Aletta Christina Crous*
*2. Pouline Johanna van der Merwe*
*3. Johanna Susanna Crous*
*4. Glaudina Maria Brits*
*5. Magdalena Elizabeth Booysen*

en die getuie J.S. de Beer, C.M. Botha en Margarietha Botha was ook teenwoordig in die 5de geval en kan ook verklarings aflê van dieselfde inhoud.

Vanweë die vyandelikhede gedurende die ..............[?], kon bygaande dokumente nie versend word nie, en aangesien u edele die 22ste deser bepaal het vir die instuur van sodanige dokumente, kan ek nie meer verklarings voor hierdie tyd neem nie, maar indien u edele verlang dat ek meer moet neem, sal ek dit doen en aan u edele afstuur.

Met hoogagting,

*H. Potgieter, landdros.*

## 23.2 Poging tot verkragting en aanranding

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, landdros van Kroonstad, te velde op hede die 20ste dag van die maand Februarie 1902 op die plaas Sterling, distrik Heilbron.

Anna Gertruide de Jongh wat sweer en sê: Ek woon tans op die plaas Sterling in die distrik Heilbron, maar het met my moeder op die plaas Burnetsland gewoon vanaf 26 Desember 1901 tot omtrent 26 Januarie 1902, vanwaar ons weer moes vlug uit vrees vir die barbaarse en onbeskaafde behandeling van die [Swarte] wat deur die vyand gebruik word.

Ongeveer 24 Januarie 1902 het drie gewapende [Swartes] van die vyand by ons huis <aan die deur> gestamp op Burnetsland, waarop my suster Catharina die deur oopmaak. Hulle het binne gekom en die deure toegedruk en my moeder het die kers opgesteek, waarna die [Swartes] die huis deursoek na Boere. Die nag was daar geen Boer in die huis nie. Twee van die [Swartes] was in ons slaapkamer - terwyl almal oor ons klere praat - waarop my suster Engela en ek in die kamerdeur gaan staan om te sien dat hulle dit nie moes vat nie. Moeder het by ons op 'n kis gesit. Een [Swarte] het 'n kers gehou en het ook later ingekom.

Een van hulle, wat deur die ander twee Frans genoem is, het my toe van agter om my middellyf gegryp en ek het na moeder geroep om hulp, maar ek was so verskrik dat ek nie geweet het wat hy gedoen het nie, maar later het ek weer bygekom en langs moeder op die kis gesit. Hy het my toe weer

van die kis afgeruk en my op die grond neergegooi. Hy het my klere opgetel met sy hand en my met sy ander hand op die bors vasgedruk. Ek het hom weggestoot maar ek was naderhand so vermoeid en te magteloos, sodat ek maar slegs geworstel het wanneer my asem weer bykom. [Hy het my onsedelik aangerand]*. Ek glo nie dat hy sy doel bereik het nie, deurdat ek gedurig geworstel het wanneer dit in my vermoë was en ook telkens sy een hand beetgekry en vasgehou het en ook omdat die [Swarte] volgens die reuk van sy asem half dronk was van kafferbier. Ek het geen pyn [inwendig]* gevoel nie, maar het kwaai pyn in my rug, bene en arms gehad, en ook het ek blou merke aan my bene, arms en op my elmboog was die velle afgeskuur [soos ek teen die grond gelê en worstel het]. Ook agter my skouers het ek kwaai pyn gehad. Ek is negentien (19) jaar oud en is ongetroud.

*Geteken: A.G. de Jongh*
*Voor my H. Potgieter, landdros, 20.02.1902*

## 23.3 Aanranding op vrouens Bernie

Verklaar voor my Hendrik Potgieter, landdros van Kroonstad, te velde, op hede die 20ste dag van die maand Februarie 1902.

Anna Catharina de Jongh wat sweer en sê: Ek woon tans op die plaas Sterling, distrik Heilbron, maar het tot onlangs gewoon op die plaas Burnetsland in die distrik Kroonstad, waar ek op 26 Desember 1901 gekom het, maar my vaste woonplek voor die oorlog was Roodepoort, distrik Kroonstad. Op of omtrent die 22ste Januarie 1902 het daar by my aan huis op Burnetsland ses gewapende [Swartes] gekom van die vyand, gewapen met gewere en patroonbande. Hulle het niks meer gedoen as om die huis te deursoek vir Boere en mansklere nie en het teenoor ons gesê <dat> as ons parmantig is het hulle die volle reg om ons met die sambok te slaan. Ons was hoegenaamd nie parmantig nie.

Twee dae daarna het daar drie gewapende [Swartes] met gewere en patroonbande gekom. Hulle het in die nag gekom, omtrent drie uur in die oggend. Hulle het aan die deure gestamp

waarop ons oopgemaak het. Hulle het die huis vir Boere ondersoek. Nadat hulle die huis goed deursoek het, het hulle weer na die slaapkamer gekom en een van die [Swartes] - 'n groot sterk [Swartman] - het toe my dogter Anna Gertruida, 19 jaar oud en ongetroud, van agter om die lyf gegryp en gepoog om haar op die grond neer te gooi, maar my ander dogter, Engela en Maria en ek het haar gehelp, sodat ek haar op 'n kis vasgehou het, maar die [Swartman] het ook vasgehou en die ander twee gemelde dogters weggeslaan toe hulle wou help. Maar ek was te magteloos en die [Swartman] het my oorweldig en haar losgetrek van my en haar teen die grond gewerp en op haar neergeval, haar klere opgetel en die houding ingeneem asof hy vleeslike gemeenskap met haar gehad het, maar ek weet nie of hy sy doel bereik het, want ek was asof ek van my sinne <beroof> was van skrik en angs.

Terwyl die [Swartman] besig was om my gemelde dogter Anna Gertruida so te verkrag, wou my reeds genoemde twee dogters Engela en Maria, my dogter Hester en mevrou Alida Haasbroek en ek haar ontset, maar hy het ons weggeslaan en gedreig om ons te skiet met sy geweer, wat langs hom gelê het. Anna Gertruida het geskreeu en geworstel om los te kom, sodat haar skouers, arms en bene vol merke en blou vlekke was.

Ek meen dit het ongeveer 'n half uur geduur dat hy met Anna Gertruida besig was en toe hy haar loslaat het sy opgestaan en was swak en half flou. Ek het haar water gegee om te drink, terwyl sy langs my kom sit het. Toe hy klaar was het hy die huis verlaat sonder om iets te sê. Dit is vir my een van die bitterste oomblikke wat ek ooit beleef het. Ek sien my dogter liewer as 'n lyk wegdra voordat ek haar so sou sien verkrag <word>.

Ek is getroud met Jurgens Jacobus de Jongh, wat ruim dertien (13) maande gelede krygsgevange geneem is deur die vyand.

My huis is lankal reeds, in Julie of Augustus, deur die vyand verbrand sonder enige rede.

*Geteken: A.G. de Jongh*

*Voor my, H. Potgieter, 20.02.1902, landdros, Kroonstad.*

### 23.4 Poging tot verkragting en aanranding

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, Landdros van Kroonstad, te velde, op die plaas Sterling, distrik Heilbron, op hede die 20ste Februarie 1902.

Engela Margaritha de Jongh, wat sweer en sê: Ek woon tans ook nog op Sterling met my moeder en is ongetroud. Op of omtrent 24 Januarie 1902 het drie gewapende [Swartes] van die vyand [Engelse] gekom, aan die deur gestamp en gevra of daar Boere was, toe my suster Catharina oopgemaak het.

Nadat hulle ingekom het, het moeder 'n kers aangesteek. Hulle het die huis deursoek. Daar was dié nag geen Boer in die huis nie. Hulle het kort voor dagbreek die nag daar in die huis gekom.

Nadat hulle [Swartes] omtrent 5 minute in die huis was, het een [Swartman] my suster Anna Gertruida om die lyf gegryp en wou haar in die kamer intrek. Ek het hom nie gesien toe hy haar gegryp het nie, maar dit sê sy self vir my; maar ek het gesien moeder probeer haar help en my suster Catharina en ek het haar ook gaan help en haar toe tot op 'n kis gebring, waar moeder haar vasgehou het. Ek het na 'n ander [Swarte] gehardloop om sy geweer te vat met die doel om die [Swartman] wat besig was om my suster te probeer verkrag te skiet, maar die [Swartman] wou die geweer nie gee nie en het toe op sy perd gespring. Toe ek terugkom sien ek die [Swartman] het my suster Anna Gertruida op die grond, terwyl hy bo-op haar lê en wou hom aftrek, maar hy het my 'n klap gegee op die linkerwang sodat ek bewusteloos was. Ek weet egter dat ek, toe ek uit die kamer kom, by die kis in die eetkamer bedwelm neergeval het en daarna uitgegaan het.

Toe ek inkom was my suster al losgelaat. Sy was bleek en het erg vermoeid gelyk en het gaan lê. Die volgende dag het ek blou kneusplekke aan haar arms, bene en skouers gesien.

Aan haar bene was kneusplekke aan die binnekant. Ek is nog ongetroud en 27 jaar oud.

*Geteken: E.M. de Jongh*

*Voor my H. Potgieter, landdros, 20 Februarie 1902.*

## 23.5 Poging tot verkragting en aanranding op vroue

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, landdros van Kroonstad, te velde, op Sterling, distrik Heilbron, op hede die 20ste Februarie 1902.

Maria Magdalena de Jongh, wat sweer en sê: Ek woon tans te Sterling en was ook op Burnetsland aanwesig toe daar in die nag van 24 Januarie 1902 drie gewapende [Swartes] aan die deur kom stamp het en hulle het later die huis binnegekom, vraende: "Waar is die Boere?" Ek het gesien een van die [Swartes] het my suster Anna Gertruida om die lyf gegryp en poog om haar teen die grond te druk, terwyl moeder en my twee susters, Engela en Catharina, probeer om haar los te trek tot op 'n kis, maar op die kis het hy haar weer uit die hande van my moeder gegryp en haar op die grond gegooi <en> haar rokke opgetel sodat haar bene kaal was. Die [Swartman] het daar op haar gelê, terwyl sy geworstel het en om hulp geskreeu het. Hy was ongeveer 'n halfuur met haar besig. Voor die [Swarte] my suster geneem het, het die ander [Swarte] die kers doodgeblaas.

Die volgende dag het ek blou-geel kneusmerke aan die arms, bene en skouers van my suster gesien. Na alles verby was, was my suster baie moeg en bleek en het gaan lê. Ek is sestien (16) jaar en ongetroud. My suster Engela het 'n klap op die wang gekry toe sy Anna wou help en ook andere wat wou help het hy weggeslaan. Ook het hy gedreig om ons te skiet toe ons wou help.

*Geteken: M.M. de Jongh*

*Voor my, H. Potgieter, landdros, 20.02.1902.*

In Groenpunt Krygsgevangene kamp was daar 'n hele klompie bekendes van Ficksburg en ander distrikte wat met die oorgawe van Gen. Prinsloo in Fouriesburg gevange geneem is. Die arme mense kon nie tyding kry van hulle families nie. Een van hulle vra toe in 'n brief vir my of Tant Martjie Louw (martial law) nog lewe in die Vrystaat. Hulle wil tog te graag weet wat aangaan.

Ek het toe op fyn wit papier met suurlemoensap al die nuus van die Engelse koerante geskrywe, en nadat ek 'n pakkie masena versigtig met 'n skerp mes oopgemaak het, die papiertjie met nuus in die masena ingedruk en mooi netjies die pakkie weer toegeplak. Die pakkie masena het ek in een van die kissies eetware wat my Vader gereeld weggestuur het kamp toe, gesit met 'n blikkie kondensmelk by. Nadat die vriend bedank het vir die kissie goed skrywe ek aan hom, vir 'n afwisseling in die daelikse kos rantsoen, het ek die pakkie masena en melk gestuur.

Hulle moet die reseppe van die poedings probeer. Die reseppe wat in die pakkie is, is die papier soms gekreukel, dan moet 'n mens maar net met wasdag dit uitstryk dan is dit weer duidelik leesbaar. Die dag daarop kry ek 'n bedanking vir die heerlike resep. Hulle is al so moeg vir die ou eentonige kampkos dat dit 'n heerlike verwisseling vir hulle was. Hulle sal baie dankbaar wees om nog "reseppe" te kry. Met die pos het ek toe 'n paar maal boeke gestuur met "reseppe" in, en die paar blaaie van die boek 'n paar plekkies aanmekaar geplak. Dit het 'n rukkie goed gegaan. Ek het baie briewe van dank en waardering ontvang. Een goeie dag kry ek 'n brief van 'n man wat vir my totaal onbekend was. Hy skrywe vir my soos volg: "Miss Joubert, hier die paar lyne is net om jou te waarsku om nie meer 'reseppe' te stuur nie. Een van die vriende aan wie jy soveel weldade bewys het, het die eed van getrouheid afgelê en is as 'cencor' weg Vrystaat toe." Ek het baie groot geskrik, want dieselfde oggend het ek vir Ita Malan juis 'n brief laat pos, waarin ek haar vertel van die geveg by Vier-en-twintig riviere, waar ons mense onder Gen. Manie Maritz die Kakies of "Town guard" van Wellington so geskiet en op loop geja het, dat van hulle die dorp kaalkop ingejaag gekom het. Dit was maar koerant nuus. My skrik was nie verniet nie, want dieselfde dag om 12 uur kom daar

'n kar met Baker, die sersant van Polies en die publieke vervolger Jim du Toit op die plaas aan om my te kom haal. Die Magistraat wil my sien. Toe hulle op die dorp kom, hou hulle voor die tronk stil en die Sersant sê vir my: "Wel, nou moet ek vir jou sê dat ons jou gearresteer het, en jy moet tronk toe gaan." Ek sê toe, "goed", klim van die kar af en stap tronk toe. Die tronk bewaarder sy vrou Mev. Pringle, het my toe daar in 'n ou kamertjie met misvloer en 'n venstertjie bestaande uit een ruit gaan opsluit.

Dit was die 24ste Maart 1902. Ek was nie in die minste bang of senuagtig nie. Ek was mos saam met ons mense in die oorlog in die Vrystaat en Transvaal. Ek het mos geweet dat die tronke vol was van ons beste Afrikaners, predikante, advokate, Parlementslede, en vooraanstaande boere wat gesimpatiseer het met die twee Republieke.

Eers wil ek vertel dat enige weke voor hulle my gearresteer het, het twee seuns van die Jongens Hoër Skool, meen ek, weggeloop. Hulle wou by die Boere gaan aansluit, maar het weer bang geword, omgedraai en hulleself kom rapporteer by die Magistraat of Engelse. Hulle moes hulle vonnis op die Wellington markplein in 'n Militêre sirkel ontvang. Mnr. Daantjie Cillie, 'n ou man wat 'n winkeltjie gehad het op Wellington, Maria Visser, later Mev. Eerw. Karemacker, en suster van Danie Visser wat baie jare klerk van die Parlementshuis was, my Vader en ek, en nog 'n paar ander, was gekommandeer om in die Militêre sirkel te verskyn om die vonnisse aan te hoor. Ons was "ongewenstes" op die swart lys, en moes 'n afskrik kry, en lojaal gemaak word aan die Britse Regering. Of dit die gewenste indruk op die ander gemaak het, weet ek nie. Nie op my nie!

Die 24ste Maart is ek gearresteer, en die 25ste het ek vir voorlopige verhoor voor die Magistraat verskyn, en daar is die brief wat ek die vorige dag laat pos het vir Ita Malan voorgelees. Die Magistraatshof was gepak van mense. Die Magistraat, Mnr. v.d. Poel, het die censor de Kock gevra of hy al meer briewe in die handskrif te vore gesensureer het. Hy het bevestigend geantwoord. Die Magistraat vra toe vir my of ek al meermale sulke geheimsinnige briewe geskrywe het. Ek sê toe, "dit moet u vir die Censor vra, Meneer."

## 23.6 Aanranding op Boerevrou

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, landdros vir Kroonstad, te velde, op Sterling, distrik Heilbron, op hede die 20ste Februarie 1902.

Alida Maria Haasbroek, wat sweer en sê: Ek woon tans te Sterling, distrik Heilbron, maar tot op 25 Januarie 1902 het ek gewoon op Burnetsland, distrik Kroonstad, en was ook op of omtrent 24 Januarie 1902 teenwoordig in die nag toe daar drie gewapende [Swartes] in die huis gekom het, waarin mevrou Anna G. de Jongh en ek gewoon het. Die [Swartes] het gevra of daar Boere in die huis was. Daar was dié nag geen Boer in die huis nie. Ek het gesien dat een van die [Swartes] die jong meisie Anna de Jongh om die lyf neem en haar later teen die grond gooi vanaf 'n kis, uit die hande van haar moeder, wat haar probeer help het. Die [Swarte] het gedreig om almal wat haar wou help, te skiet en het almal weggeslaan wat haar wou help. Die [Swarte] het op haar gelê en ek het gesien dat haar bene kaal was, maar my klein kinders het so erg geskreeu dat ek opsy gegaan het, maar ek is oortuig dat hy [die Swartman] haar met alle mag wou verkrag en ek weet nie of hy sy doel bereik het nie.

Ek is getroud met Jan Haasbroek van kwaggaspruit, distrik Kroonstad.

*Geteken: A.M. Haasbroek*

*Voor my, H. Potgieter, landdros, 20.02.1902.*

## 23.7 Poging tot verkragting

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, landdros vir Kroonstad, te velde, op die plaas Sterling, distrik Heilbron, op hede die 20ste dag van Februarie 1902.

Catharina Cornelia de Jongh, wat sweer en sê: Ek woon tans te Sterling en is 24 jaar oud en ongetroud. Op of omtrent 24 Januarie 1902, toe die [Swarte] probeer het om my suster Anna Gertruida te verkrag, te Burnetsland, het ek ook gehelp om haar

te ontset, totdat ons haar op die kis gekry het en die kers vir die tweede maal opsteek omdat die [Swartman] die deur in ons hande <toe-> geslaan het. Maar ek gee toe pad uit vrees dat die [Swarte] my ook sou probeer verkrag, maar het daarna vir 'n tweede maal kom kyk na my suster en hom bo-op haar sien lê, terwyl haar bene kaal was en sy geworstel het en erg vermoeid [voorgekom] het, volgens haar swaar asemhaling.

Nadat alles afgeloop was het ek die volgende dag baie blou kneusplekke aan haar arms, bene (aan die binnekant) en op haar kruis gesien. Die [Swartes] was almal gewapen met gewere en bandoliers met patrone. Daar was dié nag geen Boer in die huis nie. Dit het gebeur omtrent een uur voor dagbreek, die nag. Die [Swartes] het gesê dat hulle deur die Engelse gestuur is om te sien of daar Boere was.

*Geteken: C.C. de Jongh*

*Voor my, H. Potgieter, landdros, 20.02.1902.*

**23.8 Berowing en aanranding van vrou**

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, landdros van Heilbron, te velde, op hede die 19de dag van die maand Februarie 1902 op die plaas Dyselspruit in die distrik Heilbron.

Johanna Sofia Grové, wat sweer en sê: Ek woon tans op die plaas Dyselspruit, distrik Heilbron, maar het tot onlangs op die plaas Stavon in die distrik Kroonstad gewoon.

Op of omtrent 23 Desember 1901 het daar by ons op Stavon sewe gewapende [Swartes] met gewere en patroonbande gekom. Die verklaring van my moeder het ek gehoor. Dit is alles die waarheid. Ek is agtien jaar oud en ongetroud. Ek het die aand gesien dat 'n [Swarte] my getroude suster Anna Cilliers op die regterbeen skop, toe sy haar tas wou terugneem. Die skop was so hard dat sy omtrent twee treë agteruit gesteier het <tot> teen die muur van die huis. Sy kon vir omtrent vyftien dae nie op die been trap nie en so groot as wat die [Swarte] se skoen was, was daar 'n blou-pers merk op haar been. 'n Ander [Swarte] het

'n patroon in die geweer gedruk en teenoor my suster Anna gesê hy sal haar skiet as sy nog een woord praat oor die portmenteau. Sy was nooit parmantig nie, maar het mooi gepraat met die [Swarte].

Eindelik het hy die portmenteau geneem en is daarmee weg, met al my suster se klere, behalwe wat sy aangehad het. Ook het hy drie komberse van my moeder geneem en ook komberse van die ander vroue, sodat ons ons nie behoorlik kon [help] met komberse nie.

Na dit het weer 'n [Swarte] gekom en gepoog om die jong mevrou A. Pretorius en S. Cilliers te soen, maar hy is deur hulle weggedruk. Hy [was agtereenvolgens by suster Anna, by my, by suster Sannie] en gesê: "Een van julle wil ek hê" en daarna "Een van die meisies wil ek hê." Daarop gryp hy mev. Sarie Cilliers om die lyf en druk haar op die grond. Ek spring toe uit uit vrees. Ek het nie gesien dat Aletta Engelbrecht die [Swarte] op die kop kap met 'n mes en sodoende haar suster ontset nie. Nadat die [Swarte] komberse geneem het, het hy gesê: "Al wat vroumens is moet by die deur uit!" Ons het toe gedink hy wou die huis afbrand en het probeer om van ons goedere uit te bring. Ons het die nag gevlug na die plaas van Jacobus Botha, uit skrik vir herhaling van die barbaarse behandeling.

*Geteken: J.S. Grove*

*Voor my, H. Potgieter, landdros, 19.02.1902*

### 23.9 Roof van eiendom en aanranding

Verklaar voor my, Hendrik Potgieter, landdros van Heilbron, te velde, op hede die 19de dag van die maand Februarie 1902 op die plaas Dyselspruit, in die distrik Heilbron.

Susanna Elizabeth Margaretha Grove, wat sweer en sê: Ek woon tans op Dyselspruit, maar het tot onlangs op die plaas Stavon, distrik Kroonstad gewoon. Op of omtrent 23 Desember 1901 het daar in die nag omstreeks elf uur sewe gewapende [Swartes] op gemelde plaas Stavon gekom, by die huis waarin ek

gewoon het met 5 van my kinders, waarvan een, Anna Susanna, getroud is met Sarel Cilliers en Johanna Sofia, 18 jaar oud, en Susara Elizabeth Margaretha, 15 jaar oud, ongetroud. Voorts was nog aan huis Christina van Schalkwyk, getroud met Theuns van Schalkwyk, Susanna van der Westhuizen, getroud met Hermanus van der Westhuizen, Aletta Engelbrecht, getroud met Willem Engelbrecht. Die gemelde mans was toe almal gevang, behalwe H. van der Westhuizen en Christoffel Cilliers, wie se vrou Bettie ook teenwoordig was en 'n jong meisie Anna Pretorius en Sarie Cilliers, beide ook nog ongetroud. Al die genoemde persone is onder die afdeling van kommandant Barend Cilliers, distrik Kroonstad. [Swartes] het aan die deur gestamp. My dogter Annie het oopgemaak en gesê op 'n vraag van een van die [Swartes] dat daar geen Boere was nie. Daar was twee Boere in die huis, Christoffel Cilliers en H. van der Westhuizen, reeds gemeld, maar toe hy die [Swartes] gewaar het hy stil uit die huis gegaan en het nie uit die huis na buite geskiet nie, maar weggevlug.

Die [Swartes] het egter een van hulle [Swartes] self raakgeskiet. Na dit het die [Swartes] met geweld die huis binnegekom en ons beveel om kerse op te steek, wat ons gedoen het. Hulle slaan toe die naaimasjien van Sarie Cilliers stukkend en neem van my kinders drie komberse, sodat ek toe slegs twee oorgehou het vir my<-self> met vyf kinders. Ook van al die ander vrouens het hulle komberse geneem, behalwe van mevrou Engelbrecht (ek weet nie), sodat ons ons nie kon help nie. Hulle het selfs die komberse afgetrek van kindertjies wat slaap. Van my getroude dogter Anna het hulle 'n portmenteau geneem met al haar klere, behalwe wat sy aan haar lyf gehad het. Sy het aan die portmenteau gevat en dit terug gevra, toe die [Swarte] wat dit gehad het, haar geweldig op haar linkerbeen skop tussen die knie en die heup, sodat sy omtrent twee treë agteruit steier, tot teen die muur. Vir goed 15 dae kon sy byna nie op die been trap nie en so groot as wat die [Swarte] se skoen was, was daar 'n blou vlek op haar been.

Vervolgens wou 'n [Swarte] toe <vir> Anna Pretorius en Sarie Cilliers soen, maar hy is deur hulle weggestamp. Daarna wys hy na my dogter [illegible]na en Johanna en sê vir my: "Een van hulle wil ek hê." T[illegible] hy: "Blaas die kerse dood." Toe ons

weier slaan hy met sy sambok, twee kerse dood, een in die hand van my dogter Susanna.

Na dit het hy Sarie Cilliers op die grond gegooi, maar haar suster Aletta Engelbrecht het <haar> te hulp gekom en die [Swarte] met 'n vleismes op die kop gekap, waarop hy Sarie Cilliers loslaat en Aletta Engelbrecht aan die keel gryp. Sy skop toe die [Swarte], wat haar daarop loslaat. Herhaaldelik het die [Swarte] gesê: "Een van die jong meisies wil ek hê." Ek is oortuig dat hy een of ander van die jong meisies wou verkrag, maar vanweë die worsteling kon hy nie sy doel bereik nie. Dit was vir my verskriklik om so iets te ondergaan. Dieselfde nag nog, na die [Swartes] weggegaan het, het ons almal te voet gevlug na die plaas van Jacobus Botha, omtrent 40 minute van daar.

Toe die [Swarte] die portmenteau van Anna Cilliers geneem het, het 'n ander [Swarte] bygestaan en gedreig om haar te skiet toe sy probeer het om die tas los te trek. Ek is getroud met Izak Grove van Stavon.

*Geteken: S.E.M. Grove*

*Voor my, H. Potgieter, landdros, 19.02.1902*

### 23.10 Onsedelike optrede en aanranding

Beëdigde verklaring geneem op die plaas Paardefontein, distrik Kroonstad, van Sarie Magrietha Cilliers.

Ek het op die plaas Elandspruit, distrik Kroonstad gewoon. Op of omtrent die 23ste Desember 1901, het twee gewapende [Swartes] van die vyand op bogemelde plaas gekom. Hulle het toe in die huis gekom. Een van die [Swartes] roep my na die waenhuis en ek vlug toe in die huis in, in een van die slaapkamers. Hy het my die kamer in agtervolg en gevra: "Waar is my meisie?" Daar het kerse in die huis gebrand en die [Swarte] het albei doodgeslaan. Ek het toe uit die kamer na buite gevlug, en toe weer deur die venster die kamer in. Hy het my tot in die kamer agtervolg en my aangerand, my met sy hand geslaan op my kop en sy sambok geneem en daarmee oor my arms geslaan.

<Hy het> my aan die hand gevat en my na buite gesleep. Hy het my op die grond vasgedruk en gepoog om my te mishandel. Aangesien my suster Aletta dit toe sien, het sy tot my hulp gekom en my uit sy hande ontset. Sy het hom 'n hou met 'n mes oor sy kop gegee en hy het my laat los en haar gevolg. Ek het deur die kamervenster gespring en vir my lewe gevlug na die tuin. Dit was op Stavone.

*Geteken: S.M. Cilliers*

*Beëdig voor my M.F. Reeve, veldkornet.*

**23.11 Ernstige aanrandings**

Beëdigde verklaring geneem op die plaas Rietfontein, distrik Heilbron op die 19de Februarie 1902 van Aletta Johanna Engelbrecht.

Ek woon op die plaas Elandspruit, distrik Kroonstad. Op of omtrent in Desember laaslede, 1901, laat in die aand, het sewe gewapende [Swartes] van die vyand op bogemelde plaas gekom. Een van die [Swartes], wat my suster Sarie aangerand het was in die huis. Ek het toe tussenbeide gekom. Ek het 'n kapmes in my hande gehad, waarmee ek hom 'n hou oor sy kop gegee het. Hy los toe my suster en agtervolg my. Ek vlug toe uit die huis na die tuin. Aan die kant van die bome het hy my in die hande gekry. Hy het my daar op die wreedste, barbaarse wyse aangerand. Ek het sy geweer vasgehou en om hulp geroep. Trynie Pretorius het my toe te hulp gekom. Toe hy haar sien, gee hy my 'n hou teen my kop en sê: "Los die geweer!" Ek wou die geweer nie los nie, toe druk hy my keel toe. Ek los die geweer en hy los my toe en gaan weg. Dit het gebeur op Stavone.

*Geteken: A.J. Engelbrecht*
*As getuie: M.E.C. Engelbrecht*

*Beëdig voor my M.F. Reeve, veldkornet.*

# AFDELING C

## DIE OORLOGSERVARINGE VAN VROUE IN DIE KAAPKOLONIE

## 1. DIE TRONKERVARINGE VAN M.M. JOUBERT

### 1.1 Inleiding

Tydens die oorlog was dit nie net vrouens in die Boererepublieke wat groot offers moes bring nie. Ook in die Kaapkolonie is vrouens wat simpatie met die Boere gehad het aan vervolging blootgestel.[1] Ten einde 'n beeld van die opoffering van hierdie vroue vir die Boeresaak te vorm, is die tronkervarings van Margaretha Magdalena Joubert in hierdie nommer opgeneem. Sy is op 9 Mei 1879 te Twyfeling, Bogen Vallei, Wellington gebore. Tydens die oorlog is sy op aanklagte van spioenasie en hoogverraad in die gevangenis opgesluit. Die tronkervarings van hierdie dame is 'n huldeblyk aan diegene wat selfs onder toestande van krygswet hulle bydrae tot die volksaak gelewer het.

Haar oorlogservaringe is sonder redaksionele stylaanpassings in hierdie boek opgeneem. By die redigering daarvan, is daar so na as moontlik aan die oørspronklike taal en styl gebly, ten einde die gees van die werk te behou.

### 1.2 My Tronk Geskiedenis

Toe die oorlog tussen Engeland en die twee Republieke uitgebreek het in 1899, het ek onderwys gegee op die plaas Leliefontein, dist. Ficksburg. Op Twyfeling, Boven Vallei, Wellington, waar ek gebore is, het ek so aan asma gely, dat, alhoewel nog baie jonk, ek verplig was my ouers se huis te verlaat ter wille van my gesondheid. Dit was 'n Goew. skool, en toe die groot seuns in die skool vir kommando diens opgeroep is, is die skool gesluit.

---

1. Vir Britse optrede jeens Boeresimpatiseerders in die Kaapkolonie, sien J.H. Breytenbach, **Die Betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog**, pp. 40 e.v. en E. Hobhouse, **Sufferings under Martial Law.**

Ek is toe op uitnodiging van Oom David Malan, wat met my moeder haar enigste suster getroud was, naar die plaas Hartbeeshoek, agter Magaliesberg, Pretoria. Gedurende die tyd wat ek daar gebly het, het ek soms vir weke op Pretoria gaan bly in die huis van Gen. Piet Joubert saam met Mej. Lily Marais van Paarl wat ook deur die oorlog vasgekeer was.

Mev. Gen. Joubert en haar dogter mev. Abram Malan was albei op kommando om vir die ou Generaal te sorg. In die huis van mev. Joubert was ag kinders van mev. Malan. Ons het dan die sorg van die kinders op ons gehad.

Wat 'n tyd van spanning was dit nie vir ons dogters nie, sover van ons ouers en nooit 'n brief van die huis nie!

Sowat 'n uur te perd van my Oom David af woon die ouers van Jopie Fourie, wat met die rebellie veroordeel en doodgeskiet is in 1915. Daar was 'n Goew. skool voor die oorlog. Die Skool Komitee het my gevra om daar te kom onderwys gee, en ek het ingewillig. In die tyd wat ek daar was, het die Engelse Pretoria ingeneem, en Gen. French is met sy 15,000 Tommies van Mafeking af daar verby. Dit was die eerste maal dat ek so 'n klomp Kakies gesien het. Hoe verbaas was ons oor hulle barbaarsheid om somar in die huis te kom en al wat eetbaar was, te roof en steel, en al die pluimvee dood te slaan. Op 17 Julie 1900, het Lord Maxwell, die Militêre Goeverneur op Pretoria vry 1ste klas reiskaartjies Kaap toe aan Dr. Knobel, Ds. Attie Louw van Heidelberg, Mej. Marais en myself gegee. Hy het gesê, ons moet kos saam neem vir ag dae, want ons weet nie of Gen. de Wet nie straks die spoor ergens sal opblaas, en ons in die veld vir die reparasie sal moet wag nie. Ons het veilig gereis tot in die Kaap. Die blydskap om ons Dierbares weer te sien was baie groot!

Voor ek van Pretoria af weg is, het my niggie Ita Malan, later Mev. Jan Joubert, en ek afspraak gemaak om aan mekaar gereeld te skrywe somar 'n gewone familie brief en tussen die lyne al die oorlog nuus met suurlemoen sap. Op ontvangst gebruik ons net 'n warm strykyster, en daar is al die nuus waar ons na verlang. 'n Jaar en ag maande het ons so gekorrespondeer.

Maandag môre die 2de Junie 1902 sal ek nooit vergeet nie. Dit was 'n geraas en geskree in die strate, en selfs in die tronk. Om 11 uur kom die Tronkbewaarder, 'n eentalige geimporteerde Engelsman, Mnr Nye, by my in die "European Female yard" en sê in sy besope toestand: "Peace proclaimed, all the boers have surrendered. They will not have a shred of independence, and five years military government. What is your answer to that?" "Loop vrek", was al wat ek in my woede kon uitkry.

Verskoon my wreedheid, maar ek was verbitterd by die gedagte dat ons Republieke hulle onafhankelikheid verloor het, nadat daar soveel bloed en trane vergiet was. My Vader sy woorde "Heb geloof op God," en "Myne wegen zyn niet uwe wegen," het my stil gemaak.

Die 12de Junie kry die Tronkbewaarder sy vrou tyding van haar susterskind wat ernstig siek is. Sy vertrek daarheen met die yard sleutel in haar handsak, en bly drie dae weg. Ek was toe drie dae sonder kos opgesluit. Gedurende die tyd het die Dr. elke oggend gekom, een dag die Magistraat en Mnr. van Eyk, en die eerste dag was Mnr. van Eyk ook daar om my te sien omtrent 'n petisie. Die vrou was in 'n lelike moeilikheid na sy tuis gekom het. In die tyd het ek so siek geword dat Dr. my naar die tronk hospitaal gestuur het. Daar was tog plank vloer en 'n ou bedjie. Op 17 Julie het 'n Offisiertjie, Major Benson, my naar die kantoor laat kom. Hy het toe uit 'n lang dokument voorgelees hoe groot my sonde was wat ek teen die Engelse Regering gepleeg het. Die Militêre Hof het my skuldig bevind aan hoogverraad, en veroordeel tot vyf jaar harde arbeid, maar die (Commander in Chief) Lord Kitchener natuurlik, het die vonnis genadiglik verander in ses maande tronkstraf sonder harde arbeid.

As politieke gevangene kon ek handwerk doen en het ook baie boeke gelees.

Die aand van die 8ste Aug. '02 het hulle vir my kom sê ek moet die volgende oggend klaar wees om Kaap toe te gaan naar die "House of Correction." Daar was ek in 'n kamer langs Prinses Radziwil wat beskuldig was dat sy £23,000 van Rhodes afgepers

of verduister het. Sy was deur twee wagte opgepas, maar was darem toegelaat om met my te praat.

Die 10de Aug. '02, meer as twee maande na die vrede, het Sir John Graham, destyds Sekretaris van Sir Peter Faure, vir my kom sê, dat ek vry is, en maar kan huis toe gaan.

In die tronk het daar menige dag darem een en ander gebeur wat my opgeruim het. Ek het baie briewe van familie en vriende gekry wat my bemoedig het.

Van Ita Malan aan wie ek die laaste brief geskrywe het, waaroor die moeilikheid gekom het, kry ek een dag 'n brief. Sy skrywe onderal, "Ou Niggie ek weet jy sal nooit jou kop laat hang nie, maar ingeval jy een of ander dag nie reg voel nie, sing dan maar "'Ag myn susje is gestorven' op die wysie van 'Kent gy dat volk' en speel maar die musiek op jou tone!"

Een dag het hulle 'n jong dogter in gebring wat met 'n verbode paadjie geloop het om 'n brief te gaan pos. Sy word gevonnis met £10 boete of 'n maand tronk straf. Haar vader betaal die boete en kom haar haal. Sy weier om met hom saam te gaan. Hy moes haar met geweld uitneem onder die vermaaklikste aanmerkings wat ek vir lank laas gehoor het.

Op 'n goeie aand het hulle die vrou van die Kommandant van die Kakies in volle aanddrag gekleed ingebring in so 'n besope toestand dat sy self nie geweet het wie, en waar sy is nie. Sy het haar man met 'n beker kookwater in die gesig gegooi. Die nag moes daar twee wagte by haar bly, want sy het geraas, gevloek en geskel. Voor dit helder dag was het hulle haar uitgeneem want die skande sou te groot gewees het, as so 'n groot "lady" voor die gereg moes verskyn in haar aanddrag.

(Daar was ook ander politieke gevangenes o.a. Hamilton Murray van Pretoria, Polly de Villiers van Stellenbosch, Hough 'n rebel, en die twee ou Ooms Geldenhuys, ook rebelle. Dan was daar 'n Hollander Mnr. Stam, en 'n ou Brit, Rodgers. Op 'n sekere dag het hulle Capt. Harry Beyers van Stellenbosch ingebring. Hy het 6 maande harde arbeid moes uitdien. Henry Teitge 'n apteker,

en Koos Carstens albei van die Paarl moes ook elke ses maande harde arbeid uitdien, en £75 boete elk betaal. Laasgenoemde drie was in Militêre diens en het perde en ander goed "gebuit" van die Engelse. Daar was ook 'n Jood, Leon Doherty. Hy het ook sleg gesteel en in die hande gekom). Tot sover die tronk!

Die 12de Aug. '02 het ek by my Ouershuis op Twyfeling, Boven Vallei, Wellington weer aangekom, na 'n afwesigheid van vier maande en sewentien dae wat ek in die tronk was. Dieselfde aand was 'n groot ontvangst vir my gereel deur my dierbare Ouers, vir wie ek soveel kommer en hartseer besorg het. Baie familie en vriende was teenwoordig. Wat 'n verrassing was dit vir my, en almal teenwoordig, toe twee Wilde Boere, wat end uit in die veld was daar opdaag nl. Eerste Luitenant Wynand Malan (Jack) van die Transvaalse Artillerie, en Kolonel J.Y.F. Blake, Bevelhebber van die Ierse Brigade, wat saam met die Boere end uit geveg het. Die volgende dag het hulle vertrek na Grand Rapids, Michigan V.S.A. waar Kol. Blake woonagtig was. Luit. Malan is later naar Mexico gegaan waar hy oorlede is.

Gedurende die tyd wat ek in die tronk was, het die Engelse op Pretoria vir Ita Malan dag en nag bewaak, en 'n "Tommy" het haar die hele dag gevolg waar sy ook al gaan. Gedurende die nag was daar een voor haar venster, en een voor haar kamerdeur op wag.

Ita haar ouers het toe in Pretoria gewoon nadat hulle deur die Engelse van hulle plaas verdrywe was. In hulle spaarkamer was onder die bed 'n luik wat 'n onderaardse kamer verberg het. In die kamer is daar menigte boer spioen versteek van Gen. Beyers sy komando, onder wie Danie Theron en Jopie Fourie was. Ita het dan die Kolonie nuus van my, op 'n dun papier geskrywe, dit onder in 'n vuurhoutjie dosie gesit en 'n valsboom daarop en vol gemaak met vuurhoutjies. Dit is dan aan die spioen gegee om komando toe te neem. Die beskuldiging dat ek 'n spioen van die Boere was, is dus nie baie ver van die waarheid af nie.

*M.M. Eksteen*

## 1.3 My Tronk Dagboek

*24 Maart '02.* Maandag middag. Baker, die Sersant van die Wellington polies, en Jim du Toit, publieke vervolger, het my van middag, 12 uur op die plaas kom haal met oop kar en perde en reguit tronk toe gebring.

*25 Maart.* Van môre voor die Magistraat v.d. Poel verskyn. Daar het hulle my brief aan Ita voorgelees, waarin ek vir haar vertel van die geveg by Vier-en-Twintig rivier, waar Gen. Maritz slaags was met die Wellington Town Guard. Ek het vertel hoe die 3/- helde gevlug het, en party Wellington sy strate kaalkop deur gejaag het. Al Wellington sy Town Guard en die Afrikaner renegate en verfoeisels was in die Hof, en het die waarheid gehoor.

Die Goew. Dr. ou Dr. Gawie Malan het my vanaand kom sien, en ek kon my lag nie hou toe hy sê, hy sal vir my 'n sertifikaat van "sieklikheid" gee nie. Prokureur Lammie Louw was ook hier vanaand. Hy het 'n Petisie vir my voorgelees wat hy gaan opstuur naar die Administrateur. Soos gewoonlik is my bors al weer benoud van die astma.

*26 Maart '02.* Hier in dieselfde sel is ook 'n ou Hotnos meid, Leentjie, vir dronkenskap. Sy kry vallende siekte, en ou aia Mina Lambert is vir 5/- per nag gehuur om ou Leentjie op te pas, hier by my.

*27 Maart.* Van môre 'n bottel melk en skoon klere van die huis gekry. Die v. Niekerks het vir my ook 'n bottel melk gestuur. Mev. L. Louw het vir my die boek "Thelma" gebring, lekker jellie, beskuitjies en lekkers. Hoe lief van haar om aan my te dink.

*28 Maart.* Van die huis klere en melk gekry. Sannie Retief het 'n heerlike stuk koek vir my gestuur, en soggens en elke aand stuur sy vir my melk.

*29 Maart.* Tant Annie Retief het vandag 'n emmertjie met heerlike vlaë vir my gestuur, en John Louw twee pakkies lekkers. Mnr. Lammie Louw het vir my vandag kom sien omtrent die korrespondensie van Ita en my.

Die Magistraat van der Poel was namiddag ook hier. Die gesprek was soos volg: "Middag Miss Joubert!" "Middag Meneer". "Hoe gaan dit?" - "Goed dankie!" "Het jy geen klagte nie?" - "Nee Meneer" "Kan ek nie iets vir jou doen nie?" "Nee dankie." "Goeie dag!" - "Goeie dag Meneer!" (Kyk, ek het vergeet, ek kon vir hom gesê het, hier is kop luise, en lyf luise en weeluise en vlooie onder die ou gebarste misvloer wat hy kan kon help dood maak!)

*30 Maart.* (Sondag). Dit is 'n baie stil dag.

*31 Maart.* Heerlike koekies en lekkers van John en Jacoba Louw gekry. Ek het gelees en sokkies gebrei.

*1 April.* Vandag 'n pop aangetrek vir die tronkbewaarder sy dogtertjie en sokkies gebrei.

*2 April.* Heel dag gelees tot Mev. Pringle haar drie kinders Robbie, Gorrie en Susy na my toe gebring het om hier te kom speel. Sy het gaan kuier.

*3 April.* Heerlike melk van die huis af gekry, en ook van Tant Annie Retief. Die Magistraat het my vandag kom sien, en vir my gesê, hy is nie kwaad vir my nie. Hy is in diens van Haar Majesteit en moet sy plig doen. Van Tant Hessie Louw 'n lekker biltong gekry.

*4 April.* (Vrydag) Mnr. van Wyk (winkelier) het vanoggend vir my lekker koekies self gebring. Hoe waardeer ek al die liefde, tasbare liefde. Om 10 uur is ek aangesê om my klaar te maak om Paarl toe te vertrek. Half een het Koos Malan (cabryer) my kom haal met 'n gewapende Tommy, 'n ler agter in die kar langs my, en Koos Malan en die publieke vervolger sy vrou, Mev. du Toit, voor in die "cab".

Die Tommy het langs die pad vir my gevra om hom tog a.u.b. te verskoon dat hy as wag vir my moet dien. Hy het na Suid Afrika gekom om gesondheidsredes en om brugge te bewaak, en nie om teen die Boere te veg nie. Hy is 'n pro-Boer. Hy het baie sleg en skaam gevoel en onder al gesê: "Oh, God,

if my mother was to see this!"

By die tronk in die Paarl stil gehou, en die gewapende tommy en Mev. du Toit het my veilig in die tronk kantoor afgelewer. Die "censor", de Kock, van Springfontein afkomstig, die Wellington posmeester, Cairncross, Jim du Toit, publieke vervolger, en nog 'n Tommy, het toe ook hier aangekom om die beskuldigings in te lewer, en ek dink om hulleself te oortuig dat ek veilig in die tronk is!

Tokkie Uys en Paul Pankin het elk met 'n bed gekom met al die toebehorings, maar moes maar net so omdraai daarmee. Dit was nie toegelaat nie. Ek moet, net soos die bandiete op die planke slaap.

Mej. de Villiers het vir my 'n lekker koppie koffie gestuur en Tokkie Uys 'n bottel melk en mosbeskuite.

*5 April '02* (Saterdag). 'n Kakie sersant het my vanoggend kom haal. Om half elf het ek in die Stadsaal voor die Militêre Hof verskyn. Drie Militêre Offisiere het as Regters opgetree. Die President vra toe of ek die brief geskrywe het. "Ja" was my antwoord. "En, het jy meer sulke briewe geskrywe?" "Vra vir die censor, Edelagbare" was my antwoord. "Dit is 'n ernstige misdaad wat jy onder die Krygswet gepleeg het, en jy sal later jou vonnis kry," sê die Regter President. Die Tommy Offisier het my toe weer tronk toe vergesel. Van Tant Hessie Retief 'n lekker bord kos van middag gekry, en van Mev. Myburgh venaand.

*6 April '02* (Sondag). Die Heilsleër het met sonop 'n diens kom hou vir die gevangenes. Ek kon hulle mooi liedere hoor sing. Eerw. Weich, die plaaslike Sendeling het ook 'n diens kom hou en my ook besoek. Van Tollie Uys van môre melk, eiers, toebroodjies en biltong gekry, en van Mev. Myburgh heerlike middag ete.

*7 April.* Die Rondgaande Hof sit vandag hier in die Paarl. Papa is een van die Juries, maar mag my nie sien nie. Vandag kennis gekry dat ek van nou af aan familie en vriende mag skrywe. Baie bly!

*8 April* (Dinsdag). Ou Dr. Krakowsky kom al oggende tussen 9 en 10 uur na my en al die gevangenes kyk, en hoor of ons nog gesond is. Dit was 'n stil dag. Ek lees.

*9 April* (Woensdag). Die Magistraat, Mnr. van Oudtshoorn was saam met die Dr. hier om te kom hoor of ek nie klagte het nie.

*10 en 11 April*. Twee stil dae. Ek het gebrei en gelees.

*12 April* (Saterdag). Magistraat en Dr. was weer hier saam. Geen klagte! Twee van die gevangenes, Teitge en Carstens, het gister hulle vonnisse gekry vir hulle "buitery" in die Militêre kamp. Elk een 6 maande harde arbeid en £75 boete. Hulle vrouens was vandag hier en het bitterlik gehuil. Ek kry nog elke dag kos van vriende. Venaand Capt. Harry Beyers siek ingebring. Hy was ook in Militêre diens en het ook "gebuit", en het 6 maande harde arbeid gekry.

Mev. Minnaar wat die losieshuis het, het van middag 'n deftige "dinner" in silwer skottels vir my gestuur. Toe ek hoor dat dit uit die huis kom, waar 'n mens onder die Union Jack moet deur kruip, om in die eetkamer te kom, het ek dit terug gestuur met die boodskap dat ek nie Jingo kos eet nie. Ek het genoeg Afrikaner vriende. Sy wil waarskynlik later vir Papa 'n rekening gestuur van die kos. Uit liefde en simpatie het sy dit nie gestuur nie.

*13 April '02* (Sondag). Van oggend lekker kos van Tollie Uys gekry en van middag van Mev. de Villiers. Eerw. Weich (Sendeling) het my kom besoek, en enige verse gelees uit Hebr. 12, en 'n mooi gebed gedoen.

*14 April*. Ek het besluit om van vandag af tronk kos te eet, vrywillig. Die mense doen te veel moeite vir my. Ek sit op Goew. grond en hulle moet vir my kos gee. Hoe gering ook, help ek dan darem die vrouens en kinders in die kampe om die uitgawe van ons vyand te verhoog.

*15 April*. Heel dag gebrei. Vir die eerste maal van middag

tronk kos gekry. Dit was 'n blikbak met boontjie sop met 'n been daarin, en 'n halwe 3d hop broodjie. Dit het nogal nie te sleg gesmaak nie. Vanaand se sop ruik na rook en smaak maar sleg. Gelukkig het ek nog van vanoggend sy kos wat Tollie gebring het.

*16 April '02* (Woensdag). Dr. en Magistraat was hier. Geen klagte. Heeldag gelees.

*17 April.* Vandag baba sokkies gebrei.

*18 April* (Vrydag). Papa en Mama het vandag 'n permit gekry om my te kom sien vir die eerste maal. Ek was vreeslik bly, maar kon hulle nie sien nie.

*19 April* (Saterdag). Die nuwe Magistraat mnr. Roos, was saam met die Dr. hier van môre. Soos elke Saterdag kom hier dronk meide en volk in wat baie lawaai maak. Maandag moet hulle in die Magistraat hof verskyn.

*20 April.* Van middag lekker ete van die Uyse ontvang. Eerw. Weich het Nagmaal gehou en was nie vandag hier nie. Die Heilsleër kom getrou elke Sondag môre net soos die son op kom. Die vroeë oggend Godsdiens! Watter indruk maak dit tog op 'n mens!

*21 April '02* (Maandag). Stil dag. 'n Jong meid Rosie, was hier in die "native female cell" toe ek hier gekom het. Sy word elke week byna gevang na 9 uur op straat in die aand in die geselskap van soldate. Sy kry dan van drie tot ag dae harde arbeid. Rosie is net 'n paar dae uit, dan bring hulle haar weer in. Ek is in die "European Female cell" met 'n "yard" waar 'n waterkraan met 'n balie onder is. Die yard deur is toegesluit, en loop uit in die "native female yard" wat twee maal so groot is en die "cell" ook die helfte groter. Rosie is in die "cell" en yard hier langs my. As sy inkom, kom sy by my "yard" deur sit, en vertel al die nuus wat haar "nooi" vertel het, en wat sy gehoor het van ander mense.

*22 April.* Vandag het ek Polly de Villiers, politieke gevangene, sy bandiet broek korter gemaak en sy sokkies gestop.

Ek het ook 'n hoed van mev. Nye opgemaak.

*23 April '02*. (Woensdag). Die Magistraat en Dr. was saam hier. Die asma laat my nie een nag behoorlik slaap nie. Ek voel somar sleg en het heeldag gelees.

*24 April.* Van oggend 'n broek van Mnr. Hamilton Murray, politieke gevange van Pretoria, gestop. Agtermiddag kouse en sokkies gestop van Mev. Nye tronkbewaarder vrou. Dit is vandag net 'n maand dat hulle my arresteer het.

*25 April.* Kouse gestop en 'n broek van Mnr. Murray korter gemaak. Die dae word net al kort, en die nagte wat deur deur asma ongelukkig deurbring, al langer. Op die harde planke, in die met sement gepleisterde cell, sement vloer, en die winter koue is nog voor! Maar dis niks! My liefde vir land en volk en taal weë die helfte swaarder as die swaar hier!

*26 April '02*. (Saterdag). Mama haar verjaardag vandag. Van môre 'n telegram van gelukwensing vir Mama gestuur. Hoe jammer is ek dat ek Papa en Mama die kommer en kwelling gee oor my. Hier sit ek deur Afrikaner renegate verraad! Vir al die weldade aan die vriend, het hy my beloon deur my aan ons vyande oor te gee, en hy verdien geld as "censor". Heerlike vrugte van vriende gekry.

*27 April.* Eerwaarde Weich het vir my kom besoek, en mooi boek vir my gebring om te lees. Nog geen een van ons N.G. Kerk sy predikante gesien nie.

*28 April* (Maandag). Voormiddag van my klere gewas en agtermiddag aan 'n rokkie gewerk vir die baba van Mev. Nye.

*29 April.* Heel dag geskrywe en gelees.

*30 April.* Dr. en Magistraat was hier van môre. Ek doen handwerk.

*1 Mei '02* (Donderdag). **My** suster Louie haar verjaarsdag. 7 jaar oud. Heerlike vrugte gekry van Gawie Hugo, Klein

Drakenstein.

*2 Mei '02* (Vrydag). Van môre vroeg het hier weer twee mans, twee broers Geldenhuys, van Sutherland ingekom. Hulle word beskuldig van hoogverraad. Tant Hessie Retief het vir my heerlike appels en pere gestuur en Mnr. Krige beskuitjies. Hoe waardeer ek tog die liefde van die baie vriende!

*3 Mei* (Saterdag). 'n Nuwe Magistraat Mnr. Bekker was saam met Dr. hier. Ek brei, en as ek moeg is vir brei lees ek.

*4,5,6,7,8 Mei.* Al die dae het besonder stil verby gegaan. Soos gewoonlik was Dr. Krakowsky elke dag hier en die Magistraat die 7de. Ek het 'n tee mussie in die tyd gebrei.

*9 Mei '02.* (Vrydag). My verjaardag vandag, ook ou Dr. Andrew Murray syn. Antie Lenie Retief het vroeg van môre 'n pragtige bos rose en varings vir my gestuur, ook lekker pere en ses mos beskuite. Mnr. Krige het 'n pakkie heerlike koekies en "chocolates" gestuur. Tollie Uys het 'n lekker bord kos en 'n verjaardagboekie vir my gebring. Baie briewe en telegramme!

10 Mei '02 (Saterdag). Vandag het 'n wit vrou, Sannie le Roux, met ligte oë en hare ingekom saam met haar swart man en twee baster kinders, en nog vyf Hotnos saam met hulle om te kom getuig teen die twee ou Ooms Geldenhuys.

*11 Mei.* Heilsleër het vroeg kom diens hou. Eerwaarde Weich het my kom besoek. Hy lees altyd 'n stukkie en doen 'n gebed. Die Militêre Hof sit vandag op Sondag. Die Engelse ken nie die 4de gebod nie.

*12 Mei* (Maandag). Mnr. van Eyk, agent, het kom vra hoe dit gaan. Ek werk aan die teemussie sy voering.

*13 Mei.* Kalie Doornbrak, een van die tronk opsigters het donkerblou sy vir my gestuur en gevra dat ek vir hom 'n das moet brei. Mnr. Melt van Schoor van Stellenbosch het vandag vir Polly de Villiers kom haal. Hy het sy vonnis uitgedien.

*14 Mei.* Die liewe Tant Hessie Retief het vandag vir my chocolates en lekker pere en 'n pragtige bos blomme gestuur. Ek het gebrei.

*15 Mei.* Vandag sokkies gestop vir Capt. Harry Beyers.

*16 Mei* (Vrydag). Die Kommandant van die Paarlse kakies het my vandag kom besoek. Hy was ewe beleef en vriendelik, ek ook!

*17 Mei* (Saterdag). Weer 'n ander Magistraat, Mnr. Pierce, was vandag hier saam met Dr. Hy wou hoor of ek nog nie klagte het nie. Boeta, my oudste broer, was ook vandag hier om te hoor of hy my kan sien, maar dit is nie toegelaat nie. My familie mag my nie sien nie, net my vyande. Van die Uyse vandag 'n blikkie lekker waatlimoen konfyt, limoene en beskuit gekry. 'n Ou meid, Lucy Adams, wat al dikwels vir dronkenskap in die tronk was, het vandag weer dronk ingekom. Sy het vir my 'n koerant ingesmokkel.

*18 Mei '02* (Sondag). Van môre weer die gewone Godsdiens van die Heilsleër en Eerw. Weich. Agtermiddag het ek gelees in "Stepping Heavenward" en briewe geskrywe.

*19 Mei.* Vandag is al die Gevangenes, ek ook geënt. Ou Dr. Krakowsky het kans gekry om vir my te sê, hy is baie kwaad vir my omdat ek nooit kla nie.

*20 Mei.* My hare gewas, gelees en gebrei.

*21 Mei.* My ente begint te groei, en my arm voel lam.

*22 Mei.* Fanie Joubert, Klein Drakenstein, het vir my nartjies, limoene en koejawels gestuur.

*23 & 24 Mei.* Magistraat en Dr. was hier. Antie Lenie Retief het vir my brei wol, gebakte patats en dadels gestuur.

*25 Mei* (Sondag). Mnr. Weich het my besoek en 'n boek gebring om te lees, "John, whom Jesus loved". Nog geen een

van ons N.G. Predikante gesien nie!

*26 Mei*. Vandag baie briewe beantwoord. Baie gebrei. Vrugte van vriende ontvang.

*27, 28, 29 Mei*. Almal stil dae. Ek het gelees en gebrei.

*30 Mei* (Vrydag). Mnr. van Eyk het my kom sien. Hy gaan verneem wanneer my vonnis dan sal kom. Twee briewe wat ek huis toe geskrywe het, het die Magistraat terug gestuur. Ek moet 'n uitleg gee van die popejaan en varkie waarna ek verneem het. (Die mak popejaan en hans varkie is altwee op die werf). Die kleinsielige Britte.

*31 Mei '02* (Saterdag). Weer 'n nuwe Magistraat, Mnr. van Oudtshoorn was saam met Dr. hier. Die Magistraat kom van die Onder Kolonie en is 'n pro-Boer, daarom het hulle hom hier na toe gestuur. Ek kan aan sy praat hoor dat hy jammer is vir my. Die een Oom Gildenhuys is vandag skuldig bevind. Hy word opgepas, asof die ou man van diep in die sewentig jaar kan ontsnap uit die tronk. Ons is nou nog vier Afrikaner rebelle hier, die twee Geldenhuyse, Lubbe en ek. Drie Jingoes Capt. Beyers, Teitge en Carstens. Dan is hier nog ou Komdt. Stam, ou Rodgers en 'n Rus. Katriena en Elsie, twee soldate meide en ses bandiete. Dit reën en is bitter koud hier in die sement sel. Om in die koue op die harde planke te slaap is maar hard, maar ons arme vroue en kindertjies moet in die Konsentrasie Kampe partymaal op die nat grond slaap in tente wat soms deur die wind omgewaai word. Ek is nog bevoorreg.

*1 Junie '02* (Sondag). Die Heilsleër het vroeg weer kom sing en godsdiens gehou. Hoe aandoenlik! Hoe dink ek tog aan ons Boere op die veld, die vrouens in die Kampe, die afgebrande huise en plase sonder vee! 'n Donker skildery van ons volk! En, die menigte, renegate, "hendsoppers", verraaiers van hul eie vlees en bloed. Die duiwel in die hel skaam hom seker ook vir hulle! "Ag, liewe Vader in die Hemel, U het dit seker met 'n wyse doel toegelaat. Vergeef my di haat draendheid, en leer my om my vyande lief te hê, en hulle te vergewe, soos ek ook graag van U vergifnis wil ontvang. U moet my hart verander, ek voel verbitterd

oor die lyding van my volk. Help my om te berus."

*2 Junie '02* (Maandag). Dit raas en skree in die strate, asof die hele publiek mal is. Ek kan net hoor "Peace proclaimed". Die Tronkbewaarder 'n eentalige Brit het saam met sy vrou voormiddag hier ingekom. Hy is hoog "geswawel" en sê vir my: "Peace has been proclaimed. All the boers have surrendered. They will not have a shred of independence, and five years military government. And what is your answer to that?" "Loop vrek!" is al wat ek in my woede kon uitkry. My kom uittart hier in my gevangenskap! "Here, ag vergeef tog a.u.b. my wraaksugtigheid".

*3 Junie* (Dinsdag). Briewe ontvang van die huis ook van Nig Anna Cillie, Pretoria, Dawie Cillie en Ges. Malherbe van Stellenbosch. Ek is dankbaar oor die vriendskap en voel somar lekker en beter as gister! Die ou Rooies en Jingoes vier nog die vrede met versterkende drankies, dit kan ek hoor.

*4 Junie '02* (Woensdag). Eerw. Weich was hier om my te besoek. Deur sy besoek wil hy vir my wys dat hy met my simpatiseer in ons groot verlies van ons Republieke. Nog nie een Predikant van my eie kerk gesien nie!

*5, 6 & 7 Junie*. Almal stil dae. ek het gelees gebrei en geskrywe. net elke dag die Dr. gesien en vandag Saterdag ook die Magistraat.

*8 Junie* (Sondag). Vandag is vrede dankdag.

*9 Junie*. Van die Uys familie heerlike vrugte gekry, verder stil dag.

*10 Junie* (Dinsdag). Baie geskrywe en gebrei lekker ete van vriende middag gekry.

*11 Junie* (Woensdag). Magistraat van Oudtshoorn was hier. Sy deelneming lees ek in sy oë. Hy wil elke maal weet of ek nie klagte het nie.

*12 Junie '02* (Donderdag). Mnr. van Eyk was hier met 'n

petisie wat hy wil opstuur om my in vryheid te stel, maar hy kon my nie sien nie. Ek is opgesluit in die koue sel en nat yard. Mev. Nye is weg vir drie dae na haar suster toe van wie die jongste kind oorlede is, en my yard sleutel is in haar hand sak saam met haar.

*13 Junie.* Nog opgesluit, sonder kos.

*14 Junie* (Saterdag). Dr. en Magistraat was hier maar kon my nie sien nie. Nog sonder kos opgesluit.

*15 Junie '02* (Sondag). Die opsluit sonder kos het my senewee omgekrap. Ek voel hartseer vandag, want dit is nat en koud in die sement sel, en met mos begroeid yard. Mev. Nye wou my na haar huis neem wat vol Engelse vriende van hulle is, soos sy vertel het. Sy wil seker vergoed vir die opsluit. Ek wou nie gaan nie.

*16 Junie* (Maandag). Op bevel van Dr. moes ek in die son gaan sit by Mev. Nye haar huis. Dr. sê om skoon vars lug en die son te geniet! In die yard skyn nooit son nie. Die mure is te hoog.

*17 Junie* (Dinsdag). Vandag weer vir vars lug en sonskyn na Mev. Nye haar huis. 'n Kissie klere en eetgoed van die huis gekry. Baie bly en dankbaar.

*18 Junie.* Heeldag gelees. Baie stil dag.

*19 Junie '02* (Donderdag). 'n Vyf pond kissie met "chocolates" vandag van Toby Albertyn van Diep Rivier ontvang. Die liewe Toby! Op bevel van Dr. het ek venaand in die kantoor van die Tronk bewaarder by die vuur gaan sit. Lekker koppie kakao het die Kakie gevangenes vir my gegee. Die drie wat as misdadigers gevonnis is, sit elke aand by die vuur, terwyl ons politieke gevangenes maar kan verkluim in die sement selle.

*20 Junie '02.* Mev. Nye het vir Mej. Schreuder, Onderwyseres aan die Meisies Hoër Skool, gaan wegbring na die Kasteel, Kaapstad. Sy het die krygswet oortree. Katrina die soldate meid het weer vandag ingekom. Nou sal ek weer al die

plaaslike en algemene nuus onder die deur langs hoor!

*21 Junie '02* (Saterdag). Magistraat en Dr. was soos gewoonlik hier. Ek brei en lees maar die dag om.

*22 Junie* (Sondag). Vroë diens van die Heilsleër. Gelees en geskrywe.

*23 Junie* (Maandag). Papa en Mama was vandag hier, maar ek mag my ouers nie sien nie. Van die stil sit sonder oefening weeg ek nou 160 pond.

*24, 25, 26 & 27 Junie*. Niks besonders die afgelope dae gebeur nie. Dis Universiteitsvakansie. My broer Schalk was hier en het 'n bottel suikerbossie stroop vir my gebring.

*28 Junie* (Saterdag). Ek het sleg geslaap. O, die asma. Ek voel siek, maar het dit nie vir Magistraat en Dr. gesê nie.

29 Junie '02 (Sondag). Vandag heeldag gelê. Dr. was vanaand hier. Hy sê, dis tyd dat ek moet huis toe gaan. Wat praat hy? Ek is nog nie eens gevonnis nie! Hy het my na die tronk hospitaal kamer georder. Ek is nou hier in die hospitaal kamer. Hier is tog ongelukkig 'n ou yster bedjie, plank vloer en 'n venster met skuif rame en dief ysters voor.

*30 Junie '02* (Maandag). Dr. was van môre hier. Venaand was Dr. en Magistraat van Oudtshoorn weer hier na sononder. Terwyl Dr. met Mev. Nye praat, vra die Magistraat stilletjies vir my wat my makeer. Ek sê, my siekte is die gevolg van die asma, waaraan ek ly in die koue sement vloer sel waarin ek nou drie maande was.

*1 Julie '02* (Dinsdag). Dr. order warm flennie lappe op my bors en sy, en gee ander medisyne. Ek lê nog. Capt. Harry Beyers het sy vonnis uitgedien, en vertrek venaand naar Stellenbosch.

*2 Julie* (Woensdag). Ek voel nog net so siek.

*3 Julie* (Donderdag). Vandag 'n bietjie opgestaan, maar ek voel baie sleg.

*4 Julie* (Vrydag). Van môre die 3de bottel medisyne van Dr. gekry, maar ek voel niks beter nie.

*5 Julie* (Saterdag). Dr. order my weer bed toe, en weer warmte op my bors en sy. Magistraat van Oudtshoorn en nog 'n Magistraat, Mnr. Wallace was saam met Dr. hier. Ek is baie moeg.

*6 Julie '02* (Sondag). Vroë diens van Heilsleër verder stil dag. Waar is ons Predikante?

*7 Julie* (Maandag). Mev. Nye is van gister af vreeslik katterig. Van môre vroeg vir die eerste maal in die tronk 'n koppie koffie gekry van Mnr. Teitge gegee deur die dief ysters van die vensters.

*8 Julie* (Dinsdag). Waarskynlik het een van die Tronkbewaarders aan die Magistraat vertel van Mev. Nye haar katterige gedrag teenoor my. Een van die wagte het by my venster venaand vertel dat die Magistraat haar in die kantoor onder kruis verhoor gehad het.

*9 Julie* (Woensdag). Magistraat Wallace was hier om te hoor of ek nie klagte het nie. Ek het aan hom gevra, of hy nie iets daaraan kan doen, dat my Ouers en familie permitte kan kry nie om my te kom sien. Hy sal sy best doen, het hy belowe.

*10 & 11 Julie '02*. Stil dae. Ek werk aan skinkbord lappe en doylies vir Mev. Nye.

*12 Julie '02* (Saterdag). Dr. is siek. Die Magistraat was alleen hier.

*13 Julie* (Sondag). Diens van Heilsleër en Eerw. Weich soos gewoonlik. Ek het gelees en geskrywe.

*14 Julie* (Maandag). Nou net kennis gekry dat Papa en Mama vir die eerste maal in byna vier maande tyd kan kom sien.

Dit is seker deur bemiddeling van die vriendelike Magistraat.

*15 Julie.* Baie stil dag, net koud.

*16 Julie* (Woensdag). Dr. was hier. Hy sê die baie hoes van die asma elke nag affekteer my hart.

17 Julie '02 (Donderdag). My vonnis het ek vandag gekry! Majoor Benson het my na die Kantoor laat kom en van 'n groot blou papier min of meer die volgende gelees: (In Engels) Op 5 April 1902 is jy voor die Militêre Hof gedagvaar, en skuldig bevind op aanklag dat jy regulasie 26 van die Krygswet oortree het. (Hoogverraad regulasie). Die Hof het jou veroordeel tot vyf jaar harde arbeid, maar die Hoofbevelhebber (Commander in Chief) het die vonnis genadiglik verander in ses maande tronkstraf sonder harde arbeid.

*18 Julie '02* (Vrydag). Ek is nog opgesluit in die Hospitaal sel.

Van *19 Julie tot 8 Aug. '02* het die tyd stil virby gegaan. Ek het baie gelees en gebrei.

*9 Aug. '02.* Gister aand is ek aangesê om van môre klaar te wees om naar die "House of Correction" (Verbeteringshuis) gestuur te word. Mev. Nye het my gaan wegbring. Hulle wil seker probeer om die laaste verbetering aan my gedrag te bewerkstellig!! Ek wonder of hulle dit sal reg kry! Hier is ek in 'n kamer langs Prinses Radziwill, wat beskuldig was dat sy £23 000 van Rhodes afgepers of verduister het. Een wag staan in haar kamer en een voor die deur. Een van die wagte het kom vra of die Prinses met my kan kom praat. Ek het toegestem en sy het 'n rukkie met my kom praat.

*10 Aug. '02* (Sondag). Stil dag. Ek lees.

*11 Aug.* (Maandag). Sir John Graham Private Sekretaris van Sir Peter Faure het my van môre na die Kantoor laat kom. Hy vra wie ek ken in die Skiereiland. Ek sê toe Toby Albertyn van Diep Rivier. Hy sê toe hy sal vir hom bel en sê dat hy my kan

kom haal, want ek is nou vry en kan huis toe gaan. Vanaand hier na Diep Rivier gekom saam met Toby.

*12 Aug. '02.* Vandag weer by my Ouershuis aangekom na 'n afwesigheid van vier maande en 17 dae wat ek in die tronk was. Vanaand was hier 'n groot ontvangst vir my gereel deur my dierbare Ouers, susters en broers. Baie familie en vriende was teenwoordig. Onderal was teenwoordig Kolonel Y.F. Blake van Grand Rapids, Michigan, U.S.A., en Luit. Wynand Malan (Jack) van die Transvaalse artillerie albei end uit in die veld saam met die Boere. Kol. Blake, 'n Ier, was Bevelhebber van die Ierse Brigade wat saam met ons Boere geveg het tot die bitter end. Na die ontvangs vanaand is hulle Paarl toe na Luit. Malan sy familie. Hulle plan is binne kort te vertrek na die V.S. Amerika (Jack Malan is later in Merico oorlede.)

N.B. Ek was nie toegelaat om my familie te sien voor 14 Julie '02 nie.

## 2. DIE VERWELKOMING

### DIE WEGVOER EN TRONKSTRAF VAN HENDRINA VAN HEERDEN EN SEWE ANDER BOEREVROUE[2]

Dit het gebeur toe daardie perderuiter die dorp binnegery het. Die Tweede Vryheidsoorlog was aan die gang met derduisende vrouens en kinders en bejaardes in die konsentrasiekampe. Die manne daarbuite stry 'n doodstryd vir die nasionale selfbehoud van die republieke. Hendsoppers gaan lê en die vegters veg en in die Britse Kaapkolonie loop daar ook oral bloed dikker as water. In 'n dorpie in die Oos-Kaap, Maraisburg, later bekend as Hofmeyr, is daar die aktiewe Town Gaurds, soms familie van die passiewe en soms tydelike versetters.

Maar Hofmeyr was ook die plek waarvandaan die legendariese rebelle, die "Gog" van Heerdens die wapen opgeneem het, onverskrokke in die volste sin van die woord.

Op Krugerskraal, sowat sewe myl uit Hofmeyr, woon oom Mauritz H.O. van Heerden met 'n gesin. Aangesien daar 'n woning in Waterkantstraat op die dorp was, was dit waarskynlik ook terwille van die kinders op skool.

Toe die perderuiters die dag kom was dit klaarblyklik blye weersiens omdat die meeste seuns bekendes uit die omgewing was. En waar die dames wie-weet-weer hul vriende kon ontmoet op die markplein was dit 'n blye weersiens. Die verwelkoming van die Boererebelle op die markplein het met die gewone, gasvrye joligheid gepaard gegaan. Tant Martha Brooks (neé Bekker) wat 'n bakkery gehad het, het gesorg dat die rebelle van die nodige gebak voorsien word. My moeder se suster Andrina, 'n meisie van so 16 jaar, was ook daar om die manne te verwelkom en te gesels. Aangesien sy self lief was vir perdry het sy nog grappenderwys een van die perde geneem en 'n draai gery.

---

2. Herinneringe in besit van mnr. C. Botha, Bloemfontein.

Die verwelkomingsgroep verskyn op die foto elders in hierdie boek, maar daar was ook nog jong dames teenwoordig wat hulself van die geleentheid gevrywaar het deur kroongetuies te word, want die owerheid het die optrede as 'n geheul met die vyand beskou -en daarby nog rebelle.

Hierdie gebeure was een van die onaangename voorvalle waaroor daar maar grotendeels geswyg en vergewe, hoewel nie vergeet is. Die gemeenskap was nou ineen vervleg en hierdie optrede het waarskynlik in sekere opsigte baie seerder gemaak as die gevolge van die verwelkoming.

Die jolige verwelkoming het toe ook sy nasleep gehad toe agt dames van die verwelkomingsparty onder arres geplaas is en met 'n wa na Teebus-stasie geneem is.

Teebus-stasie is geleë in die groot vlakte onder die bekende Teebus en Koffiebusberge op 'n punt tussen Hofmeyr, Steynsburg en Middelburg.

Waarskynlik het die spoorlyn na Hofmeyr nog nie bestaan nie, want hier op Teebus is die agt dames op 'n oop treintrok in reënweer na Cradock se tronk gestuur. Waarom hul nie in Hofmeyr se tronk beland het nie is onseker. Sou dit die rebelle, die "Gog" van Heerdens, wees wat hul gevrees het, of het die fasiliteite ontbreek?

Die aand om 21h00 op Cradock moes hul van Cradock-stasie in die reën na die tronk loop en moes sonder droë klere gaan slaap aangesien hul eers hul bagasie die volgende dag om ongeveer 15h00 ontvang het.

Later het hul vertel dat hul nooit tronkkos geëet het nie. Die dorp se inwoners het hul rojaal voorsien van etes. Van die Britse soldate (Tommies) wat die tronk bewaak het, het briewe oor die muur gegooi en die dames bemoedig en ook getuig dat hul hul taak lojaal vervul, maar met weersin.

Hier in Cradock se tronk was hulle vir veertig dae

opgesluit en toe vrygelaat. Die aand voor die vrylating roep Hendrina van Heerden die ander saam om biduur te hou. Die "Kakiewag" (blykbaar 'n hanskakie) kom dit te hore en dreig hulle met langer tronkstraf indien hulle dit probeer doen.

Die blootstelling op reis na die tronk en in die tronk waar dit koud was, het die einde van twee van die meisies verhaas, naamlik Hendrina van Heerden en Anna Hattingh.

Met haar terugkeer na Maraisburg het Hendrina se ouers intussen van die plaas Krugerskraal weer ingetrek na die dorp. Om te herstel is sy na die Van Heerden-familie in die Tarkastad-distrik, na haar oupa en ouma, Lewies en Tryna van Heerden van Waterval. Hul gaan toe een nagmaal dorptoe en Drienie wat intussen maar gekwyn het word nou dodelik siek. Sy lê twee maande siek op die dorp waar sy toe oorlede is.

'n Simpatieke gemeenskap het gedurig lekkernye gestuur en belang gestel - selfs Engelse inwoners. Haar oom, Harry van Heerden van Schaapkraal ('n neef van haar pa en later parlementslid) het gereeld lewensmiddele dorptoe gestuur en voorsien in alles wat nodig was. Haar ouers en haar jongste suster, Hester, het toe in Tarkastad by haar gaan bly in 'n tyd waar daardie tye se gebrek aan behoorlike paaie en moderne ambulanse verhoed het dat sy na Maraisburg kon terugkeer.

Ds. Dirk van Velden van die plaaslike N.G. Gemeente het haar elke dag besoek en vir haar gebid en bemoedig. Sondae het hy met sy lang gestalte opgedaag en dan sing die twee saam.

Ten spyte van alle sorg en simpatie het sy bly kwyn. Die liggaam het opgeswel met tekens van water en na 'n groot lyding is sy oorlede in oupa Lewies se tuishuis. Ds. Van Velden was baie betrokke by die geval en het voor die begrafnis lank by die kis deurgebring. Hy het die aangeleentheid openlik as 'n bitter onreg beskou. Ds. Van Velden het die kis voor die preekstoel laat bring tydens die diens.

By die besoeke het hy in woorde min of meer so gesê:

"My kind jy moet nooit die Engelsman vergewe nie." Oupa Moortz: "Maar dominee, hoe kan ds. dit vir die kind sê? Kyk waarheen is sy op pad!" Dominee: "Ag ou Moortz, jy is 'n ou papbroek, bly jy stil!"

Terwyl Hendrina en die groep dames in die tronk op Cradock was, het haar pa, oupa Moortz, self 'n week op Maraisburg in die tronk deurgebring omdat hy sonder 'n militêre pas dorp toe gestap het. Beslag is toe reeds op sy perde gelê en om sake te gaan verrig op die dorp was dit nodig om die sewe myl dorp toe te stap. Toe die magistraat, ene mnr. Bright, na Steynsburg verplaas word, is die perde eers terugbesorg. Eers hierna is oupa Moortz-hulle terug en vestig hul toe pal op Maraisburg. Die ouer kinders was reeds getroud en uit die huis en net Hester het oorgebly.

So eindig 'n episode van oorlogsontberings anderkant die Republieke se grense. Dis maar een van die grepe - en hoeveel het nie in vergetelheid geraak - van die tydperk van ons geskiedenis. Dit sou interessant wees om op te spoor of die episode ook oorgelewer is en behoue gebly het by die nageslag van Hendrina se medegevangenes. Dalk is die gebeure ook maar verswyg; wie weet watter bittere pil moes dit nie vir die kroongetuies wees nie toe die gevolge van die gebeure afgeloop was nie. En dan moes daar binne die gemeenskap saamgeleef word met familie van die kroongetuies.

Persoonlik weet ek nog dat my ouers met weemoed, maar sonder haat of bitterheid hiervan gepraat het, nooit verwyte geslinger het nie en selfs later jare die niggie en haar man besoek het as hulle op die dorp gaan kuier het vir my ma se ouer suster Hannie.

'n Verdere rede waarom die aangeleentheid maar verswyg is, is dat daar besef is dat hul Britse onderdane was en wettiglik onder krygswet verkeer het. Tegnies was die dames skuldig, maar die barbaarse optrede was maar net dieselfde as dié in die konsentrasiekampe waar sowat 27,000 van ons mense gesterf het.

Geografies en staatkundig was die kolonie se Afrikaners afgesny van hul broers en susters in die Republieke, maar etnies en kultureel was hul van dieselfde stoffasie - bloed is dikker as water.

# AFDELING D

## DIE OORLOGSWEDERVARINGE VAN TWEE GESINNE.

## 1. DIE OORLOGSHERINNERINGE VAN MEV. E.J. JANSE VAN VUUREN[3]

### 1.1 Inleiding:

Eledia Jacoba Janse van Vuuren (gebore Raath) is op 16.08.1892 in die Vredefort-distrik gebore. As 'n dogter van 8 jaar het sy saam met haar moeder en susters in die Witrandjies in grotte (bekend as die vlermuisgate) in die heuwels in die Vredefort-distrik vir die Britse vyand weggekruip.

### 1.2 Skuiling in die vlermuisgate

[Ons het in die vlermuisgate in die Witrandjies weggekruip]. Ons het op Soetfonteintjie, ons water gekry, maar dan het ons altyd 'n tak en die tak sleep ons so agter ons dat hulle nie ons spore kon kry nie, as ons gaan water skep. Ons het ons kos snags gaan haal by die plaas. Ons het hoenders geslag en eende geslag en makoue. Ons het nie groente gehad nie. [Ons het koring gehad, daar was baie koring], ons het vee geslag, ons vee was nog daar op die plaas, dan slag ons in die nag, net die vrouens - 'n klein familiekringetjie. My oorlede pa was 'n enkele maal by ons [terwyl ons daar weggekruip het]. Ons was seker 'n jaar in die vlermuisgat.

Die hendsoppers het gesê waar kruip die vrouens weg. Hulle het vir [die Engelse] gaan wys waar ons in die vlermuisgate wegkruip.

### 1.3 Verwoesting op die plaas

---

3. Herinneringe in besit van A.W.G. Raath, Bloemfontein, en mnr. J. van Vuuren, Heilbron.

[Die Engelse] het my pa se skape, sy bokke, sy kapkar en sy langtentwa in een waenhuis getrek, toe die skape daar ingejaag en toe die karre en goed daar ingetrek en aan die brand gesteek. Al die lewendige goed het so verbrand.

## 1.4 Ons gevangeneming

My oudste suster se wa, ander vroumense en Christiaan de Wet se ma en 'n paar van die hoofde se waens het die Engelse daar op 'n hoop getrek wat hulle gevang het. Ons het nie vuurmaakgoed nie en hulle slaan my suster, maar sy slaan hulle met die vuis dat hulle so rol. Toe hulle opstaan toe wil my oorlede suster nie in die wa klim nie, toe wil hulle haar in die wa gooi en sy was klaar en sy slaan hom. Sy het haar kinders toegedraai in 'n kombers. Ons oues lag, ons kinders lag. Hulle het haar gevat en in die wa gegooi.

Ons is toe gevang en na Regina toe. Toe het ons teruggekom Potchefstroom-toe, toe Klerksdorp-toe en toe is ons Kroonstad-toe, omdat die kampe vol was.

Ek het die perdekoors - daardie swart koors - gehad in die kamp, dan sing ek: "O Brandewyn laat my staan, dat ek na my ma kan gaan."

## 1.5 Die vlug van my skoonmoeder

My man, Lukas Daniël Pieter Janse van Vuuren, se moeder ['n nooi Breytenbach] het in die Anglo-Boereoorlog met 'n ossewa gevlug. My man se een broer het die Engelse soldaat in die been geskiet en toe tel hy die Engelse soldaat op en vat hom na sy ma se huis en toe vlug sy met die Engelse soldaat. Hy is toe met een van my man se susters getroud na die oorlog, nadat my man se moeder hom gesond gemaak het.

Hulle het haar toe gevang en haar seun [my man] het toe gevlug en hy het by die Boere aangesluit. Hy was baie jonk, ongeveer dertien jaar oud. Hy is gebore in 1888. Hy kon nie 'n groot geweer hanteer nie; hy het toe 'n rewolwer gehad.

## 1.6 My broers gevang

Van my broers was Indië toe. My oudste broer Dolf is toe gevang en gestuur Indië-toe. Hy was drie jaar daar. Hy was verloof toe hy hier weg is en toe hy terugkom is die meisie met 'n ander man getroud.

[My broer] Andries kon ook nie 'n groot geweer hanteer nie. Hy het met 'n ou Sanna geskiet. Die wêreld was aan die brand as hy skiet.

## 1.7 Terug op die plaas

Toe ons op die plaas kom was daar niks. Ons het met grawe ons lande omgespit om mielies te plant.

## 2. DIE OORLOGERVARINGS VAN MEV. M.C. STRAUSS[4]

### 2.1 Inleiding

Mev. M.C. Strauss (gebore Gildenhuys in 1877) het tydens die Anglo-Boereoorlog as vlugtende vrou met haar familielede voor die Britse magte gevlug. Haar oorlogervarings word beskryf in twee briewe wat sy tydens die Groot Trek-herdenkingsfeeste in 1938 aan familielede geskryf het. In die eerste brief gee sy 'n oorsig van haar ervaringe tydens die oorlog. In die tweede brief gee sy meer besonderhede van die ervaringe wat sy tydens die oorlog moes deurmaak.

### 2.2 'n Oorsig van my oorlogswedervaringe

Oktober 1899 toe die Boereoorlog uitgebreek het, het die Engelse die vrouens en kinders gevang. Ek was nie in hulle moordkampe nie. Ons het gedurig gevlug om vry te bly, tot die vrede toe. Vir maande lank het ek onder my kar geslaap waarmee ek gevlug het. Skaars was jy (Bennie Strauss) 'n maand oud toe moes jy ook maar kennis maak met ons vlugtende lewe. Ons het ook soos die Voortrekkers in die veld gelewe maar ons had altoos baie moed en ons het gevoel die Hemelse Vader sal ons getrou lei en beskerm. Geen leed of ramp het ons ooit getref nie. 'n Paar maande voor jou geboorte het die Engelse op ons plaas gekom en ontrent ons laaste klere uitgehaal wat in 'n tonnel begrawe was. Waaronder ook my hele baba-uitrusting sodat jy toe maar skraal kledingstukkies had wat ek so hier en daar van ander mense oorgeneem het.

Ook baie seep en breekgoed het hulle uitgehaal, verbrand en gebreek. Jou badplekkie was ook op 'n ossewa, in 'n klein sinkbad wat ook altoos saam moes vlug. Daardie tyd had ons ook nie brood of suiker nie; dertien maande was ons sonder

4. Dokumente in besit van prof. S.A. Strauss, Bloemfontein.

brood. Gelukkig was vleis volop. Ook had ons mielies en kafferkoring. Daarvan het ons vir koffie ook gebrand. Die smaak was maar nie baie aangenaam nie as ons dit somtyds sonder melk moet drink.

Die volgende jaar in Maart 1902 word toe 'n proklamasie uitgevaardig dat die vrouens en kinders maar moet by die huise bly. Wel ons bly toe ook by die huis. Op 'n Saterdagnag in Maart 1902 toe kom 'n groot Engelse laer by ons huis, wat in die donkere nag aan ons deure skop met 'n geweldige rumoer om na die Boere te soek. Een Engelsman ruk sy bajonet uit en steek dit voor in die geweer. Toe steek hy so wreed onder die bed in dat ons vrees vir die paar kinders wat op 'n grondbed langs die katel slaap. Hy vra toe met 'n bulderende stem: "Where are the Boers?"

Die Sondagmôre om tien kom vra een van die hoofde van hulle waar my man is. Ek sê toe hy is op die kommando om te veg. Hy wys so op na die huis se dak en sê toe: "This is all fire." Meteens kap hulle die deur waarin ek staan en breek die dag al die vertrekke rondom ons [af] net op drie na wat toe vir ons oorbly.

Meteens dink ek aan my klein Bennie, skaars vyf maande oud, wat in die kamer op die bed slaap wat al vol grond en stof is. Die muur en stene het ook begin afval. Wat die dag alles gebeur het kan ek later aan julle vertel. Ek voel dat as iemand wil ontken al die wreedheid van die Engelsman in die Boereoorlog doen 'n groot sonde en onreg aan sy volk.

Na al die maande van vlug en swaarkry had ons ook nog altoos rotsvaste geloof en moed. Ons het maar met verlange uitgesien na die dag van vrede en oorwinning.

## 2.3 Op vlug voor die vyand

Ons had 'n baie gelukkige en soete lewe, maar was nie alleen vol rose nie, maar ook baie dorings. Oktober 1899 het die groot Boereoorlog begin. Ek was nie in die moordkampe nie,

maar het ook baie moes deurmaak. Ons het altoos moes vlug om vry te bly. Vir maande lank het ek onder my wa geslaap in die veld waar ons op die vlug was. Geen leed of ramp het ons ooit getref nie. Ons Boere-spioene was altoos uit en wanneer die rapport kom is ons weer veilig, dan gaan al die families weer na hulle huise toe tot tyd en wyl die tyding weer kom ons moet vlug die Engelse kom.

Ons had waarlik 'n onrustige lewe. Ons goed wat altoos saam met ons moet gaan was nooit meer uitgepak nie, want daar is altoos so 'n oorhaas dat ons nie nog tyd het vir inpak nie. Ons het maar net altoos opgepak en getrek. Ek het self leisels gehou en het een nag in die koue Junie-maand die Vaalrivier deurgevlug. Een nag het ons tussen twee Engelse laers deur gevlug. 'n Tyd lank daarna gaan ons toe weer terug na ons huis toe, maar daar was toe 'n hele verwoesting, 100 mud koring en 70 bale wol is verbrand. Die aarde was so erg verbrand waar die koring en wol verbrand is, dat na al die jare die gras nou nog nie op die plek behoorlik wil groei nie.

Daar word toe later 'n proklamasie uitgevaardig dat die vrouens en kinders nie weer sal gevang word nie. Ek bly toe ook by die huis saam met ouma Strauss en ou tante Bettie Moller. Dit was in Maart toe kom die Engelse op 'n dag om twee uur met 'n geweldige rumoer op ons plaas aan. Toe ons wakker skrik stamp hulle met alle geweld aan die deure en die vensters. Ek maak toe die kamerdeur oop, toe storm 'n paar in. Een ruk toe sy bajonet uit en steek dit voor in die geweer en steek so wreedaardig onder die katel in. Toe vra hy: "Where's the Boers?" Ek sê toe al die Boere is op die kommando. Ons het gevrees dat hulle die paar slapende kinders raak steek op 'n vloerbed langs die katel. Hulle loop toe almal uit en maak op ons stoep aanmekaar beddens om op te slaap.

Die Sondagmôre om tien uur vra een Engelsman waarheen my man is. Ek sê hy is op die kommando om te veg. Meteens wys hy op na die huis se dak en sê toe: "This is all fire."

Meteens kap hy die deur waarin ek toe nog staan en van

die ander kap die vensters.

Waar almal toe so gou vandaan gekom het weet ek nie. Hulle breek toe die balke en die plafonne uit. Net op drie vertrekke wat hulle toe vir ons laat oorbly. Meteens dink ek toe aan Bennie wat in die kamer slaap. Hy was maar skaars vyf maande oud. Sy hele bed was toe al vol grond en stof. Nadat hulle toe alles by die huis verwoes het jaag hulle dat die stof so uitslaan veld toe om ons klompie slagskape - dit was 70 - aan te jaag na die kraal toe. Op die hitte van die middag - omtrent vir elke skaap was daar 'n perderuiter - word almal toe in die kraal op een hoop doodgesteek. Hulle het ook ons mielies en koring uit die huis geneem. Ek het toe later in die dag met een van die offisiere gaan praat om dit weer terug te kry - dit was ses sakke. Toe het 'n goeie ou swartjong een mud mielies op sy rug ingebring.

Ons paar melkkoeie het hulle ook geskiet en gewond, sodat ons nog die lyding van die diere ook moet aansien. Ons groot boord vrugtebome is afgekap en velle wat in die looikuipe was het hulle fyn toutjies gesny.

Die aand het dit te spookagtig gelyk in die huis en op die plaas nadat die Engelse laer vertrek is, sien ons hoedat ons waenhuis se dik balke brand wat hulle aan die brand gesteek het. Ons gaan toe uit om dit te probeer doodkry.

Weleer [?] kruip drie [Swartes] daar agter die muur uit wat aangestel was vir spioene. Ons drie vrouens het maar die hele nag wakker gesit en ons gewapen met stukke katelstyle wat die dag gebreek is, maar niks het die nag ons gehinder nie. Ons eerste werk die volgende môre was om 'n groot witperd wat naby ons huis van die Engelse dood gelê het te begrawe. Ons het probeer grawe met 'n halwe steekgraaf al langs die perd, maar die grond was so hard dat ons toe maar los grond opgegooi het dat dit darem na 'n graf lyk, maar die volgende oggend was die arme perd uit onder die grond vier pote in die lug. Die tweede dag het daar toe van ons kommando-mense gekom en die perd weggesleep. Eenkeer was ons ook van die huis af weggevlug toe

het op die plaas 'n groot Engelse laer gekom. Ons het in 'n tonnel baie van ons goed begrawe soos klere, seep, breekgoed en nog meer ander goed. Dié het hulle uitgehaal, verbrand en gebreek. Ook my uitrusting, babakleertjies wat ek net binnekort sou nodig hê vir Bennie. Hy het toe omtrent nie kleertjies gehad om aan te trek nie. Ek het toe maar by ander vrouens so 'n paar stukkies gekoop. Dieselfde tyd is toe ook op die plaas 400 skape van ander mense doodgemaak, sodat ons toe eers 'n hele tyd moet wag om terug te gaan na ons huis toe. Ons was dertien maande sonder brood. Ons het maar vleis, stampmielies en kafferkoring geëet, maar ons het met blote vertroue op die Heer gewag om ons vrede te gee met 'n groot oorwinning.

Die mense wat vandag wil ontken dat die Engelse nie wreed was nie, doen 'n groot sonde en onreg aan die Afrikaanse volk. Na al die maande van die vlugtende lewe had ons ook nog baie moed en was vol grappe. As die tyding van vlug kom was ons altoos so oorhaastig en verboureerd. Waar ons dan weer op 'n staanplek kom het een die ander gespot.

Al het die toekoms ook vir ons donker gelyk. Die geloof het ons in staat gestel om alles manmoedig te dra.

# AFDELING E

## DIE DAGBOEK VAN MEV. C.P. (TOTIE) GREEFF[5]

### 1. Inleiding

Totie Greef (gebore De Wet) was getroud met Gabriël Johannes Greeff, 'n broer van genl. De la Rey se vrou Nonnie en 'n afstammeling van die stigter van Lichtenburg. Tydens die Anglo-Boereoorlog is sy gevange geneem en na Lichtenburg geneem, waar sy onder andere in die plaaslike kerk aangehou is. Hier het sy 'n redelik uitvoerige dagboek gehou. Haar man was 'n kolonel in die Boeremagte. Hierna volg die teks van die dagboek in Afrikaans vertaal. Die styl van die werk is so na as moontlik aan die van die oorspronklike gehou. Enkele redaksionele aanpassings moes in die vertaalproses gemaak word.

### 2. Dagboek

Gevange geneem uit my woning 16 Junie 1901

Lichtenburg

27 September 1901

Om my gedagtes tog op iets te bepaal het ek besluit om 'n dagboek te begin. Veral omdat ons as gevangenes so baie sterf. Van alle kante kom berigte van die kampe van baie siektes en dood onder die gevange vroue en kinders. Deur God se oneindige goedheid het ek tog nog hier gebly, maar wat verder oor my besluit is, is aan God alleen bekend.

Nou wil ek die een en ander aanteken sodat - as dit God behaag om my weg te neem en my dienbare man te spaar, hy dan eendag tog kan weet wat ons al die tyd deurgemaak het,

5. In besit van prof. P.H. du Preez, Bloemfontein.

veral aangesien ek nou nie die voorreg het om iets van hom te kan skryf nie en my gees tog gedurig met hom besig is, al durf ek dit nie in my omstandigheid uitvra [?]. Indien dit Hom behaag om ons tesame te spaar tot die vrede [aanbreek], kan ons tesame ons lewe, ons lyding en elke genadegawe van ons Hemelse Vader oordink en bespreek. Die Here help my in alles en leer my ook wat om te skryf, slegs om Hom te behaag. Mag Sy liefde ons tesame lei, beskerm en laat lewe tot eer en verheerliking van Sy naam.

*13 Oktober*. 'n Lang tyd van stilte vir 'n dagboek. Maar ek het baie gesukkel met my kinders, 2 van hulle het bloedparsie gehad, nl. Hendrik en Sannie en was sleg siek - hulle was 15 dae in die bed - en ten laaste ook klein Pieter en ek self. Nou is ons almal beter, maar nie heeltemal gesond nie. Dit is tog 'n swaar tyd as mens siekte het en die een kan die ander nie help nie. Maar my Hemelse Vader help en ondersteun my wonderbaarlik. Ek het ook tyding ontvang van klein Wouter de Vos se dood te Mafeking. My klein seuntjie het op my verjaardag 'n tand gekry. Ons almal wat nou hier wil bly moet hulle eie kos eet, behalwe vleis en die wat nie daarvoor kans sien moet hulle name opgee om na Mafeking te gaan. Ek sal met Gods hulp probeer om klaar te kom solank ek slegs nog in 'n woning kan bly.

*22 Oktober*. Hoe vinnig en tog hoe vreeslik stadig gaan die tyd verby. Ek voel ook die afgelope week baie treurig en ongerus oor my liewe man; ja die gedagtes is maar gedurig daarop of hy nog lewe en gesond is, waar hy homself tans bevind, wat sou sy gedagtes tog wees, ens. Maar dit dryf ons dan ook nader tot God. O, ek het dit tog al te veel ondervind dat hoe meer teenspoede, hoe dierbaarder is die gedagtes dat ons te midde van alles tog 'n geopende deur tot God het om na Hom te vlug met alle kommer en nood. Ja dit gaan maar met my soos met iemand wat in diep waters is. Soms is ek heeltemal bo en dan dreig ek weer om te sink. Mag God my bo hou tot die einde. Ek sal ook maar, hoe meer ek dreig om te sink, al hoe vaster aan Hom vashou en hoe meer ek van alle aardse steun beroof word, al hoe vaster aan Hom vashou.

My klein Sannie vermaak my telkens om na Pappie te gaan. As ek haar vra waar sy hom sal kry, sê sy: "Ek sal na die groot huis gaan dan sal Pappie wel kom." Die arme kindertjies, ek kan hulle soms nie sonder trane aankyk nie, as ek dink watter lot miskien nog op hulle wag en hulle is tog altyd so erg oor hulle Pappie. Maar dan moet ek ook maar saam met die digter sê: My toekoms rus in die Here se hand, hoe duister dit ook is.

Ek het vandag tog so 'n begeerte om by suster Nonnie te wees aangesien dit boetie Koos se verjaardag was; arme broer ook nie meer jonk nie en hy moet soveel deurgaan. My bede is dat die Here hom moet help en sterk en hom moet wys wat hy moet doen. Dit is so 'n pragtige teks op sy verjaardag in my dagboekie. Here my God, U het gepraat en omdat U seën, is die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën (2 Samuel 7:29). Ek is ook seker dat hy 'n ware kneg van God is en die Here beloof om sy huis te seën of sy huisgesin. Ek hoop hulle ook die beste toe.

*4 November*. Vandag is my klein Sannie se verjaardag. Sy is vandag 3 jaar oud. Hoe bly en opgeruimd was sy oor 'n paar prentjies wat sy persent gekry het. Hoe gelukkig is 'n kind tog, hy merk niks van al die ellende om hom nie, maar dit is ook 'n groot spieël vir my en dink altyd so: Kyk hoe 'n kind homself aan sy vader of moeder toevertrou en rustig voel in hulle teenwoordigheid en waarom kan ek tog nie ook dieselfde doen om my met my man en kinders volkome aan Hom op te dra. Ek weet tog dat ons Sy eiendom is en Hy het tog belowe om vir ons alles voorspoedig te maak. Ek vergeet byna om te sê dat ons nog ons rantsoen kry, so sorg God nog vir ons.

*5 November*. Vandag het ons 'n aangename biduur gehad wat die siel en liggaam versterk het en my bede is dat God sy seën daaraan sal heg.

*10 November*. Vandag is Grieta se verjaardag - 9 jaar oud; O hoeveel vreugde en droefheid het dié 9 jaar oor ons gegaan. Maar ek kan en moet met beskaamdheid sê dat ek my Vader in die Hemel meer leer liefkry het in die dae van treurigheid

as in die voorspoedige dae. Daarom stuur die Here sulke sware beproewinge na ons om ons te louter en te reinig. Mag dit aan ons geskied.

*12 November.* Dit was 'n dag van teleurstelling en droefheid vir my, aangesien dit die dag was wat bepaal was vir ons biduur, maar baie het besware (nieteenstaande ons kommandant sy toestemming gegee het) dat daar onheile sal kom en so het hulle besluit om dit op te gee. O ons staan nie vas voor Daniël se God alleen nie, maar gee die stryd maar al te spoedig op. Ons het niks van die bloed van die martelare in ons nie. Die Here vergewe ons en skenk ons meer geloof.

*16 November.* Vandag is dit juis 4 maande dat die vreeslike dag oor my gekom het dat ek weggevoer is van my woning. Dit was maar 'n moeilike tyd vir my aangesien ek gedurig met siekte moes sukkel; dan die een dan die ander en van hulle laas so erg siek was, kla Hendrik nog altyd en word nou weer erger, maar nogtans kan ek sê die Here was my steeds naby en my het nog niks ontbreek nie behalwe slegs 'n dankbare en tevrede hart. Ek is ook maar telkens siek van my ou maag, maar ons is tog nog almal in die lewe en die Here sal wel ook verder alles vir ons voorspoedig maak en ook my liewe man beskerm. Dit is my gebed tot God.

*24 November.* Die tyd gaan stadig en eentonig voort, maar tog knaag dit gedurig. Hoeveel is daar nie gedurig om bekommerd oor te wees nie. Telkens as ons kanonskote hoor, is ons maar bang en wanneer daar tyding kom is dit maar altyd onruswekkend, al glo mens ook nie alles nie. Mens durf niks sê nie, maar steeds swyg vanweë die dreigemente van wegstuur en nogtans is die angs vir die wegstuur groot; veral nou is ek baie bevrees omdat daar in die laaste tyd maar gedurig iets teen my gesoek word, al is dit ook onskuldig en ek is seker daarvan dat indien my Hemelse Vader dit nie van my weer nie ek nog sal moet gaan. Hulle is ook weer 'n konvooi te wagte en ek weet nie of my lot miskien ook bepaal is nie, maar ek laat dit maar in God se hand. Hy weet wat die beste vir my is en sonder Sy wil sal niks ook met my gebeur nie.

Ons goeie kommandant se tyd is nou ook verstreke. Hy gaan nou weg en wie weet wat die toekomende een gaan doen. Dan die vreeslike verlange na my liewe man van wie ek ook niks kan hoor nie. Ag wanneer sal al die ellende tog tot 'n einde kom. Môre die 25ste is my liewe oorlede Sannie se verjaardag, dan sou sy 7 jaar gewees het, maar nou sug sy in die hemel en wag daar vir ons.

*Sondag 1 Desember 1901.* Wat gaan hierdie nuwe maand, wat die laaste maand van die jaar is tog vir my bring? In die afgelope maand het ek baie stof tot dankbaarheid gehad. Dit was 'n maand waarin 4 van my liewe klein [kindertjies] verjaar het. Die 28ste was dit Hendrik se verjaardag. Nou was dit die 3de keer dat hulle almal in die oorlog verjaar het. Mag dit tog die laaste verjaardag in die oorlog wees. Môre die 2de is dit juis 4 maande dat ek my liewe man laas gesien het en ook maar vir 'n paar uur. O dit is 'n vreeslike tyd, veral noudat daar soveel geveg word en ek niks eens kan hoor of hy nog lewe nie, maar ek hoop God sal hom behoed.

*5 Desember.* O in die [afgelope] paar dae het daar weer soveel gebeur, aangesien die konvooi gekom het en weer van my liewe vriende saamgeneem het - die arme ou tante Swanepoel - ons was al die tyd so saam en die ou vrou het die meeste tyd by ons deurgebring. Ook die arme Bettie du Toit, tot wie ek my so aangetrokke gevoel het. Ek kan niks anders sê nie as dat God se hand my beskerm het. O hoeveel stof tot dank het ek tog dat ek nog vandag hier is en as dit my lot mag wees om ook te gaan sal Hy my ook in alles help. Ons moes ook ons liewe, goeie kommandant afgee, aangesien hy nou moet verwissel. Hy het nou 36 jaar gedien en as hy wou kon hy nou huistoe gaan. Nou hoor ek dat hy weer gevra is vir genl. Die dag toe hy kom groet en ek hom bedank vir sy goedheid aan my, kon ek my trane nie bedwing nie. Deur sy goedheid kon ek my goed tuis gaan haal en deur sy samewerking is ek vandag nog hier, hoewel God sy hart daarvoor bewerk het. Hoe dit nou verder sal gaan weet ek tog nie. Ek sal my ook maar slegs aan God toevertrou. As ek dink hoe bekommerd my liewe man oor my voel en dat hy nie eens weet of ek nog hier is en of ons nog almal wel is, dan breek

my hart. Maar ek weet ook nooit eens waar hy is. Ek kan ook niks daaraan doen nie, behalwe hom aan God toe te vertrou en te vertrou dat die dag van vrede weer sal aanbreek en dat die Here ons weer bymekaar sal bring. Maar as ek die vreeslike werkery van al die forte en nou die makery van die blokhuise sien, dan is dit vir my of daar nooit sal vrede kom nie en ons is vry maar tog in 'n tronk. Dan dink ek weer dat as die Here wil vrede maak geskied dit in 'n oomblik. By Hom is tog niks onmoontlik nie. Ons hoor nou dat suster Nonnie ook gevang is en weet nie wat die waarheid is nie. O ons hoor hier tog so baie. As ek voor die oorlog geweet het wat ek alles sou moes deurgaan, sou ek gedink het dat ek dit nie sou kon dra nie, maar nou ondersteun die Here my elke dag en help my om alle laste te dra, ook die vreeslike verlange verlig hy sommige dae. Hoe lank nog O Here, hoe lank nog?

*15 Desember.* Ag ek verlang vandag tog weer erg na my dierbare man. Ek het vanoggend so gedink aan die skeepslui wat in die see was en gedink het dat hulle sou sterf, aangesien hulle water klaar was en hulle nie geweet het dat hulle in lewende water was nie. Ek het gedink met my is dit nou dieselfde, hier versmag ek van bittere verlange en wie weet hoe naby my liewe man is en ek weet dit nie eens. Ek verneem gerugte dat hy besig is om te Manana te oes en dan dink ek tog as hy nog leef sal hy wel daar wees en hoe sal hy tog nie verlang na sy ou vrou en liewe kindertjies, maar dan dink ek weer die Here sal hom ook wel krag gee.

Verlede nag het ek gedroom dat ons bymekaar is en hy sê aan iemand anders: "Ek kan nou nie meer nie, ek gaan nou handsup." Ek het dit toe gehoor en sê aan hom: "Jy moet tog eers goed dink voor jy dit doen." Hy sê: "Ja maar nou hou ek dit nie meer", toe dink ek dit voel vir my of hy tog maar nog moet hou, maar ek het nie vir hom gesê om homself oor te gee nie en kan ook nie vir hom sê om dit nie te doen nie, al voel ek ook nie op my gemak. Nou wonder ek wat so iets beteken. Ek sou wat wil gee om slegs een uur met hom te wees, slegs tog om te hoor hoe dit met ons gesteld is. Hier hoor ons niks, niks, niks, behalwe die goeie van één kant. Ons is soos in digte duisternis, omring

deur 'n ysterketting. Ek kan ook saam met die Psalmis sê: "Een net belemmert onze schreden een enige band hield ons beknelt. Gy het door heerszucht ons vertreden, zy gaaft ons over aan het gewelt. Hier scheen ons het water te overstromen daar worden wy gedreig door het vuur enz." As die liewe Here ons tog ook maar ter goeder uur redding skenk.

Mamma is al 'n paar dae ernstig siek aan die maag. Sannie en Pieter het seeroë. Ek kan sê van ek hier is was daar nog geen enkele week dat ons nie siekte gehad het nie. Maar ons lewe tog deur God se goedheid nog almal en het nog voldoende voedsel en bedekking en hoeveel armes is daar wat gebrek ly, hoeveel ellende wat God alleen van weet. Ek troos my altyd daarna dat God met dit alles 'n doel het en wat die doel is is by Hom alleen bekend, maar die tyd sal dit openbaar. Mag die tyd tog spoedig aanbreek is my bede. Watter ligstraal daar vir ons is weet ek nie, maar die Here alleen is tans my lig op wie ek steun en op wie ek hoop vir die toekoms. As ek my wedervaringe, my gedagtes en my hoop mag uiter sou hierdie boek dit nie kon vat nie, maar nou is dit verborge en aan God alleen bekend.

*22 Desember.* Vandag is dit vir my 'n ongelukkige dag na siel en liggaam. Mamma lê nou al 10 dae en het versorging nodig. Meer as twee weke sukkel ek al met Sannie en Pieter se oë; die een dag beter en die ander erger - veral snags. Verlede nag het Sannie bykans geen rus gehad en nou het ek ook 2 dae al 'n sware pyn in my tande en gesig. Nou voel ek vandag maar erg sleg en bewerig, en as die liggaam sleg voel is die siel ook nie goed. Nou voel ek net treurig en moedeloos, veral aangesien die treurige oorlog nie 'n einde kan kry. Wanneer sal ek tog my liewe man weer sien. As ek so met die 2 jongstes moet sukkel mis ek sy hulp tog baie. Sannie wil ook maar altyd op die skoot wees as die oë erg is. As mens siekte in so 'n swaar tyd het, is dit nog bitterder. Maar nou vergeet ek ook weer om dankbaar te wees. Hoeveel dankbaarheid is ek verskuldig aan my liewe Hemelse Vader dat ek vandag nog hier is. Ons het almal maar gedink dat ek sal moet gaan en as dit nie was dat die Here my beskerm het nie was ek seker nie meer hier nie. Ek weet dat daar vele sal

wees van ons mense, behalwe as hulle weet dat ek nog hier is, wat sal sê dat ek ook Engels-gesind is, maar die Here weet alles en Hy alleen is 'n hoorder van gebede, want Hom alleen het ek gesmeek om my tog te laat bly en my tog te bevry van die ellende van die kamplewe en ek voel dit dat my liewe man dit ook doen en so kom Hom alleen die lof toe. Ek kan niks anders sê as vertel aan die verste kus van die aarde, God is Goed, God is goed al moet ek ook baie bitter verdra. Hy sterk my tog onder alles.

*29 Desember*. Kersfees het gekom en het verbygegaan. Ek wou tog so graag dié dag iets opskryf, maar het nie die kans gehad nie, aangesien daar maar die hele dag 'n gewoel was en dit gaan ook so. Die aand voel ek maar lomerig aangesien ek baie moes sukkel met Sannie se oë. Ek het ook 'n gesig gehad wat erg geswel was van hewige tandpyn. Nou is alles beter, die tand en ook Sannie se oë lyk nou heeltemal goed. Dit was vir my maar 'n bitter treurige dag. Toe die horlosie die oggend 8 uur slaan kon ek nie help om te ween nie, want dit was juis die tyd toe my liewe man verlede Kersfees die oggend tuis gekom het. Hoe dankbaar is ek tog nou dat hy toe die dag by ons kon deurbring. O kon ek die oggend net weet waar hy is en hoe dit met hom gesteld is, sou dit my leed tog 'n bietjie versag. So moes ek my dag maar treurig deurbring. Dit is vir my hier ook asof ek geen familie hier het nie, want elkeen is so tevrede met hul lot tesame en ek is alleen, die ou swart skaap en ek het al gehoor dat as iemand my bejammer dat een sê: "Watse jammer, haar man kan mos net so goed kom as ons sin." Nou laat ek hulle maar min sien dat ek treurig voel, want ek weet dat my dag van blydskap ook eenmaal sal kom. Die enigste teenoor wie ek soms my nood 'n bietjie bekla is Sussie en Sannie de Vos; ek kla maar teenoor Jesus. O ek verlang tog so na my dierbare man en susters saam met wie ek altyd die feesdae kon vier. Hoe goed was my liewe man tog altyd vir my om my altyd by hulle te bring solank ons die voorreg gehad het. Nou voel ek eers hoe gelukkig ons toe was. "Ag my Hemelse Vader laat daar tog weer vir ons so 'n gelukkige dag van samesyn aanbreek."

Vandag is dit die laaste Sondag van hierdie jaar en die vraag kom gedurig op: Sal die nuwe jaar nog weer moet eindig

so bitter treurig vir my en vir duisende saam met my, dan weet ek tog nie wat al kan gebeur in die bittere tyd en hoe ek alles sal kan dra en niks van hom te kan hoor nie, dan sê ek ook met die Gesangdigter: "Dink ik wat ramp mij hier nog wacht, wat smart in verre dagen. En vraag ik ach van waar dan kracht om al dien last te dragen."

Ons lewe hier in duisternis. Ons hoor dat die Boere omtrent almal gevang is. Wat daar nog gebeur weet ons nie. Hier word baie gewerk en gemaak en waarvoor weet ek nie. Dit is vir my alles raaisels en wat nog gebeur kry ek nooit die regte [inligting], soos nou weer die [Swartes] met die perde wat ingekom het, het ek nou al op 4 maniere gehoor en so gaan dit met alles, maar ek hoop net dat dit weer eens sal lig word. Vaarwel dan oujaar met jou blye dae, want al was dit maar min het hy dit tog gehad. Hoe bly was ek nie altyd as ek my liefste sien aankom, hoe bly as hy 'n gelukkige dag by my kon deurbring, hoe bly as hy weer veilig kon gaan en nog baie kleinighede waarvoor ek dankbaar was en o hoe bly toe ek hom die dag tuis vind.

Maar dit is nou alles verby, nou is alles slegs dae van kommer, dae van sorge en verlange, dae van duisternisse waar daar geen einde aan skyn te wees nie, waar die eensaamheid nie eens verlig word deur 'n aangename brief of 'n blye tyding nie. Ag Here as u my nie help nie; O ek kan nie, ek kan dit nie dra nie. Maar Goddank Hy help my en ek weet dat Hy my liefste ook help en sterk, want ek weet dat Sy beproewinge ook maar hard is. Maar hy is tog nog vry en wat is heerliker as vryheid. Ek sien dat my dagboek vandag al trane op hom het. Ek wou dit nie so hê nie, maar dit is tog al vriend wat ek het, nou moet hy maar vir lief neem.

*31 Desember*. Laaste aand van die afgelope jaar. Vaarwel oujaar met jou lief en leed, met jou blydskap en droefheid. Dit was 'n donker jaar maar tog is alles verby. In hierdie aand het ek baie stof tot dank. Hoeveel moes hul eggenotes afgee deur die dood of deur vyandelike koeëls en sover ek weet is myne nog in die lewe. Hy het gespaar gebly vir

al die vyandelike gevare en al het ons nie die voorreg om mekaar te ontmoet nie, is ons gebede tog een by ons Hemelse Vader en ek hoop dat Hy ons sal verhoor. Al moes ek ook al baie sukkel met siekte met my kindertjies van ek hier is, maar hulle is vanaand tog almal wel en hulle lewens het gespaar gebly. En hoe het die Here my nie ondersteun en gesterk onder my bittere lot? En sou ek Hom dan nie daarvoor kon dank nie. My bede is Here gee my tog 'n meer dankbare hart, 'n hart wat meer onderwerplik is aan U Goddelike wil. Wat nou voor die deur staan weet ek nie. Ek weet slegs dat daar 'n donker toekoms is, maar wat sal gebeur weet ek nie. Ek moet ook maar met die digter sê: "Leidt my door de donkere toekomst, waar ik vreest één stap te doen. Ja het is zoo donker dat ik niet één stap zonder Zyn hand kan doen. O Heere laat my toch niet los, laat mij geen oogenblik alleen, maar help my dat ik my stevig aan u vast klemmen, dan kan de stormen veilig woelen."

Spaar tog as dit moontlik is my liewe man en laat ons lewe tot U eer. So nie bring ons in 'n beter wêreld byeen. Help en sterk ons onder alles, onder alle beproewing heen en laat ons gereinig, gelouter word deur die vuurproef waar ons tans in is. Laat ons kinders U sin wees. Skenk alles aan ons om Jesus wil. Amen.

*12 Januarie 1902*. Vandag is die eerste wat ek 1902 skryf. Kon ek aan my liewe man skryf, sou dit al wel die 5de maal wees. Wat 'n verligting was dit altyd as ek aan hom skryf. Dan is my gees altyd by en met hom. Ek kan vandag ook niks skryf nie. As ek geweet het dat my boek nie in verkeerde hande sal kom nie, sou ek veel meer kon skryf wat my gedagtes en gevoelens is. Maar nou moet ek dit maar in my hart begrawe. Maar één weet dit tog, want by Hom is alles bekend. Ek het tog weer Vrydag van Bettie 'n liewe brief ontvang waarin sy aan my sê dat sy tyding van Jan het dat hy nog wel is en dat suster Nonnie nog by haar ou man is en dat Ada getroud is. Daarvan weet ons niks. Nou hoor ons weer dat boetie Koos gewond is. Ek het al so baie van hom gehoor van ek hier is dat ek niks meer glo nie. No. 1: Was hy heeltemal moedeloos en het met sy huisgesin gevlug na die Duitse gebied en sy burgers aan hulself oorgelaat het. No. 2:

Veg hy nie meer maar vlug met sy huisgesin rond. No. 3: Was hy ernstig siek aan die water en sal nie meer 3 maande leef nie. No. 4: Was hy deur sy nek geskiet. No. 5: Het hy gevra om sy vrou na Pretoria te stuur omdat hy dit nie meer kan hou nie. No. 6: Is sy vrou gevang en sy seun Koos doodgeskiet. No. 7: Is hy met 2 koeëls deur een arm gewond. So gaan dit met alles, die mense word omtrent mal... Maar ek vat nie alles en maak my eie gevolgtrekkings. Maar ek gaan al te ver. Ons kry nou geen vleis meer nie en so sal dit maar altyd swaarder word as die liewe Here Hom nie oor ons ontferm en die vrede gee nie. Ek is baie bly dat ek in die laaste tyd so fris voel. Ek is tans al baie maer. Die kindertjies ook, maar 'n bietjie wel; ek sê 'n bietjie omdat dit maar 'n paar dae duur. Sannatjie is reeds weer erg verkoue.

*2 Februarie.* Baie het gebeur sedert ek laas geskryf het. Vandag vir 15 dae het die groot kolonne gekom en vir 8 dae gebly. In dié tyd het die klompie uitgegaan wat soveel verloor. In dié tyd het 'n konvooi gekom. In dié tyd het 2 van ons rapportryers gekom met rapporte en ons moet maar die nuuskierigheid uithou en nie eens weet wat hulle kon doen nie. In die laaste week is, sover ek weet, 10 Engelse dood in die hospitaal en baie lê siek. Gisteroggend is weer baie geveg en ons sal nooit weet wat weer gebeur het nie. Nou kry ons geen kos nie en moet vleis koop teen 7 d per pond en soveel vee [het] ingekom. Wat nou verder sal gebeur weet ek nie. Een ding weet ek en dit is dat die strop al hoe nouer trek; hoe lank nog weet ek nie. Ek hoop die liewe Here sal my met die kinders elke dag versorg. Somtyds het ek so 'n verwagting dat hulle ons weer sal loslaat. As ek saans daaroor dink kan ek nie aan die slaap raak nie. Vandag is dit 6 maande dat ek my liewe man laas gesien het. Dit is vir my 'n lange en bittere tyd en as die Here my nie gehelp het nie kon ek dit nie dra nie en nog bly ek vol hoop en moed. Maar as ek van die gevegte hoor en ek nie eens weet waar hy is en of hy nog gesond is, is dit tog bitter om dit te dra.

Maar eens sal die einde tog kom op Gods tyd en dan, O as ek tog dan my liewe man kan ontmoet.

*16 Februarie.* Vandag is dit al 7 maande dat ek die dag

van my woning geneem is. Dit was vir my 'n lang en bitter tyd en tog is dit verby. Nou word elke dag swaarder. Ses maande het ons kos ontvang, maar nou moet alles gekoop word en alles is so bitter duur. Ek sal maar probeer om hier te bly totdat ek niks meer het nie. O ek is soms so besorg maar die Here het tog gesê [dat ons nie besorg moet wees nie]. Hy sal ook wel sorg en wie weet wat nog sal gebeur. Wat my die meeste druk en verteer is dat ek niks van ons mense kan hoor nie en die gerugte wat hier kom is skrikwekkend. As daar nou 150 hier buite en 600 by De Wet gevange is moes dit vreeslik gewees het. Nou sê hulle, hulle gaan oral "toeblok." Die liewe Here weet alles. Hy weet wat om aan ons te doen. My bede is net dat indien dit Sy wil is dat ons moet stry, Hy ons tog sal ondersteun. Maar as Sy wil anders is om dit dan tog aan ons te openbaar en tog die vrede te skenk soos Hy dit wil skenk. Ek voel tog te bitter ongerus oor my liewe man. O ek weet nie of hy nog in lewe is, of hy nog gesond is, waar hy hom bevind. As ek slegs weet of hy nog moedig is, hoe sou dit my ook weer opbeur. Maar nou het ek geen aanmoediging, geen troos en diegene wat familie het sal my nog meer teneerdruk en dan opbeur.

*23 Februarie*. Hoe bly was ek die afgelope week om tog iets te kon verneem van oom Piet en tante Betta omtrent my man en van buite, al was dit ook al 'n hele tydjie dat hulle hom laas gesien het. Maar hoe lank was dit tog dat ek laas iets van hom verneem het. Nou voel ek ook weer moediger. Klein Sannie het gisteraand aan my gesê: "Mamma as pappa kom sal ek hom baie soen en vir Charlie ook. Ma moet vir pa ook soen en vir Charlie ook." Ek dink toe, ja liewe kind, dit hoef jy nie vir my te sê nie. My hart voel so leeg en voel so behoefte aan sy nabyheid. Dit is nou al weer 3 nagte dat ek gedurig van hom droom. Somtyds droom ek 'n hele week elke nag van hom. Dit maak my bly en tog treurig. Gisteroggend vertel H. dat die kolonne nou na Manana gaan en ons huise gaan afbreek. Hy sê hy sal nie rus voor ons huise almal afgebreek is omdat hy nie meer een het nie. Ek het eers treurig en ongerus gevoel. Toe kom die gedagte by my op: die Here het ons tog geen aardse woning belowe nie, maar 'n woning wat onverganklik is en as dit sy wil is sal hulle dit vernietig, maar as Sy wil is om dit te spaar sal hulle nie hul hande

daarop lê nie. Ek laat dit maar aan Hom oor dan voel ek spyt oor my portrette en kleinighede, maar as dit is dat ek dit ook moet verloor is dit seker omdat ek nog te veel daarvan maak. Die Here wil my hele hart hê. Hy help my om dit aan Hom te gee. Slegs my liewe man O Heer, spaar hom tog vir my. Ek het die laaste 2 weke baie moes sukkel, aangesien ek tog ook graag bietjie vrugte wou droog moes ek dit van mev. Maartens af aansukkel. Maar ek het nou tog omtrent 'n halwe mud droog en moet nou nog die helfte daarvan afgee. Ek was ook so bly toe ek 'n liewe brief van Sannie Brugman ontvang en verneem het dat sy nog wel is en ook dat boetie Koos se moeder ook daar is. Die arme Sannietjie, wat sou haar pappie sê as hy moes weet hoeveel sy moet ly van haar oogies wat so lank al so seer is. Met myself gaan dit heel goed, is so gesond en eet so goed. Jammer dat die kos so bitter duur is, maar solank ek nog 'n sikspens het sal ek nie honger ly nie. Wanneer sal die Here ons tog vrede skenk, waarna ons so smag? Dit is vir my of ons nog lank sal smag soos dit menslikerwyse skyn, maar by die Here is dit tog slegs vir 'n oogwenk.

*Sondagaand 2 Maart.* Hoe vinnig en tog hoe stadig gaan die tyd verby. Vandag was dit 7 maande dat ek my liewe man laas gesien het. Môre of vannag sal dit een jaar wees dat die dorp gestorm is. Watse leed het daar tog al van dié dag af gebeur en gewis ook vreugde. In die laaste week het ons mense tog, Goddank, weer deur God se bystand, geseënde werk gedoen. O hoe verwek so-iets groot opskudding, tog hoor ons nooit die regte [weergawe] nie.

Ek hoop dat my liewe [man] ook nog gespaar gebly het en dat God verder sal help. My teësinnigheid moet ek maar liewer verswyg en slegs aan God se goedheid dink en maar alle laste en verdrukking verdra, wetende dat daar weer verlossing sal kom. My beste wense en seën aan ons [dierbares]. O my hart is so vol vir hulle en ek moet alles verswyg, maar die liewe Heer ken my hoop en hoe donker dit ook is. Hy sal weer vir ons lig maak. Mag Hy spoedig kom.

*16 Maart.* Dit is vandag 8 maande dat ons hier is.

Hoeveel het al gebeur in dié tyd; veral die laaste paar weke was vir my dae van dankbaarheid, maar daar is altyd 'n bitter druppel gemeng met die goedheid. Kon ek slegs net altyd weet of my liewe man nog in lewe en gesondheid is, sou dit vir my dae van blydskap wees. O as ek geweet het dat my boek nooit in verkeerde hande sou kom nie en ek al my gevoelens, my hoop kon opskryf, maar nou moet ek dit maar binne hou. Mens kan mal word van alles wat mens hoor, maar die Here help my. As ek soms stil, so stil sit en dink wat my lewe nou is, en hoe ek dit kon dra, dan moet ek uitroep en sê: 'n vaste Burg is onse God, Hy is my burg, my rots, my sterkte. Sonder Sy krag sou ek alles nie kon dra nie en hoe wonderlik dra ek dit nou. Dit is nie of ek dieselfde vlees en bloed van vroeër dae is nie. Dink ek slegs watter onrus ek uit stort as my liewe [man] moet kom en dit word laat. As die liewe Here hom tog nou ook maar so sterk. En hoe wonderlik gee die Here my nog moed en vertroue. O ek wag slegs op die dag dat hy sal sê tot hiertoe en nie verder nie. Ek is beangs oor wat nou sal kom, aangesien alle kragte nou ingespan sal word om die neerlae te wreek. Mag God tog verder aantoon wat Sy almag kan doen.

*23 Maart.* Die afgelope twee weke is alles nou niks anders as 'n eindelose stilte. Mens hoor niks, mens weet niks. Vandag is dit Sondag. Wat sal die week weer bring. Ek is so beangs oor wat kan kom, aangesien daar soveel planne is. Maar dan dink ek ook so: ek onteer my Vader met al die angstige vrae. Ek kan maar net met gerustheid op Hom vertrou. Maar die Here ken tog ons swakke skepsels en as ek niks van hulle kan hoor nie is ek beangs en besorg. Dit was vir my 'n week van bittere verlange en angstige dae. Ek kan my gevoel nie uitspreek nie, dit is te bitter. As ek slegs geweet het of my man nog leef en of hy nog gesond is, sou dit tog vir my 'n verligting wees. Maar slegs vertrou elke dag, hoe die storms mag woed, Jesus hou stand vas en pal.

*6 April.* Die week was vir my weer 'n week van sware stryd, veral Donderdag, aangesien hulle dié dag aan my woning gaan breek het. O ek het die liewe Here so ernstig gevra dat as dit nie gespaar kan bly nie, om my hart tog los te maak, maar dit was tog vir my 'n vreeslike skok. Maar die Here het my ook weer

gehelp om te sê: "U wil geskied." Hy het ons tog ook geen aardse wonings beloof nie, maar het gesê: "In die huis van my Vader is baie wonings." Hy help ons om dié Woning deelagtig te word.

Ons het in die laaste weke weer van groot neerlae aan ons kant verneem. Gelukkig dat ek nie alles glo nie. Nou is die sprake sterk vir vrede. Almal hoop daar op. Ek wil ook hoop, maar tog vrees ek, want ek weet dat ons mense nou nie maar blindelings alles sal oorgee nie. Dan kom die hoop weer; wie weet of die ander kant sal oorgee. By die Here is tog niks onmoontlik. Hy kan tog die harte bewerk vir vrede en alle trots wegneem. O mag Hy Hom nou ontferm. Ek vrees want as daar nou nog geen vrede kom nie, gaan die oorlog weer opnuut aan en as daar sprake van vrede is, dan verlang ek eers erg. Waar sou my liewe man vandag wees; wat sou hy tog doen en dink. Hy smag stellig ook na die einde en so almal wat van mekaar [geskei] is en sou God ons dan nooit meer hoor nie? Ja gewis sal Hy op Sy tyd - mag die tyd tog nou aangebreek het. Indien nie, dan sal Hy ons ook weer opnuut krag skenk. Ek self het nie die krag nie. Oormôre is dit al my 29ste verjaardag en daar was gewis nog nie 'n jaar waarin ek soveel moes deurmaak nie.

Mag die Here gee dat die volgende jaar beter sal wees en dat ek tesame met my liewe man sal kan lewe. Al gelukkige oomblikke is slegs wanneer ek liewe briewe van my familie en ook van Sannie Brugman ontvang, dat dit met hulle almal goed gaan en hoe smag my hart dan nie na 'n liewe brief van hulle nie. O sal die week tog nie vir ons 'n seën aanbring, of die maand nie? Die Here weet alleen.

*20 April.* Baie het gebeur waarvan my dagboek niks weet nie. Ja hy weet nie van die angs en onrus wat ek in die laaste weke gehad het nie, veral vandat ek verneem het dat my liewe man nie by boetie Koos te Klerksdorp is nie het ek gedink wie weet, hy kan al dood wees en ek weet dit nie en so voel ek vol angs tot die 16de deser. Dié oggend was my angs so groot dat ek die dorp ingehardloop het om iets te verneem en toe kom ek Jan de Wet teë met 'n telegram van die Provost Marshall

Klerksdorp aan die Provost Marshall hier wat lui: "Please let Mrs. Greeff know that her husband is at Umbala." (Hierdie telegram is versend op versoek van my susters).

Toe was dit of my angs [wyk] want hy leef tog nog en hoe kon ek toe die Here dank wat sy dierbare lewe bewaar het vir alle koeëls en ongelukke en hoewel dit my spyt dat hy gevang is, is ek tog dankbaar en my vertroue is dat die Here hom daar ook sal spaar. Dieselfde aand kom 'n briefkaart van Alie waarin sy slegs sê: " Ek hoop jy het nou al van Jan 'n brief [ontvang]." Die dag toe hy weg is het hy aan Bettie gesê dat hy aan u geskryf het en ek het niks van hom ontvang en hoe smag ek tog om 'n brief van hom te ontvang. Die eerste is nou al verlore en wanneer sal ek nou tog van hom een kry. Maar ek het die liewe Here gevra om my tog een te stuur en nou wag ek daarop, want een keer het die Here my verhoor omtrent 'n brief en nou sal Hy ook dit laat kom. O hoe verlang ek om tog ook aan hom te kan skryf. Maar nou weet ek nog nie die adres, en hoe verlang hy tog ook na 'n brief van my. Maar die Here sal alles voorsien. Maar ou dagboek, raai watter gedagte my - die dag toe ek gehoor het dat hy gevang is - trane in die oë gebring het. Nou is ou Teysen vir ons verlore, nou sal ek hom wat my liewe man so getrou gedien het, nooit weer sien nie en nou is hy in die hande van die vyand. My hart wil die stof nog maar nie loslaat nie. O en wat is ons lewe nou 'n lewe van hoop en vrees, hoop op vrede en vrees dat dit nie sal kom nie. As die vrede nou nie kom nie, sal ons lot swaarder word; maar dit lê ek maar in God se hand. Maar ag ek smag nou tog na die einde. As dit nou nie kom nie, weet ek nie hoe ek my weer tevrede sal stel nie. Wat sou my liewe man tog vandag doen; stellig aan my skryf? Sou hy nou nog sy klein Bybel besit wat ek aan hom gebring het. Die Here sal hom gewis ook in alles sterk. As ek nou by Bettie was kon ek hom stellig ook sien, maar die Here het dit anders beskik. Ek moet maar tevrede wees. Maar nou verlang ek tog te veel na hom en na 'n brief. As ek die arme ou Rossouw so sien ly en ek dink hoeveel sulke lydinge daar al was van die oorlog begin het en ek dink dat die Here my man van alles bewaar het, kan ek Hom nie genoeg dank nie en dit gee my dan ook meer vertroue dat Hy hom ook verder sal bewaar en ons bymekaar sal bring.

*27 April.* O wat 'n treurige dag is dit vir my. My liggaam voel siek en nou is die gees ook onwillig. Ek kan ook sê: "Ek moet stry, maar my kragte is slegs klagtes." Grote Ontfermer, staan my by. Dit is nou al meer as een maand dat ons lewe tussen hoop en vrees; dan hoor mens iets ten gunste van vrede, dan weer ten ongunste en as mens soveel hoor en nie weet wat die waarheid is nie, is dit ondraaglik. Kon ek tog nou maar 'n brief van my liewe man ontvang. O watse verligting sou dit wees. Maar ook dit bly weg en dit alles werk mee om my heeltemal verslae en lusteloos te maak na liggaam en gees. As ek tog slegs iets kan hoor wat aangaan; dan is dit hulle kan nie ooreenkom oor die Kolonialers; dan het genl. De la Rey homself om die lewe gebring omdat hy nie meer kon saam stem nie; dan het genl. De la Rey wapen neergelê met 5,000, dan met 2,000, dan met 200 en die origes wil nie en het gevlug na 'n arm land en nog duisend sulke dinge waarvan mens nie weet wat om te glo nie. Maar ek glo slegs dat die Here die lot van ons volk in Sy hande het en dat Hy dit sal bestier ooreenkomstig Sy wil en welbehae. My bede is gedurig: "Here gee my 'n onderwerplike hart wat swyg na U wil, en maak my soos 'n gehoorsame kind van U."

*28 April.* Ek het na die dokter gegaan. Hy het gesê ek moes al eerder gekom het, ek het koors in 'n hewige graad. Hy het my 'n dosis kinien gegee, nou is ek in die bed.

*Later.* 44 dae moes ek in die bed bly vanweë koorssiekte, maar die Here was my so genadig om my weer [te laat opstaan]. O met hoeveel lyding en soveel blydskap het ek die dae deurgebring; met hoeveel vreugde die eerste dierbare brief, die welbekende letters van my dierbare wat ek na so 'n lang tyd nie gesien het nie. Wat sal ek met God se gunste oorlaai, die troue Heer vir sy genade vergeld. Hierna het ek telkens van hom briewe ontvang. Dit was altyd opwekkend.

En toe, "ja' toe kom die langverwagte vrede; 'n vrede nie soos ons dit gewens het nie, maar soos God dit gestuur het. Die bitter van die oorlog het tog geeïndig. Ons almal wat nog lewe kon mekaar weer ontmoet.

Prys die Heer met bly galme. Ons kon na [ons] verwoeste wonings teruggaan.

## AFDELING F

## GETUIENISSE VERSAMEL DEUR EMILY HOBHOUSE

### 1. Mrs. Lily Boshoff[1]

Lily Boshoff neé Rautenbach told met her story in the following words, which I wrote down, as they were spoken, from her lips. Her arm and hand being disabled by wounds, whe was prevented from writing it herself. - Emily Hobhouse.

Pretoria

July 7, 1903.

I arrived in the Hospital at Bezuidenhout's Drift, December 11th, 1901. I had nursed other cases during the war and I wore the Red Cross on my arm. I held General De Wet's certificate appointing me to assist Dr. Poutsma in his hospital. There were two other nurses, Miss Raubenheimer and Miss Scheepers, and two orderlies, Mr. van Torenbergen and Mr. Moll. Mr. Moll was not present the day of the attack, having gone away in charge of some convalescent patients. It was the custom of the English to capture convalescents in hospitals and take them prisoners and early that morning a Boer Scout (M. Wessels) had passed and left word that a column was approaching. There were also two Kaffirs for rough work, who were taken away by the English after the affair was over.

There were four wounded burghers in bed, namely : A. Kluge, Christie of Heilbron, J. Wessels of Heilbron, and H. Cronje of Vrede.

The hospital consisted of three stone farm buildings all flying the Red Cross flag and one iron building unfinished, which

---

1. Hierdie afdeling is geneem uit die versameling van die Oorlogsmuseum, VAB Aanwins 155.176.

had no flag. A tented wagonette stood by, with the Red Cross painted large upon it.

It was between 8 and 9 o'clock on Thursday morning the 9th of January, 1902, when the soldiers came. I ran in and told the other two nurses they were in sight, and then I ran outside the house and stood with Mr. van Torenbergen watching as the soldiers, thirty or forty in number, came up to the railings. The fence was about 20 yards from the house. Mr. van Torenbergen sent me inside saying I might be wounded. Dr. Poutsma stood about 20 yards off looking after the mules. I went in and as the firing went on I could distinctly hear him say: "For God's sake, don't shoot, this is the hospital and I am the doctor."

Then he too, rushed into the ward. In the ward were two windows, the soldiers came close up and from inside we could see three rifles resting on the window-sill and firing directly at the beds and the wounded men. A bullet passed within eight inches of Wessels's head as he lay there, and all the wounded cried out, "Hospital, Red Cross."

I thought I might be shot when I saw rifles at the windows and I turned to flee through the door at the back, but before I could reach, I was struck in my neck just under the ear. The pain felt like fire, and I just dropped upon the floor for some time insensible. When I came to myself, shooting was still going on, and I felt pains in my arm and was unable to lift it. Dr. Poutsma was in the ward but did not see me, I was lying between two bedsteads. It was an indescribable moment. Then I saw Captain Vaughan rush in from the kitchen side, he pressed a revolver under the doctor's nose and I heard him say: (Here Lily Rautenbach paused to apologise for having to repeat such words) "I am damned sorry I did not shoot you."

He then called two of his men to say they must take the doctor prisoner and they took him out on the verandah. Then Mr. van Torenbergen came in and I found strength to call for help. He ran out and called the doctor who came back with him, and Captain Vaughan who was still in the ward, ordered his men back

to the column to fetch an English doctor. Dr. Poutsma began to dress my wounds and I fainted, then when I came to myself I found two other doctors whose names I do not know. They gave us brandy and bandages. Dr. Poutsma put me to bed and then Captain Vaughan came to me and asked from which window they had fired at me. I was lying just opposite the second window and pointed to it saying: "From this one". Then he said: "Then you must not blame any of my men, because I must have done it, I stood at that window."

Ill and weak as I was I could not help admiring the man for taking the blame upon himself and shielding his men. I gave him my hand and said:

"I have no ill-feeling, not even against you." Just then I thought I was dying and dared not nourish any ill-feeling at death's door. Captain Vaughan said: "My God, I could never say that."

Then I asked him: "Were you not ashamed to fire at me with a Dum-dum?" For the wound was so large Dr. Poutsma had thought it was an explosive.

He replied: "It was not a Dum-dum but I think I heard it strike against something." Looking about a mark was found on the bedstead where the bullet had flattened.

He wanted me to come on with the column so that I might get better treatment but that I refused, not liking to leave the doctor I knew.

He asked me if there was anything else he could do for me, and I begged that the wounded man Wessels might remain and not be carried away as he was so bad, and this was granted. I also asked him if he would leave the cows that the sick might have milk, but they were taken away.

I then asked him to write to my mother and tell her I was wounded but to make light of it for fear of making her anxious.

After Peace I found that he did write to my mother, twice, once at the moment, and a second time in March when the column passed that way and though he was not with it he learned that I was slowly recovering. Then he gave me his address and asked me to write to him when I was better, but I have never been able to write at all till now and his English address I have not got. He gave me sugar and salt, limejuice, candles and bandages.

When Captain Vaughan had left, Colonel Remington came into the ward. I saw he was a superior officer and said, "Will you please tell me who the commanding officer of this column is?"

He said, "Remington" and I said no more.

The column left about midday taking one wounded man with them (for better treatment) but leaving the rest. Meantime the other two nurses had remained in their bedroom during the attack on the ward. Nurse Scheepers told me a man with a revolver came to her window and she cried out: "Please don't shoot," and threw up her hands and he refrained.

I was in bed three weeks in great pain, and had no sleep without morphia. I was very ill and suffered great loss of blood. By March 12 when the column passed again I was able to get out. Remington kept the other side of the river and heliographed over to the men who pased close to ask how the wounded lady was. I remained in hospital till Peace, when my people fetched me home to Ficksburg. I wanted to go to Bloemfontein to the Governor, but the Magistrate at Ficksburg suggested that instead I should see Major Hale, the Military doctor. He operated on my neck successfully and took out a piece of steel over an inch long. He advised my going to Cape Town Hospital as the only place he knew in South Africa where I could have proper treatment. He was very nice and kind to me. Both he and the Magistrate applied to the P.M.O. at Bloemfontein to send me to Capetown, but there was no reply. Then I went to Winburg where I saw Mr. Cole Bowen, now Magistrate there. He was very kind and advised me to go to Bloemfontein myself and he put me in charge of an English clergyman who was going that way. This gentleman sent

to the column to fetch an English doctor. Dr. Poutsma began to dress my wounds and I fainted, then when I came to myself I found two other doctors whose names I do not know. They gave us brandy and bandages. Dr. Poutsma put me to bed and then Captain Vaughan came to me and asked from which window they had fired at me. I was lying just opposite the second window and pointed to it saying: "From this one". Then he said: "Then you must not blame any of my men, because I must have done it, I stood at that window."

Ill and weak as I was I could not help admiring the man for taking the blame upon himself and shielding his men. I gave him my hand and said:

"I have no ill-feeling, not even against you." Just then I thought I was dying and dared not nourish any ill-feeling at death's door. Captain Vaughan said: "My God, I could never say that."

Then I asked him: "Were you not ashamed to fire at me with a Dum-dum?" For the wound was so large Dr. Poutsma had thought it was an explosive.

He replied: "It was not a Dum-dum but I think I heard it strike against something." Looking about a mark was found on the bedstead where the bullet had flattened.

He wanted me to come on with the column so that I might get better treatment but that I refused, not liking to leave the doctor I knew.

He asked me if there was anything else he could do for me, and I begged that the wounded man Wessels might remain and not be carried away as he was so bad, and this was granted. I also asked him if he would leave the cows that the sick might have milk, but they were taken away.

I then asked him to write to my mother and tell her I was wounded but to make light of it for fear of making her anxious.

After Peace I found that he did write to my mother, twice, once at the moment, and a second time in March when the column passed that way and though he was not with it he learned that I was slowly recovering. Then he gave me his address and asked me to write to him when I was better, but I have never been able to write at all till now and his English address I have not got. He gave me sugar and salt, limejuice, candles and bandages.

When Captain Vaughan had left, Colonel Remington came into the ward. I saw he was a superior officer and said, "Will you please tell me who the commanding officer of this column is?"

He said, "Remington" and I said no more.

The column left about midday taking one wounded man with them (for better treatment) but leaving the rest. Meantime the other two nurses had remained in their bedroom during the attack on the ward. Nurse Scheepers told me a man with a revolver came to her window and she cried out: "Please don't shoot," and threw up her hands and he refrained.

I was in bed three weeks in great pain, and had no sleep without morphia. I was very ill and suffered great loss of blood. By March 12 when the column passed again I was able to get out. Remington kept the other side of the river and heliographed over to the men who pased close to ask how the wounded lady was. I remained in hospital till Peace, when my people fetched me home to Ficksburg. I wanted to go to Bloemfontein to the Governor, but the Magistrate at Ficksburg suggested that instead I should see Major Hale, the Military doctor. He operated on my neck successfully and took out a piece of steel over an inch long. He advised my going to Cape Town Hospital as the only place he knew in South Africa where I could have proper treatment. He was very nice and kind to me. Both he and the Magistrate applied to the P.M.O. at Bloemfontein to send me to Capetown, but there was no reply. Then I went to Winburg where I saw Mr. Cole Bowen, now Magistrate there. He was very kind and advised me to go to Bloemfontein myself and he put me in charge of an English clergyman who was going that way. This gentleman sent

Dr. Yule to see me, and he sent me to the National Hospital where Dr. Tomory treated me, Dr. Yule helping him in the two operations I had whilst there. I was there from September 8th, 1902, till March 18th, 1903. They gave me electric treatment and my arm improved a great deal.

Mr. Boshoff, who became my husband, wrote three times during the war to Captain Vaughan, registering the letter to headquarters, but he received no reply. The 15 pounds which you collected and sent me from England I spent upon a battery which my husband applies and this does me much good. There is a very slow improvement, but I am never likely to be able to sew or have any power in my right hand. Nothing, of course can compensate me for the shock and the pain I have undergone, nor above all for losing the use of my right hand.

In Bloemfontein there was a National Scout by name O'Reilly who was wounded in the *left* hand in open fight and not very severely. He was receiving a pension of one and sixpence a day. My trouble is a permanent injury to my *right* hand which entails a heavy expense in having to hire for much of my work and for all my sewing. I was used to do all my work and make all my dresses myself. Only a large sum, either a fixed pension or a lump sum which I could invest and receive an income from, would in any way make up for the serious loss I have sustained."

(Signed) LILY S.BOSHOFF
(Rautenbach)

July 7, 1903.

[This is Mrs. Boshoff's own moderate statement. It is endorsed by Miss Raubenheimer's which follows. In addition to these I have a packet of other documents, letters, articles and affidavits bearing upon the subject as well as the petition which was prepared for handing to Mr. Joseph Chamberlain when he passed through the country. They all failed to gain for her any relief from the authorities and the small sums our "Distress Fund" was able to send her were of little account. - E. Hobhouse.]

## 2. Miss Raubenheimer's statement

I, the undersigned, Johanna Francina Raubenheimer, at present residing at Oudtshoorn, Cape Colony, do herewith declare, that I am prepared at any time to take oath to the truth of the following statement:

On Thursday morning about 8 o'clock on the 9th of January, 1902, I was a nurse in a Boer Hospital at Bezuidenhout's Drift, Wilger River, in the district of Harrismith, when a number of troops rode up to the Hospital. They fired with rifles as they advanced, that is to say, there was firing in the direction of and on the hospital. Dr. Poutsma, the head of our Hospital, rushed into the hospital, as he found that he was being fired upon, and I stood in the only ward which at that time contained wounded Boers. All the wounded Boers were lying in their beds, the convalescent Boers having left the Hospital early in the morning, after a report had reached us very early that the English were approaching.

The troops came up to the Hospital, and with my own eyes I saw several of them kneeling at one of the windows of the ward, and shooting into it with their rifles. I saw several bullet holes in the wall about half a foot from the head of one of the patients, named Jan Wessels, a burgher of Heilbron, and at least eight other holes in the walls and windows. One of the doors was also pierced by two bullets, and several window panes were broken, some having bullet marks in them.

In the confusion and noise I heard the Doctor's Assistant, Mr. Aart van Torenbergen, a young Hollander, cry out: "Doctor, Miss Rautenbach is gewond." (Anglico: Doctor, Miss Rautenbach is wounded.") I looked round and saw Miss Rautenbach, a nurse of the Hospital, being lifted up from the ground and carried to a bedstead.

I went nearer and saw the blood spouting from a wound in her neck, a big vein being severed by the wound, she had

received. On examination it appeared that she had seven wounds, made by four bullets (the Doctor said) passing in and out of her body. I saw all the wounds personally and know them to be bullet wounds.

About half an hour afterwards, one of the soldiers, who called himself a Captain of Remington's Scouts, and gave his card to Miss Rautenbach, telling her that he would write to her mother (whose address he asked) about her daughter's being wounded, etc., came up to the bed, on which Miss Rautenbach was lying, while I was present, and told her that he was very sorry about what had happened, and that he had wounded her with his revolver. Miss Rautenbach told him, and me too, more than once, that she did not have any ill-feelings against the Captain, because she did not believe that he had purposely aimed at her, but that she was hit by his revolver bullets, fired almost simultaneously, while she was running to escape from the ward into an adjoining room.

About one o'clock or so, General Remington came to the Hospital in person. I saw him, and heard him tell the Doctor that he was General Remington.

Miss Lily Rautenbach was the head nurse of the Hospital at that time and is at present living at Viljoensdrift, having married a Mr. Louis Boshoff after the war.

(Signed) Joh. Raubenheimer

Oudtshoorn, Augustus 3rd, 1903